




Tydskrif vir Hervormde Teologie

Kerkwees 200

THT Jaargang 11

Desember 2024



KERKWEES 200

EINDREDAKTEUR: WA DREYER

2024



TYDSKRIF VIR HERVORMDE TEOLOGIE

JAARGANG 11 (2024)

TITEL: KERKWEES 200
REDAKTEUR: A DREYER
UITGEWER: HERVORMDE TEOLOGIESE KOLLEGE
AFDELING: HISTORIESE TEOLOGIE
ADRES: POSBUS 2368, PRETORIA 0001
DATUM: NOVEMBER 2024
E-BOEK: <https://nhka.org/tydskrif-vir-hervormde-teologie-tht/>

INHOUDSOPGAWE

1.	VOORWOORD	8
2.	AANTEKENINGE BY DIE EERSTE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN 1824.....	10
2.1.	INLEIDING	10
2.2.	DIE VERSOEK OM 'N SINODALE VERGADERING TE HOU.....	11
2.3.	REDES VIR DIE HOU VAN 'N ALGEMENE KERKVERGADERING.....	12
2.4.	DIE SAMESTELLING VAN DIE VERGADERING	17
2.5.	DIE AGENDA VIR DIE VERGADERING	17
2.6.	'N PRODUK VAN VERSKILLENDEN TRADISIEN EN ERFENISSE.....	18
2.7.	DIE FUNKSIE VAN DIE SINODE.....	21
2.8.	ROL VAN DIE KOMMISSARIS-POLITIEK.....	23
2.9.	VERBAND MET DIE NEDERLANDSE EN SKOTSE KERKE.....	23
2.10.	FONDSE VIR SINODALE WERKSAAMHEDE.....	25
2.11.	PREDIKANTE-WEDUWEE EN WESE FONDS.....	26

2.12.	RINGSVERGADERINGS EN KERKLIKE DISSIPLINE.....	27
2.13.	DIE TOELATING VAN LERAARS TOT DIE BEDIENING	28
2.14.	ENGELS AS KERKTAAL.....	29
2.15.	SENDING.....	30
2.16.	ONDERWYS.....	31
2.17.	TEOLOGIESE OPLEIDING	31
2.18.	DIE OPENBARE VIERING VAN DIE SONDAG.....	31
2.19.	DIE 'HERDERLIKE BRIEF' EN 'BEKENDMAKING' IN DIE PERS	32
2.20.	SLOT	33
3.	WAAROM 'NEDERDUITSCH'?.....	35
3.1.	INLEIDEND	35
3.2.	TAAL AS REFORMATORIESE BEGINSEL.....	36
3.3.	NEDERDUITS IN REFORMATORIESE KERKORDES.....	39
3.4.	NEDERDUITS AAN DIE KAAP.....	41
3.5.	NEDERDUITS IN DIE 'ALGEMEEN REGLEMENT' VAN 1824.....	46

3.6.	SLOT	47
3.7.	BRONNELYS.....	48
4.	SELFSTANDIGE TEOLOGIESE OPLEIDING IN SUID-AFRIKA	50
4.1.	INLEIDING	50
4.2.	KWEEKSKOOL STELLENBOSCH.....	51
4.3.	ORGANISERING EN STRUKTUUR VAN 'N LEERPLAN	54
4.4.	HISTORIESE AGTERGRONDE VAN DIE TEOLOGIESE ENSIKLOPEDIE.....	56
4.5.	SLOTSOM	60
4.6.	BRONNELYS.....	61
5.	DIE BELANG VAN DIE SINODE VAN EMDEN.....	62
5.1.	INLEIDEND	62
5.2.	HISTORIESE KONTEKS VAN DIE SINODE VAN EMDEN.....	62
5.3.	BETEKENIS VAN DIE SINODE VAN EMDEN	63
5.4.	1571 EN 1824.....	65
5.5.	GEVOLGTREKKING.....	67

5.6.	BRONNELYS.....	67
6.	DIE LOEDOLFF-SAAK VAN 1862: RIGTINGWYSERS VIR DIE HERORGANISASIE VAN DIE NG KERKVERBAND.....	69
6.1.	INLEIDEND	69
6.2.	KERKVERBAND IN DIE NG KERK.....	71
6.3.	DIE ORGANISASIE VAN 'N PLAASLIKE KERKVERBAND IN 1824	73
6.4.	DIE KERKVERBAND GEDWING OM TE HERORGANISEER	76
6.4.1.	DIE AANLOOP TOT DIE LOEDOLFF-SAAK	76
6.4.2.	HH LOEDOLFF VS. DIE NED. GEREK. KERK	79
6.4.3.	GEVOLGE VAN DIE LOEDOLFF-SAAK.....	80
6.5.	DIE LOEDOLFF-SAAK: 'N RIGTINGWYSER 200 JAAR LATER	83
6.6.	SLOT	86
6.7.	BRONNELYS.....	87
7.	WAT IS HISTORIESE TEOLOGIE?.....	90
7.1.	INLEIDEND	90

7.2.	HISTORIESE OORSIG.....	90
7.3.	UITEENLOPENDE DEFINISIES	93
7.4.	INHOUD VAN HISTORIESE TEOLOGIE	99
7.5.	BRONNELYS.....	100

1. VOORWOORD

Die eerste Algemene Kerkvergadering (of Sinode) het van 2 tot 18 November 1824 in Kaapstad sitting geneem. Op 3 November 2024 het die Hervormde Kerk en die NG Kerk twee eeue van selfstandige kerkwees in Afrika, onafhanklik van 'n moederkerk in Nederland, herdenk. Die gesamentlike herdenking was 'n kragtige getuienis van die geloofsband wat tussen dié twee kerke bestaan.

In 1824 het ds. Meent Borchers van Gemeente Stellenbosch die eerste Algemene Kerkvergadering in Kaapstad geopen, met Handeling 26:22-23 as teksvers vir die prediking:

Omdat God my tot vandag toe bewaar het, staan ek hier as sy getuie voor klein en groot. Ek verkondig maar net waarvan die profete en Moses gepraat het: Die Christus moes ly en die eerste wees wat uit die dood opstaan. Daardeur sou Hy aan die Jode en aan die heidennasies die lig bring... (Handeling 26:22-23)

In die teksgedeelte verwys die apostel Paulus na God se sorg in die verlede; sy roeping in die hede om die evangelie van Jesus Christus verkondig, en die hoop en lig wat dit vir die nasies bring.

Verlede, hede en toekoms...

Met die 200-jarige herdenking van die eerste sinodale vergadering wat in Suider-Afrika plaasgevind het, het dit nie net oor die verlede gegaan nie, maar ook die kerk se roeping in die hede en die hoop waarmee ons die toekoms tegemoet gaan.

Verskeie publikasies het tydens die 200-jarige herdenking van die eerste Algemene Kerkvergadering verskyn. Die een publikasie is deur Andrew Kok, argivaris van die NG Kerk, saamgestel. Dit bevat 'n ryk versameling van illustrasies, foto's en beskrywings van interessante persone, gebeure en besluite van die Kaapse Sinode vanaf 1824 tot 2024.

'n Tweede publikasie, geskryf deur Wim Dreyer, vertel die verhaal van die Hervormde Kerk vanaf 1824 tot 2024. Die boek volg die kronkelgang van

die kerk deur die loop van twee eeue, aan die hand van bepaalde temas en belangrike besluite wat die Algemene Kerkvergadering geneem het. Die boek sluit foto's in, asook 'n kort biografiese skets van elke voorsitter van die Algemene Kerkvergadering vanaf 1824 tot 2024.

Op Hervormingsondag 2024 is eredienste landswyd rondom die selfstandigwording van die kerk in Suid-Afrika ingerig, en om aandag te gee aan die vestiging, groei, dienswerk en roeping van reformatoriese kerke in Suid-Afrika. Op Sondag 3 November 2024 is het twee amptelike eredienste plaasgevind, een in die Grote Kerk in Kaapstad en die ander in die Hervormde Kerk Pretoria-Oos. Die erediens in Kaapstad is gelei deur ds. Jan Lubbe, moderator van die NG Kerk. Die erediens in Pretoria is gelei deur prof. Wim Dreyer, voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk.

Twee akademiese konferensies is ook gehou, een in Stellenbosch en een in Pretoria. Voordragte van die konferensie in Stellenbosch is deur *Stellenbosch Theological Journal* (STJ Volume 10/4 2024) gepubliseer. Die konferensie in Pretoria het op 5 en 6 November by die Hervormde Kerk Pretoria-Oos plaasgevind, en hierdie uitgawe van die Tydskrif vir Hervormde Teologie (THT) bevat enkele van die voordragte wat tydens die konferensie in Pretoria aangebied is.

Dit is met dankbaarheid dat die redaksie van die THT hierdie bydraes oor die 200-jarige herdenking van die eerste Algemene Kerkvergadering aan 'n wyer leserspubliek beskikbaar stel, in die hoop dat dit verdere navorsing en nadenke oor die kerk se geskiedenis en rol van die kerk in Suid-Afrika sal bevorder.

2. AANTEKENINGE BY DIE EERSTE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN 1824

Dawid Kuyler¹

2.1. Inleiding

As jy oor 'n sinode skrywe, dan roep dit nie by almal positiewe ervarings op nie. Sinodes en sinodale dienswerk loop saam. Die NG Kerk se eerste sinode het in 1824 plaasgevind en die grondslag gelê vir die ontwikkeling van sinodale dienswerk. Die probleemstelling ten opsigte van sinodale dienswerk kan by wyse van 'n kort humoristiese verhaal gestel word.

In die dae toe daar nog 'transportryers' was, is een aand uitgespan en die osse in 'n takkraal gejaag. Gedurende die nag het 'n leeu in die kraal ingekom, 'n os opgevreet en net daar bly lê. Voor sonop die volgende oggend is weer ingespan en verder getrek. Toe dit lig word, het die eienaar van die wa sy helper gevra of dit 'n leeu was wat links voor saam met die osse in die span getrek het. Dit is bevestig, waarop die eienaar wou weet hoe dit kon gebeur het dat 'n leeu ingespan is. Sy helper se antwoord was dat daar nie nou gewonder moes word hoe dit gebeur het nie, maar eerder gedink moes word hoe die leeu uitgespan kon word...

Dit is inderdaad die problematiek van die sinodale dienswerk. Dit wat 'n hulp moes wees vir die gemeentes, het mettertyd 'n leeu geword wat deur die gemeentes in stand gehou moet word, terwyl die gemeentes se eie dienswerk nie tot sy reg kom nie.

Om iets te skrywe oor die eerste Algemene Kerkvergadering van die *Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika* in 1824, is ook nie so eenvoudig nie. Twee honderd jaar het verloop sedert afgevaardigdes in Kaapstad byeengekom het om die eerste sinode te laat plaasvind. Ons kan baie krities wees oor wat hulle besluit het of dalk nie besluit het nie. Diegene

¹ Dr. Dawid Kuyler is predikant (emeritus) van die Verenigende Gereformeerde Kerk.

van ons wat al self sinodes as afgevaardigdes bygewoon het of dalk in die leierskap gedien het, sal weet dat alles nie altyd verloop soos jy gedink of gebid het nie. As mense van ons tyd en beïnvloed deur ons konteks, dra ons besluite die vingerafdrukke van ons teologie en konteks. Dit is ook waar van 1824 se vergadering.

Die eerste Algemene Kerkvergadering vind plaas 172 jaar nadat die kerk aan die Kaap gevestig is. De Mist het reeds in 1804 in sy kerkorde die moontlikheid geskep vir die hou van 'n sinode. Daar kan tereg gevra word: Waarom is so lank gewag? Watter motivering sou aangebied word vir die hou van 'n sinode in 1824? As aan die vergadering self gedink word, kom die volgende vrae na vore: Watter rol speel die Kaapse konteks? Watter rol het die Nederlandse erfenis en Skotse tradisie gespeel in die belangrike vergadering? Hoe het die vergadering ontwikkel en watter besluite is van belang vir die kontekstuele ontwikkeling van die sinodale dienswerk? 'n Sentrale vraag is hoedat die sinode *"de zorg voor de algemeene belangen der Hervormde Kerk in deze volksplanting en met opzigt tot deze, in het byzonder met de zorg voor alles wat de openbaren godsdienst en kerklyke instellingen betreft"* hanteer het.

2.2. Die versoek om 'n sinodale vergadering te hou

Op 19 Junie 1824 rig die drie predikante van Kaapstad 'n versoek tot die regering om uitvoering van De Mist se kerkorde in sake 'n 'Algemene Kerkvergadering'². Hulle motiveer ook hul versoek aan die goewerneur en volg dit op met 'n verklaring in die pers. 'n Sinodale vergadering was van openbare belang in die kerklik-plurale samelewing van die Kaapkolonie.

Die Skotse invloed is duidelik as Sass daarop wys dat Skotse predikante hierdie saak te Graaff-Reinet onder mekaar bespreek het en besluit het om te vra vir die hou van 'n Algemene Kerkvergadering. In Junie 1824 het ds.

² A. Dreyer: *Boustowwe vir die Geskiedenis Deel III*, 175 e.v.. In Nederland het die predikante ook as 'Ministerie' vergader.

Taylor Graaff-Reinet besoek en hy skryf dan³:

On the 5th of June, I visited Graaff Reinet to see Mr. Murray, minister of the district, and Mr. A. Smith, minister of Uitenhage. We had some pleasant and profitable conversations relative to our Churches...We, ministers, agreed to see each other once a year for our mutual edification, encouragement, zeal, and usefulness. We spent much time in conversation on the necessity of a general synod for South Africa.

Die Kaapse konteks waarin 'n verengelsingsbeleid gevolg is kom na vore as die Goewerneur herinner word aan sy goedgesindheid teenoor die welsyn van die kerk soos blyk uit sy aanstelling van Skotse leraars vir die kerk. Hulle vra om *"eene Synode bijeen te roepen van alle de Leeraars der Hollandsche Gereformeerde Kerk..."* Die Skotse tradisie waar 'n sinode uit alle diensdoende leraars saamgestel is, is in die versoek ook sigbaar. Die versoek word deur die Goewerneur goedgekeur. In die toestemmingsbrief word, soos in die versoekskrif, ook melding gemaak van *"a Synod of all the Ministers of the Dutch Reformed Church"*. Op 5 Julie nadat die predikante van die Kaap goedkeuring verkry het, besluit die kerkraad om 'n skrywe te rig aan al die ander gemeentes en hulle op te roep vir die hou van 'n sinode. Op Dinsdag 2 November 1824 begin die eerste Algemene Kerkvergadering.

2.3. Redes vir die hou van 'n Algemene Kerkvergadering

Die eerste sinodale vergadering was van die begin af nie 'n uitgemaakte saak nie. Diegene wat dit wou hê, moes hul saak stel en hulle het ook. Dit het geskied teenoor die owerheid in die aansoek om sodanige vergadering te hou, in die pers en by die sinode self⁴. Die Kaapse konteks kan in die verantwoording herken word. In sy openingstoespraak bring die voorsitter die probleem na vore wanneer hy sê:⁵

³ F.W. Sass: *The influence of the Church of Scotland on the Dutch Reformed Church of South Africa*, PhD. Edinburgh. 1956, 199. Hy haal aan uit die *Edinburgh Christian Instructor*, 1824 vol 23, 842-843.

⁴ Sien bv. *Kaapstads Courant en Afrikaansche Berigter*, 6 Nov. 1824

⁵ *Acta Synodi*, 1824, K.K.A. S1/1 254 - 255.

De bespiegelende navorsching voor het publiek geopperd naar de oorzaak, waarom het zoude zyn toe te schrijven, dat niet al vroeger zoodanig iets ware tot stand gebragt, is eene vraag, waarop het antwoord veelvuldig zoude kunnen zyn, doch waarop kieschheid en voorzigtigheid veel meer gebieden te zwygen, dan daar over uitspraak te doen.

'n Eietydse vertolking, waarin verskillende oorwegings aangedui word, word in die bronne gevind. Die brief wat die drie Kaapstadse leraars aan Lord Charles Somerset rig, bring verskeie redes na vore wat goed ondersteun word deur die toesprake by die sinode en die argumente in die pers.⁶ Die gereformeerde en by implikasie Nederlandse verbintenis en Skotse tradisie word as eerste motivering gebruik.⁷ Die goewerneur se aandag word gevra vir

*den byzonderen aart van het Presbyteriaansche Kerkgenootschap, dat door Kerkenraden en Synoden geregeerd wordt, waardoor niet alleen verdeeldheden worden voorkomen maar ook het godsdienstig onderwys van leden van hun Kerkgenootschap, hunne kinderen, hunne bedienden en slaven krachtiger gehandhaafd en eendragt onder de onderscheiden Leraars van hun Genootschap bewaard wordt, hetgeen noodzakelyk moet strekken om elkander tot eene vlytiger uitoefening van hunne plichten... aan te moedigen.*⁸

Die saak wat met verloop vasgestel moet word, is hoe die aard van die gereformeerde kerkregering verstaan en vertolk is. Dit sou onwys wees om net te volstaan met die gedagte dat dit gereformeerde was. Die brieffskrywers beskryf die kerk as 'presbiteriaans' en as 'kerkgenootskap', en dit dui in sigself op 'n bepaalde kerkbegrip.

⁶ Dit is te verstane want die opstellers van die brief, die skrywer in *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tydschrift* en die voorsitter van die sinode was medeleraars in die Kaapse gemeente. Het al die ander leraars hierdie motiewe gedeel?

⁷ T.N. Hanekom in sy artikel: *Die sinode in kerkregtelike perspektief, 1824 - 1974*, STS, Nr. 1. 1974, toon genoegsaam aan dat dit die geval is.

⁸ Dreyer: a.w., 175.

Die Kaapse konteks, waar gemeentes feitlik independentisties gefunksioneer het, word hoorbaar in die tweede deel van die motivering. Die eenheid van die kerk en die voorkoming van verdeeldheid staan sterk voorop. Die eendrag onder leraars word pertinent uitgesonder. In die openingstoespraak van die Kommissaris-Politiek word die sinode se funksie verbind met die *"eenigheid en eenstemmigheid in de leer en bestuur der Kerk"*.⁹ Aan die einde van die vergadering bevestig die voorsitter in sy sluitingsrede hierdie eenheid wat die sinode meebring soos volg:¹⁰

Zoo zien wy nu in deze Algemeene Kerken-vergadering een liefelyk snoer daargesteld, dat allen omstrengeld, dat allen zamenbindt en vereenigt,- en waardoor algemeen en byzonder belang in een smelt, en het laaste door het eerste, gelyk het eerste door het laatste wordt bevorderd, gaande hier van het geheel tot de deelen, en van de deelen tot de geheel over, of om de woorden van den Heiligen Paulus te bezigen, zoo als die Apostel, Eph.IV:16, spreekt van het geval: "dat het geheele Christelyk Ligchaam bekwamelyk zamengevoegd, en te zamen vast gemaakt zynde, door aale voegselen der toebrengeing, naar de werking van een iegelyk deel in zyne mate, den wasdom des ligchaams bekomt, tot zyns zelfs opbouwing in de liefde", en welk liefde dan ook moge zyn en bestendig blyven, onder ons, de bad der volmaaktheid, gelyk die door dezelfde Apostel verklaard word, Col III:14, en aldaar door hem wordt aanbevolen, om boven alles te worden aangedaan.

In die Kaapse konteks het die afwesigheid van 'n kerkverband ook vir die kerklike lewe implikasies gehad. Daar was geen kerkorde aan die hand waarvan die leraars kon optree nie. Die Kommissaris-Politiek wys dit aan as een van die gebreke in die periode sonder 'n sinode toe leraars *"...verplicht waren geweest hunne Gemeenten naar hunne eigene beste kennis en wetenschap te bestieren"*.¹¹ Die idee dat die sinode sou bydra tot die

⁹ Dreyer: a.w., 207

¹⁰ Dies, 252. Die eenheid van die kerk was belangrik aangesien daar talle leraars wat van Skotse oorsprong was en as deel van die verengelsingsbeleid ingevoer is. In die Herderlike Brief word pertinent hierna verwys en lidmate versoek om tog nie van die eredienste weg te bly nie.

¹¹ Dies, 247

eenheid en eenvormigheid in die bediening in die kerk het aanklank by die owerheid gevind. Dit was immers in lyn met wat De Mist met sy kerkorde beoog het.

Die volgende motief wat na vore gebring is, was die godsdiensonderwys of sending in die Kaapse konteks. Laasgenoemde is in 'n breë sin verstaan. Dit het die onderrig aan lidmate, hul kinders, hul bediendes en hul slawe ingesluit. Die feit dat spesifieke verwysing na die ander inwoners van die land ontbreek, beteken nie dat die sendingopdrag in 'n eng sin verstaan is nie.¹² Hierdie saak is deur die voorsitter in sy openingsrede bevestig.¹³

Die kerklike situasie sedert die Britse oorname het ook 'n besondere rol gespeel. Die situasie het die gereformeerde karakter van die kerk en kerkregering gekniehalter. Aangesien daar nie voor die Britse oorname 'n sinode was nie, het Kaapstad as *Hoofdstaats* opgetree en die korrespondensie met die Klassis van Amsterdam behartig. Die behoefte aan inskakeling by 'n kerkverband, was tog daar.¹⁴

Sedert hare vereeniging met Groot Brittannien werden de Leraars der Koloniale Kerk, enigermate aan zichzelf overgelaten, en in Kerklyke zaken, hetzy die leer of pligt betroffen, kon de Kerkraad zich by geen hooger Kerklyke Gerigt vervoegen.

Uit die openingsredes van die voorsitter van die sinode en die Kommissaris-Politiek asook uit die sluitingsrede van laasgenoemde is dit duidelik dat die kerklike situasie hier ter lande een van die belangrikste motiverings was vir die hou van 'n sinodale vergadering. So stem die voorsitter saam met die artikels wat in *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift* verskyn het i.v.m. die noodsaaklikheid vir die hou van 'n sinode:¹⁵

dat daar by het wegvallen van andere vroeger bestante steunsels, dezelve Kerk nu eeniger mate aan haar zelve is overgelaten, en in

¹² Dies, 175

¹³ Dies, 204 - 207

¹⁴ Dies, 204

¹⁵ Dies, 204. Sien ook die openingstoespraak van die Kom. Pol. waarin dieselfde gedagte na vore gebring word.

Kerklyke zaken, het zy eer of pligt betreffende, Kerkraden geen hooger gerigt heeft, om zich daarby te vervoegen, iets te nadeeliger en gevaarlyker, daar dit Kerklyk Genootschap meer en meer toeneemt, en er ook inmiddels verschyningen hebben plaats gevonden van andere godsdienstige gezinden, in deze Volksplanting te voren niet bekend, dewelke, ofschoon voor als nog niet regstreeks nogtans eventueel zouden kunnen strekken om de by ons vastgestelde orde van zaken omver te werpen.

Die bewuswording van 'n eie Kaapse eiesoortigheid kom ook na vore as die voorsitter t.o.v. sy verkiesing as voorsitter na homself verwys: *"...als inboorling van dit land, myn wieg en bakermat in deze stad gevonden hebbende..."* Die kerk aan die Kaap was lank nie meer net 'n verlengstuk van die kerk in Nederland nie, maar 'n kerk wat inheems geword het. Die feit dat landseuns leraars geword het, het hiertoe bygedra. Reeds sedert die tyd van Adam Tas (1668-1722) was die strewe na 'n eie identiteit aanwesig. Hierdie strewe na identiteit het in die loop van die geskiedenis die verstaan van die kerk en sy arbeid bly inklee.

Die Kaapse kerk was geruime tyd nie meer die enigste erkende kerk in die samelewing nie. Dat dit 'n invloed op die kerklike situasie gehad het blyk uit die volgende motivering vir die hou van 'n sinode. Die verskyning van *"ander godsdienstige Gezindheden tot dus verre in deze Volksplanting niet bekend* [wat moontlik die] *vastgestelde orde van zaken omver werpen"*, is die laaste rede wat aangevoer word vir die hou van 'n sinode. *Het publieke geloof* was lank nie meer die enigste geloof nie.¹⁶

In die verantwoording vir die hou van 'n sinodale vergadering vir die Kaaps-Hollandse kerk het die Nederlandse erfenis met die Kaapse konteks meegesprek. Op watter wyse sou dit die verloop van die vergadering en sy besluite beïnvloed?

¹⁶ Sien in die opsig J.C. De Beer: *Ses Europese kerke wat in die laat agtiende, begin negentiende eeu onder die blanke inwoners van die Kaap ingang gevind het: 'n kerkhistoriese en tiperende oorsig*. Ongepubliseerde MTh. US. 1984.

2.4. Die samestelling van die vergadering

Van die veertien gemeentes aan die Kaap het twaalf gemeentes afgevaardigdes na die vergadering gestuur. Net Cradock en Beaufort het nie afgevaardigdes gestuur nie. Dertien leraars en tien ouderlinge het byeengekom om die historiese vergadering te vorm. Die onderskeie kerklike erfenisse en tradisies is sigbaar onder die herkoms van die leraars. Van die dertien leraars wat by die vergadering teenwoordig was, was drie Nederlanders, vier Skotte, een Duitser en vyf Kapenaars. Die historiese situasie het hom daartoe geleen dat predikante belangrike figure in die samelewing was. Sommige van die leraars was reeds bekende persoonlikhede in die Kaapse samelewing.¹⁷

Die gemeente van Kaapstad (die '*Hoofdplaats*') word deur drie leraars en twee ouderlinge verteenwoordig. Volgens De Mist se kerkorde het al die ander gemeentes die reg om twee afgevaardigdes te stuur, behalwe Kaapstad wat twee leraars en twee ouderlinge kon stuur.¹⁸ Al drie die leraars van Kaapstad was egter by die vergadering teenwoordig en ds. Berrangé word as oudste leraar van die oudste gemeente (volgens De Mist se kerkorde) as voorsitter verkies.¹⁹

Behalwe die gemeentelike afgevaardigdes woon ook twee politieke amptenare bekend as 'Kommissaris-Politiek' die vergadering by. John Truter en PJ Truter is deur die goewerneur vir die taak aangewys. In sy samestelling verteenwoordig die eerste sinodale vergadering die Kaapse konteks met sy verskillende erfenisse, tradisies en invloede.

2.5. Die agenda vir die vergadering

¹⁷ Sien G.B.A. Gerdener 1951, '*Bouers van weleer. Lewensketse van enkele groot figure uit die geskiedenis van die N.G. Kerk in Suid-Afrika*', Kaapstad.

¹⁸ Artikel 46. "....eene Kerk - Vergadering, samegesteld uit: Twee Predikanten en twee Oudelinge der Hoofdplaats, en de Predikanten en een Ouderling uit elke gemeente van de Buiten - Districten."

¹⁹ E.P.J. Kleynhans: a.w. 218, toon aan dat Kaapstad toestemming by die owerheid gekry het om al drie hul leraars af te vaardig.

Die agenda van die eerste sinode het 45 beskrywingspunte bevat: Uit Caledon 33; Stellenbosch 5; Graaff-Reinet 5; Kaapstad 1 en Paarl 1.

Die Skotse en Nederlandse erfenis is ook in die beskrywingspunte sigbaar. Twee gemeentes met Skotse leraars, di. A. Murray (Graaff-Reinet) en G. Thom (Caledon) stuur beskrywingspunte in. Die Skotse agtergrond van Thom is duidelik sigbaar in die beskrywingspunte wat die gemeente van Caledon instuur.²⁰ Hy is ooglopend op sy hoede om nie aanstoot te gee nie, want oral word verwys na die gebruike soos wat dit in die Hollandse en Skotse kerke geld. Een van die beskrywingspunte vra juis vir besondere bande met die kerk van Skotland.²¹

Die Nederlandse erfenis kom na vore in die versoek van die gemeente van Kaapstad aan die owerheid om die ontwerp van 'n reglement van orde vir die vergadering beskikbaar te stel, wat sou behels dat die vergadering in hoofsaak besig sou wees met die opstel van 'n *Algemeen Reglement* van bestuur vir die kerk, met alles wat daarmee saamgaan.²²

Uit Stellenbosch kom beskrywingspunte wat die kontekstuele behoeftes van die kerklike lewe aanspreek en die kerk in die geheel sou raak, te wete die oprigting van 'n teologiese kweekskool, die versorging van predikante-weduwees en die sending.²³

2.6. 'n Produk van verskillende tradisies en erfenisse

In die openingstoespraak van die voorsitter word die aandag daarop gevestig dat die vergadering hom²⁴

...geheel en alleen zal bepalen tot de Kerkelyke zaken der Hervormden onder ons; en dit kunnen wy er byvoegen, - zich zal besig houden met de noodige wyzigingen, veranderingen, verbeteringen en vermeerderingen van de vigerende Kerkorde, overeenkomstig de tegen

²⁰ Dreyer: a.w., 188-192

²¹ Dies, 192. Beskrywingspunt 4 van die *Temporary Propositions and regulations*.

²² Dies, 196 - 197.

²³ Dies, 183 - 184

²⁴ Acta Synodi 1824 K.K.A. S1/1 255

woordige behoeften van tyd en plaats onder ons, en zulks met inachthouding van de fundamenteele grondstellingen van de Nederlandsche Kerk, waarvan wy afstammen, doch dan ook met zorgvuldige onthouding van alles wat buiten de grenzen van onze Kerk is liggende, de Staat of het Burgerlyk Wezenen Burgerlyk Onderwys betreffende, - ja ook de godsdienstige gevoelens van anderen, die buiten ons zyn, rakende.

Die opstel van 'n *Algemeen Reglement* was dus die eerste prioriteit van die vergadering. Kontekstueel is die sinode deur die owerheid in sy opstelling van 'n eie orde deur De Mist se kerkorde beperk en steeds aan die staat gebind. Die Nederlandse verbintenis kom na vore in die invloed van die *Algemeen Reglement* van 1816. Die Skotse leraars sou vanuit hul tradisie die inhoud help skep. Die ontwerp van die *Algemene Reglement* word verwys na twee Nederlandse leraars, di. Spijker en Herold, en 'n Skot, ds. Murray, om die vergadering met 'n dokument te bedien.²⁵ Die kerklike situasie aan die Kaap het die sinode geen ander keuse gelaat as om De Mist se kerkorde te handhaaf nie. Die sinode besluit dat De Mist se kerkorde²⁶

beschouwd zal moeten worden als de grondwet der Hervormde Kerk in deze Volksplanting, van dewelke deze latere algemeene bepalingen van Kerkbestier slechts modificatien en byvoegsels zyn, uit de veranderde gesteldheid der tyden en omstandigheden geboren.

De Mist se kerkorde word dus amptelik deur die sinode aanvaar as grondwet/kerkorde. Die opstel van die *Algemene Reglement* toon m.i. dat die Kaapse kerk haar eie behoeftes in gedagte gehad het wat hulle wou aanspreek. De Mist se kerkorde het beslis nie bevredig nie. Die Nederlandse erfenis word duidelik indien die *Algemeen Reglement* (1824) van die Kaapse kerk met die *Algemeen Reglement* (1816) van Nederlandse kerk vergelyk word.²⁷ Ooreenkomste en verskille kan aangetoon word. Uit die

²⁵ Acta Synodi 1824: 7

²⁶ Dies, 208

²⁷ J.C.A. van Loon: *Het Algemeen Reglement van 1816*. Wageningen, 1942.

verslag van die Kommissaris-Politiek aan die Goewerneur word die Nederlandse verbintenis bevestig:

*In this regard the Synod chiefly followed the rules laid down for the Reformed Church in Holland after the conclusion of the peace in 1815, with such modifications and alternations as the local circumstances of the colony rendered necessary, and with special observance of the Spirit, and preservation of the authority of the present Colonial Government. Each of these points was separately discussed, and nothing resolved upon, without having previously asked the opinions of the Political Commissioners, and which, when given, were duly attended to.*²⁸

In 'n brief gerig aan die *Hoofdplaats* gedateer 27 September 1824, versoek ds. Herold van die Paarl dat “*op het loffelyk spoor van het Nationale Synode van Nederland Herv. Kerk, gehouden in de jare 1816 reeds een ontwerp gevormdt hebben van een nieuw Reglement*” die nodige bepalinge vir die Kaapse kerk op te stel, in soverre die plaaslike omstandighede dit toelaat.²⁹

Daar is eenstemmigheid dat die Nederlandse reglement die *Algemeen Reglement* van 1824 beïnvloed het.³⁰ Die kerkregtelike uitgangspunt in die *Algemeen Reglement* van 1816 is problematies. In teenstelling met die gereformeerde uitgangspunt dat Jesus Christus sy kerk deur die Woord en Gees regeer, gaan dit eerder om bestuur. Jansen spreek hom as volg uit oor die *Algemeen Reglement* van 1816:³¹

Maar ook de inhoud van dit reglement is met het Gereformeerde Kerkrecht in strijd, omdat de kerken onder de bestuursmacht van de

²⁸ Dreyer: a.w., 264

²⁹ K.K.A. S1/1 14 - 15

³⁰ Vergelyk: Royaards: a.w., 275-286; Moorrees: a.w., 553; J.H. Eybers: *Die kerkinrigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, getoets aan die beginsels van die gereformeerde kerkreg*. Pretoria. 1934, 27; 134; Keet: a.w., 16; Kleynhans: a.w., 119-130.

³¹ Jh. Jansen: *De kerkenordening van de Gereformeerde Kerken in Nederland verklaard en toegelicht*. Nijverdal. 1917, 21

classen, de provinciale kerkbesturen en ten slotte van eene synode werden gesteld, welke feitelijk regeeringscommissiën waren.

Aansluiting is by die Nederlandse genootskaplike kerkbegrip gevind. So is die vergaderings van die kerk, te wete die kerkraad, ring en sinode gesien as instrumente waardeur die kerk 'bestuur' word. Dit is teen die agtergrond dat Artikels 9 tot 19 verstaan moet word. In Artikel 9 word dit duidelik gestel dat: *"De hoogste directie der Hervormde Kerk in deze volksplanting omtrent Kerklyke zaken berust by de Algemeene Kerk Vergadering."* Die klem op bestuur kom ook na vore in die wyse waarop die voorsitter sy posisie sien as 'n eer om *"...met dien hoogen post by dezen eerst alhier te houdene Kerkvergadering van dezen aard vereerd te worden..."*³²

Aansluiting by die Nederlandse 1816 *Algemeen Reglement* is gevind in terme van inhoud, soos blyk uit die gebruik van terminologie soos 'kerkbestuur', 'hoogere vergadering' en 'mindere vergadering'.³³

2.7. Die funksie van die sinode

Voortvloeiend uit die bestuursperspektief omskrywe Artikel 10 die oorhoofse taak van die sinode soos volg:³⁴

...belast met de zorg voor de algemeene belangen der Hervormde Kerk in deze Volksplanting, en met opzigt tot deze, in het byzonder, met de zorg voor alles wat de openbaren Godsdienst en de kerklyke Instellingen betreft.

Ook in die Skotse tradisie was die *General Assembly* verantwoordelik vir die algemene welstand van die Kerk.

Werksaamhede van die sinode wat na vore kom as van algemene belang, sluit in sending, onderwys, die stigting van 'n teologiese seminarium en die versorging van predikante en hul weduwees. Eersgenoemde twee sake is

³² K.K.A. S1/1 256

³³ Vgl. Art 4, 60, 61, 64.

³⁴ K.K.A. S1/1 216

in die stadium nog gesien as werksaamhede wat onder die toesig van die plaaslike gemeente ressorteer, terwyl die laaste twee duidelik sake is waarby al die gemeentes gesamentlik betrokke sou wees.

Die sinode is ook volgens Artikel 17 verantwoordelik om verordeninge te maak wat die saak van die godsdienst en die belange van die gemeentes moet dien, maar dan moet dit wees op die *"meest voordeelige wyze"*.

Die vind van fondse vir sinodale werksaamhede op *"de meest eenvoudige en zekerst werkende middelen zullen worden by de hand genomen, op eene voor de Gemeenten en andere belang hebbenden minst drukkende en zoo veel mogelyk gelykwerkende wyze."*³⁵ In die geskiedenis sou dit nogal veel vindingrykheid verg om te hou by die inhoud van Artikel 18.

In 1824 sou die sinode se taak wees om die algemene sake te koördineer en te sorg dat dit in die onderskeie gemeentes eenvormig gereël word.

Vanuit die algemene kerk is daar gedink oor kerkregering en die werksaamhede van die kerk. Die eerste teologiese uitklaring van die sinode bevestig hierdie gevolgtrekking, as die voorsitter aan die hand van twee Bybeltekste die eerste sinodale vergadering uitklare. Die gelykenis van die mosterdsaad (Mt. 13: 31 - 32) en die liggaamsbeeld van Ef. 4 word op die kerkverband van toepassing gemaak.³⁶ Kerkverband en by name die sinode word met die algemene kerk gelyk gestel. Die plaaslike gemeente is daarvolgens 'n onderdeel van die algemene kerk. Hierdie denke het veel implikasies vir die verstaan van die werking van 'n sinode. Die sinode word dan die sigbare vergadering van die algemene kerk en sodoende geïdentifiseer met die algemene kerk. 'n Sinode is dan nie 'n vergadering van kerke nie, maar die kerk self en verteenwoordig dan ook die kerk. Hier word by die Skotse tradisie aansluiting gevind. Met verloop van tyd sou hierdie nuanse die kerk en sy geskiedenis deeglik beïnvloed. Iets hiervan kom reeds in die ander besluite wat die sinode geneem het na vore.

³⁵ Artikel 18. De Mist se kerkorde het in artikel 48 bepaal dat die sinode by die eerste vergadering self moet besluit hoe die fondse gevind sou word vir die koste van die vergadering as sodanig.

³⁶ Dreyer: a.w., 249 - 254

2.8. Rol van die Kommissaris-Politiek

Verteenwoordigers van die owerheid, bekend as Kommissaris-Politiek, was deur 'n politieke reëling geregtig om kerklike vergaderings by te woon. Dit het nie sonder probleme geskied nie. Ds. Thom bring die saak ter sprake by die vergadering met 'n beskrywingspunt waarin hy argumenteer dat volgens gebruik in Skotland en Holland die Kommissaris-Politiek lid moet wees van die kerk wie se vergaderings hulle bywoon. Volgens Thom is daar op die platteland verteenwoordigers van die owerheid "*some who are neither Members of the Reformed Congregation nor even belong to any other Protestant Church.*"³⁷ Deur die vergadering kon die saak gesamentlik aangespreek word en die Goewerneur belooft om daaraan aandag te gee.³⁸

2.9. Verband met die Nederlandse en Skotse kerke

Die Kaapse gemeentes se isolasie het stremmend op die ontwikkeling van die kerk ingewerk. Die Napoleontiese oorlog en die oorname van die Kaap deur die Britse owerheid het die verhouding met die Hervormde Kerk in Nederland verder bemoeilik. Die vraag ontstaan dan, of die Kaapse kerk in verband moet tree met die Skotse kerk:³⁹

Door de Cessie dezer Volkplanting aan Zijne Groot Brittanische Majesteit alle werkdadige betrekking tusschen de Hervormde Kerk in Nederland, en die van deze Volkplanting opgehouden zynde, is in overweging genomen of en in hoever de Hervormde Kerk alhier eene gelijke betrekking met de Hervormde Kerk in Schotland zoude behooren te verkrijgen en is na rijpe deliberatie unaniem geoordeeld, dat eene verbroedering met deze Kerk van wezenlijk belang zoude zijn voor die Koloniale Kerk, doch zijn te gelijk zeer vele zwarigheden ontmoet omtrent de wyze waarop dit zoude kunnen worden bewerkstelligd, daar het Bestuur der Koloniale Kerk gedurende den oorlog, inzonderheid door de Kerkorde onder het Betaafsche Gevernement ingevoerd en

³⁷ Dreyer: a.w., 267

³⁸ Dreyer: a.w., 268 - 272. Die Goewerneur se aanmerkings op die verslag van die Kommissaris Politiek.

³⁹ NG Kerk van ZA, Acta Synodi 1824, 215-216, KKA S 1/1. Vir die Engelse teks sien Dreyer: a.w., 262-263.

thans nog in volle kracht én op zichzelf én met betrekking tot het Koloniale Gouvernement eene geaardheid heeft verkregen, welke zelfs de betrekking met de Nederlandsche Kerk, indien de Kolonie nog tot dat Rijk behoorde, ten uiterste moeilijk zoude maken, waarom het best gedacht is, dit stuk vooralsnog tot geen onderwerp van conclusive deliberatie te maken.

Ds. Thom versoek dat die kerk noue bande met die Skotse kerk moet kry. Hy stel voor dat die *General Assembly of the Established Church of Scotland* gevra word⁴⁰

that seeing the connexion between the Churches in this Colony with the Synod of Holland has ceased, and that as this Church is an established Reformed Church recognised by the British Crown and for the service of which that Church has ordained ministers, they may formally recognise us and remain in communion with us, while we preserve our own peculiar Colonial Regulations.

As gevolg van die kerk se posisie binne die Britse kolonie kan die vergadering nie self daaroor besluit nie en word die saak na die Kommissaris-Politiek vir advies verwys. In terme van De Mist se kerkorde was dit nie moontlik nie.⁴¹ Die Nederlandse erfenis en Kaapse konteks het die deurslag gegee. Die kerk wat Nederland aan die Kaap gevestig het, sou hom in sy eie verband handhaaf.⁴² In hul verslag⁴³ vra die Kommissaris-Politiek vir

the necessary caution because the principal Members of the Reformed Church are not convinced that the doctrine and discipline of the Scots and Reformed Churches agree entirely in every respect; besides which they unequivocally signified, that they would not give their consent, that

⁴⁰ Dreyer: a.w., 192.

⁴¹ Acta Synodi 1824, 18-19.

⁴² Sien C.S. Kotzé: *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Ekumene 1780-1910*. Ongepubliseerde Th.D. proefskrif, Universiteit Stellenbosch, 1978:88 e.v.

⁴³ Dreyer: a.w., 263.

the Colonial Reformed Church should be subject to the supremacy of a Foreign Church. This difficulty was of a serious nature.

Hy waarsku dat erns met die saak gemaak word anders sou dit skeuring in die kerk en wanorde in die gemeenskap veroorsaak. Die goewerneur het die oortuiging van die sinode en die optrede van die Kommissaris-Politiek onderskryf.⁴⁴ Hy het waardering uitgespreek dat laasgenoemde die kerkorde van De Mist in die verband gehandhaaf het⁴⁵

as the Law of the Land, with regard to the Government of the Church in this Colony, and in supporting the Supremacy of the Colonial Government over the Reformed and Its Right, with the sanction and approbation of His Majesty's Government at home of Regulating and Superintending the Government of the Church, and of appointing the Clergymen - a Right which must on no account be lost sight of, or in any way infringed upon.

Uit die stellings en woordgebruik is dit duidelik dat die Engelse owerheid geen illusies by die Kaap-Hollandse Kerk wou laat oor wie in beheer is nie.

2.10. Fondse vir sinodale werksaamhede

Ten einde te sorg vir die algemene belang van die kerk het die sinode ook fondse nodig gehad om die uitgawes vir die hou van 'n sinodale vergadering te delg. Die afgevaardigdes het onkoste aangegaan om by die vergadering te kom, en moes ook sorg vir hul eie verblyf en etes.

Die saak word tydens die eerste sitting na 'n kommissie bestaande uit di. Von Manger, Smith, Mol en oudl. Du Toit verwys. Hulle moes na aanleiding van Artikel 48 van De Mist se kerkorde verslag lewer hoe die onkoste verbonde aan die hou van die vergadering gedelg sou word. Aangesien die sinode nie oor fondse beskik het nie, beveel hulle die volgende dag aan⁴⁶ dat *"deze kosten, of zelve te dragen, of met hunne respective Kerkraden*

⁴⁴ Vir sy omvattende antwoord op hulle verslag sien Dreyer: a.w., 268-272.

⁴⁵ Dreyer: a.w., 271.

⁴⁶ Acta Synodi 1824: K.K.A S1/1

daarover in onderhandeling te treden." Die vergadering besluit om aan die goewerneur 'n versoek te rig dat gemeentes in terme van Artikel 45 van De Mist se kerkorde verplig word om 'n bydrae tot die sinodale fonds te maak.

Die aanvulling van die sinodale fondse is op verskillende maniere bewerk. Die *Reglement van Orde* het in Artikels 22 en 23 bepaal dat as iemand nie volgens afspraak op die bestemde tyd by die vergadering opdaag nie, of as een van die artikels van die reglement opsetlik oortree word, die afgevaardigde met Rds. 5 beboet kon word ten bate van die sinodale fonds. Later besluit die sinode ook dat persone wat versuim om binne ses maande hul attestate by 'n gemeente in te lewer met Rds. 1 ten bate van die sinodale fonds beboet kon word.⁴⁷ Daar kan inderdaad vrae gevra word oor die metode om met 'boetes' fondse in te samel vir kerklike arbeid. Die sinodale kerkvergadering het by al die voordele wat dit vir die gemeentes gebring het, ook 'n finansiële verpligting gebring waarmee rekening gehou moes word.

2.11. Predikante-weduwee en wese fonds

Die voorsiening van leraars van die kerk was nie 'n maklike taak nie. Die versorging van hul afhanklikes na hul afsterwe het aansienlike besorgdheid veroorsaak. Op hierdie stadium is die traktement van die leraars deur die staat voorsien en nie deur die gemeentes nie. Daar was ook 'n verskil in vergoeding van die onderskeie leraars. Leraars se finansiële posisies was oor die algemeen nie goed nie. J.A. Truter stel die saak as volg in sy verslag aan die goewerneur:⁴⁸

...the highest salary of a Clergyman here is scarcely sufficient to defray his necessary expenses, through which he has no opportunity of saving anything to leave his Widow in case of his death; whilst these receive such a trifling pension from Government, that they cannot possibly subsist thereon.

⁴⁷ Acta Synodi 1824: 18

⁴⁸ Dreyer: a.w., 267

Die skepping van *eene Weduwenbeurs* kom op die derde sitting aan die beurt en 'n kommissie word aangewys. Op die vyfde sitting word die reglement vir die versorging van weduwees en wese aanvaar. Hiermee is 'n knellende saak wat elke gemeente nie op sy eie kon behartig nie, saam aangepak. Barmhartigheid en verantwoordelikheid teenoor weduwees en wese van afgestorwe predikante, het gestalte gekry. Die Kommissaris-Politiek het in hul verslag oor die sinode die Weduweefonds sterk aanbeveel.⁴⁹

This plan will likewise afford great encouragement to persons to become Clergymen of the Reformed Church in this Colony.

Die Goewerneur het die stigting van die fonds goedgekeur, maar die versoek om 'n lening van Rds. 10 000 sonder rente het hy afgewys vir latere oorweging.

De Mist se kerkorde het deeglik voorsiening gemaak dat daar rekenskap gegee word van die invordering en besteding van kerklike fondse. Die staat het 'n finale gesag oor kerklike fondse behou. As die sinode besluit op die skepping van fondse ten bate van die kerk in die algemeen, word besluit om die hantering en behartiging van sodanige fondse deeglik te reël. Vir hierdie taak was Abraham Faure die aangewese persoon en hy word aangewys as die eerste *quaestor*.⁵⁰ By die volgende sinodale vergadering sou hierdie verantwoordelikheid deeglik gereguleer word. Die eerste sinodale funksionaris het dus na vore gekom as gevolg van sinodale werksaamhede en verantwoordelikhede.

2.12. Ringsvergaderings en kerklike dissipline

Vanweë die gereformeerde aard van die Kaapse kerk is drie ringe ingestel en hul taak omskryf. Die gedagte dat die ringsvergadering 'n bestuursliggaam is, kom sterk na vore. Die ring word gesien as 'n vaste instelling wat oor gemeentes moet toesig hou en hulle moet bestuur. Uit

⁴⁹ Dreyer: a.w., 268

⁵⁰ Die *Quaestor* was in die Nederlandse kerk 'n belangrike persoon in die bestuur van die kerk.

die reglemente wat ontwerp is, is dit duidelik dat die ringsvergadering (en sinode) as hof moet funksioneer in kerklike sake. Die invloed van die Skotte, maar ook van die genootskaplike kerkbegrip van die Nederlandse kerk, is hier duidelik. In die Skotse kerk is van kerklike vergaderings as 'courts' gepraat.

Die sinode ontwerp ook reglemente vir kerkvisitasie en tug. Die Skriftuurlike opdrag om op mekaar ag te gee, word op die wyse uitgevoer, alhoewel wat inhoud en metode betref, is die Skrif nie noulettend nagevolg nie.

Met die instelling van ringsvergaderings en die reglemente vir kerkvisitasie en tug het die kerk tog groter vryheid in kerklike sake gekry. Eenvormigheid in kerklike optrede is in die vooruitsig gestel. Hiermee saam het ook die probleem van verskillende interpretasies van kerklike reglemente en besluite gekom. In tugsake word volgens Artikel 59 bepaal dat die uitsprake van kerklike vergaderings "*zullen kortelyk moeten inhouden de motiven en artikelen der wetten of reglementen waarop zy gegrond zyn.*"⁵¹ Die burgerlike hof as laaste appèl in kerklike sake was ook 'n werklikheid.

2.13. Die toelating van leraars tot die bediening

Die staat het die reg gehad om leraars, wat uit owerheidsfondse besoldig is, in gemeentes aan te stel en ook te verplaas. Die sinode het seker gemaak dat die keuring en toelating van leraars tot die bediening 'n kerklike saak bly en reël dan dat alle nuwe leraars hul eers by die voorsitter van die Ring van Kaapstad moet aanmeld. Die *Algemeen Reglement* van 1824 Artikel 21 lui:

De voor deze Kolonie uitkomende Predikanten der Hervormde Kerk, zulle zich by hunne aankomst, behooren te legitimeeren by den Praeses van den 1sten ring van de Hoofdkerk, zullende dezelve Praeses daarvan terstond rapport doen aan Zyne Excellentie den Heer Hoofdgebieder, insgelyks zullen dezelve by de aanvaarding in hunnen dienst, voor en aleer zy aan de Gemeente worden voorgesteld, hunne Testimonia en

⁵¹ Dreyer: a.w., 225

Certificaten moeten vertonen aan den Praeses van den ring waaronder de Gemeente ressorteert.

Die voorsitter moet toesien dat die nodige vereistes nagekom is, alvorens iemand tot die bediening toegelaat sou word. Die gedagte dat 'n kerklike persoon en nie 'n kerklike vergadering (soos die ring) die taak moes hanteer, kan in die omstandighede begryp word. Om 'n Ringsvergadering byeen te roep, was nie 'n eenvoudige saak nie. Die Kaapse konteks het sterk meegesprek in hierdie reëling. Die gevaar verbonde aan so 'n reëling sou later dikwels ervaar word as die aangewese persone buite hul opdrag opgetree het.

2.14. Engels as kerктаal

Sedert die begin was Hollands die taal van die kerk. Dit is 'n Skotse leraar, dr. Thom, wat versoek dat die katekisasieboek en herderlike brief ook in Engels opgestel sal word.⁵² J.A. Truter wy 'n redelike deel van sy verslag aan die goewerneur oor die taalkwessie.⁵³ Truter meld in sy verslag dat alhoewel Engels die amptelike taal is, is hy seker daarvan dat dit nie afdwingbaar is in die kerk nie.⁵⁴ Hierop antwoord die Goewerneur dat hy dit onder die aandag van die sinode wil bring dat ter wille van die opkomende geslag hulle in Engels onderrig sal word omdat dit die enigste taal sal wees wat in die toekoms in openbare en wetlike dokumente gebruik sal word en dat kennis van Engels die enigste wyse sal wees om in regeringsdiens te tree. Hy ondersteun die vertaling van die *Heidelbergse Kategismus* in Engels vir gebruik in skole. Godsdiensonderrig "*being for some time to come given in the Dutch language*" word aanvaar mits in alle skole die onderrigmedium Engels sal wees.⁵⁵

⁵² Dreyer: a.w., punte 2 en 3 van sy '*Temporary Propositions and Regulations*', 191 - 192.

⁵³ Dreyer: a.w., 265 - 267

⁵⁴ Dreyer: a.w., 266

⁵⁵ Dreyer: a.w., 270

Binne die Kaapse konteks van Britse beheer is aan die Kaapse kerk die ruimte gelaat om Hollands as kerktaal te gebruik. Die owerheid se hoop was dat dit nie te lank sou voortduur nie.

2.15. Sending

Wat sendingwerk betref, het dit nie goed gegaan nie. Die Londense Sendinggenootskap (LSG) se sendelinge in die kolonie het probleme gehad. Dr. Thom het die leiding geneem om die probleme onder die aandag van die LSG se direkteure te bring en bedank in 1818 uit die diens van die LSG. Op aanbeveling van di. A. Faure, Von Manger en Vos word hy leraar in Caledon.⁵⁶

Die kerkraad van Stellenbosch het die volgende vraag aan die sinode gestel:⁵⁷

Weet de algemeene Vergadering eenige middelen, by de nu reeds bestaande, te voegen, om het Xtendom in 't gemeen spoediger uit te breiden, onder onchristenen in deeze Colonie, als tot hiertoe geschied is...

Die voorsitter van die vergadering stel voor dat⁵⁸

eene Commissie ter behandeling en onderzoek vir het werk der Zendelingen in deze Kolonie, of binne derselver kerklijke limieten, en wel inzonderheid om aan de Synode op te geven welke wetten en usantien en ten dezen aanzien bij ons bestaan, en voor welke modificatien en verbeteringen dezelve mogten vatbaar zijn; Von Manger, Thom, Smith, Oud. J. du Toit en Mohr.

⁵⁶ SABW II 762 - 764

⁵⁷ Dreyer: a.w., 184

⁵⁸ Acta Synodi 1824: 7

Dit is geen verrassing dat dr. Thom ook op die kommissie is nie. Die kommissie kon nie eenstemmigheid kry nie en op hul voorstel staan die saak oor tot die volgende sinode.

2.16. Onderwys

Die swak onderwys en godsdiensonderwys in die buite distrikte is bespreek.⁵⁹ In die *Algemeen Reglement* word Artikels 29 tot 38 gewy aan die saak van godsdiensonderrig. Die oprigting van 'n inrigting waar onderwysers opgelei word, sou vir die kerk en staat tot voordeel wees.

2.17. Teologiese opleiding

'n Kerk het leraars nodig. Om leraars vir die Kaapse Kerk te voorsien was nie maklik nie. A. Faure het reeds na die voltooiing van sy teologiese studies in 1817 die owerheid genader in om 'n kweekskool aan die Kaap te begin. Die kerkraad van Stellenbosch dien 'n beskrywingspunt in waarin hulle vra waar middele gevind kan word om 'n kweekskool op te rig "*voor inboorlingen des Lands*".⁶⁰ Die vergadering stel 'n reglement vir die oprigting van 'n teologiese seminarium op en dit word ook aan die goewerneur voorgelê.⁶¹ Die staat is versoek om die fondse te voorsien. Die goewerneur deel mee in sy verslag dat die staat op die stadium geen fondse kan bydra tot die kerk nie, behalwe dit wat reeds gegee word nie. Die kerk sal dus self die fondse moet vind. Met die opstel van die reglement het die kerk 'n belangrike tree gegee op die pad van voorsiening in eie leraars. Dit was 'n saak waarby al die gemeentes belang gehad het. Vanuit die sinode kon die saak gesamentlik bevorder word.

2.18. Die openbare viering van die Sondag

⁵⁹ Die toestand van onderwys en godsdiensonderwys, veral in die buite distrikte, word beskrywe as "*Wretched is the state of the Interior of this Colony, as well with regard to education in general as to religious instruction in particular.*" Dreyer: a.w., 264

⁶⁰ Dreyer: a.w., 184

⁶¹ Dreyer: a.w., 240-246

Vanuit kerklike oogpunt was die wyse waarop die openbare viering van die Sondag plaasgevind het, 'n steen des aanstoot. 'n Gesamentlike besluit daaroor en die medewerking van die staat is gesoek. So kom uit verskillende gemeentes 'n versoek dat die sinode 'n oplossing sal bied vir die sedelike toestand en die ontheiliging van die Sabbat. Die sinode besluit om die owerheid te versoek om in die hele kolonie die taphuise op Sondag te sluit en alle verdere ontheiliging van die Sabbat te verbied.⁶² Hierop antwoord die goewerneur dat hy sal sorg dat die betrokke persone aangesê word om toe te sien dat die bestaande wette noudeset nagekom word.⁶³

2.19. Die 'Herderlike Brief' en 'Bekendmaking' in die pers

Die eerste vergadering was 'n gebeurtenis van openbare belang vir die kerk, owerheid en die gemeenskap. Aan die owerheid is deur die Kommissaris-Politiek verslag gedoen van die vergadering en sy besluite. Die gemeentes is deur 'n *Herderlike Brief* oor die belangrikste besluite van die vergadering ingelig.⁶⁴ Die voorsitter en sekretaris het 'n *Herderlike Brief*⁶⁵ opgestel "*aan alle hunne Medechristenen, inzonderheid die Leden hunner Gemeenten zyn.*"⁶⁶ Die helfte van die *Herderlike Brief* is 'n verduideliking en regverdiging van die sinode. Die diversiteit van die herkoms van lidmate en leraars word na vore gebring as feite. Die vermaning of oproep is:⁶⁷

Woont vlytig den dienst uwer Leeraren by, en maakt geen onderscheid in dezen, tusschen volk, land en taal. Wy alle, die hier nu uwe voorgangers zyn, behooren tot de Hervormde Kerk, en het zy wy Holland, Duitschland, Schotland of dezen uithoek tot ons Vaderland hebben, wy koesterden denzelfde begrippen, hebben gelyke bedoelingen, en de formulieren van eenigheid, by ons gebruikelijk, zyn gezamenlyk door ons aangenomen.

⁶² Acta Synodi 1824: 18; Dreyer: a.w., 270

⁶³ Dreyer: a.w., 270

⁶⁴ Dreyer: a.w., 254 - 257

⁶⁵ Dies, 191. Die voorstel om 'n Herderlike Brief op te stel, kom as beskrywingspunt van Ds. Thom.

⁶⁶ Dies, 254

⁶⁷ Dies, 256

Met die brief wou die moderatuur die nuutgevonde eenheid van die Kaapse kerk bevorder. Die publiek word ingelig deur 'n berig wat die Moderatuur opgestel het en in die *Kaapstads Courant en Afrikaansche Berigter* van 27 Nov. 1824 verskyn het.⁶⁸

So kom die moderatuur na vore as die persone wat namens die algemene kerk/kerkverband/kerkvergadering praat. In goeder trou is opgetree namens die kerk maar is ook begin om 'n tradisie te skep wat nie sonder probleme is nie.

2.20. Slot

Die eerste vergadering van die sinode van die Kaapse kerk geskied binne die konteks van 'n eertydse Nederlandse nedersetting wat onder Britse beheer is. Met die hou van die eerste sinode is die eerste tree gegee op die sinodale weg waarin die sinode as kerklike instelling gevestig is.

As 'hoogste bestuursliggaam' van die Kaapse kerk neem die sinode verantwoordelikheid vir die algemene belange van die kerk wat die kerklike instellings betref sowel as vir die belange van die openbare godsdiens. Die opstel van die *Algemeen Reglement* in 1824, na voorbeeld van die *Algemeen Reglement* van 1816, dui die Nederlandse verbintenis aan. Die reglementering van die tug herinner sterk aan die Skotse tradisie. Die kerkbegrip waarmee gewerk is in die *Algemeen Reglement* is sterk genootskaplik gekleur. Aan die kerkverband word in terme van die algemene kerk gedink met die sinode as verteenwoordigende vergadering van die kerk. Vanuit die vergadering moet die kerk bestuur word en vanuit die vergadering moet na die algemene belange van die kerk omgesien word. Die grondslag vir sinodale dienswerk is dus hier gelê.

In die sinode verkry die kerk 'n gesamentlike spreekbuis teenoor die owerheid, maar kan ook die kerk sy eie sake bespreek en besluite neem wat al die gemeentes raak. Eenvormigheid in die kerklike lewe word 'n werklikheid.

⁶⁸ Dies, 258

Geen sinodale dienswerk is deur die vergadering aangepak nie, maar die grondslag is gelê vir gesamentlike optrede in die verband. Hiervan is die ontwerp van 'n reglement vir die oprigting van 'n kweekskool seker die belangrikste. Soeke na eenstemmigheid oor 'n saak soos die sending dui daarop dat 'n hoë premie op die nuutgevonde eenheid geplaas is.

3. WAAROM 'NEDERDUITSCH'?

Wim Dreyer⁶⁹

3.1. Inleidend

In Suid-Afrika is daar twee kerke wat die term 'Nederduits' in hul naam behou het, te wete die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (Hervormde Kerk). Die naam van die twee kerke is nie net 'n historiese gegewene nie, maar is ook in huidige kerkordes vasgelê. Die betekenis van die term 'Nederduitsch' of 'Nederduits' is deur die verloop van tyd verduister. Die oorgrote meerderheid lidmate en ampsdraers van die twee kerke is onseker oor die herkoms daarvan, of assosieer dit op een of ander wyse met Nederland as geografiese gebied.

Die stimulus vir hierdie navorsing is die herdenking van die eerste Algemene Kerkvergadering (AKV) wat in 1824, tweehonderd jaar gelede, in Kaapstad sitting geneem het. In die *Algemeen Reglement* wat die eerste AKV goedgekeur het, verskyn die term 'Nederduitsch' twee keer: Allereers is 'Nederduitsch' deel van die titel van die *Algemeen Reglement*, en tweedens word 'Nederduitsch' in Artikel 31 van die *Algemeen Reglement* aan die orde gestel. Artikel 31 gaan om die plig van predikante om toe te sien dat kinders onderrig in Nederduits ontvang, onder andere deur gebruik te maak van die *Heidelbergse Kategismus* wat as die belangrikste handboek moes dien. Die verwysing na 'Nederduits' in Artikel 31 van die *Algemeen Reglement* gee vir ons 'n aanduiding waarna die term verwys, naamlik Nederduits as taal. Daarmee het taal deel van die AKV se agenda geword.

Hierdie bydrae reflekteer (1) oor die belang van taal as reformatoriese beginsel; (2) die herkoms, drakrag en gebruik van die term 'Nederduits', en

⁶⁹ Prof. Wim Dreyer is professor emeritus (Departement Sistematiese en Historiese Teologie, Universiteit van Pretoria) en buitengewone navorser verbonde aan die Eenheid vir Reformatoriese Teologie (Fakulteit Teologie, Noordwes Universiteit).

(3) die gebruik van die term 'Nederduits' in verskillende kerkordes, insluitend die *Algemeen Reglement* van 1824.

3.2. Taal as reformatoriese beginsel

Regdeur die Middeleeue het die Rooms Katolieke Kerk, Europese universiteite, howe en staatsinstellings Latyn as voertaal gebruik. Tot lank na die Middeleeue het 'n magdom plaaslike tale en dialekte bestaan, en 'n gemeenskaplike taal was noodsaaklik vir kommunikasie en die funksionering van kerk en staat. Daarom was Latyn 'n belangrike deel van basiese skoolonderrig.

Kenmerkend van die Kerkhervorming gedurende die 16de eeu, was die erkenning en gebruik van plaaslike tale en dialekte. In al die lande waar die Kerkhervorming inslag gevind het, is die gebruik van plaaslike tale bevorder. Bybelvertalings en beskikbaarheid van gedrukte Bybels, asook prediking en kategeese in mense se eie taal het 'n groot bydrae gemaak tot die vestiging van reformatoriese beginsels, en tegelykertyd die ontwikkeling van moderne Europese tale.

Die gebruik van moedertaal was natuurlik nie net 'n produk van die Kerkhervorming nie. Die belangstelling in plaaslike tale en dialekte het reeds in die 15de eeu tydens die Italiaanse Renaissance na vore gekom, en het ook die noordelike Humanisme beïnvloed. Leiers van die 16de eeuse Kerkhervorming was bekend met die Renaissance- en Humanistiese denke, ingeslote die gebruik van ander tale benewens die gebruik van Latyn. Moyer (2010:1) beskryf die belangstelling in plaaslike tale en dialekte soos volg:

For many European languages, the Renaissance saw the rise of the modern literary language. Each developed a canon of writers; thus, the study of languages overlaps with that of the literature, including the impact these writers had on their language. Renaissance writers also wrote about language, comparing vernaculars with Latin, and composed and written language with spoken and spontaneous. They debated how to set normative and aesthetic standards. The Italian term for these disputes, questione della lingua, often appears in the scholarship... Earlier portrayals of the development of vernaculars as

progressive and egalitarian, parts of nationalist or romanticized narratives of modernization, is giving way to an appreciation of the losses and more complex issues at stake in the gradual move away from Latin.

Om die punt te illustreer, kan verwys word na die lewensverhaal van Johannes Calvyn. Calvyn het in sy tuisdorp, Noyon, in die College de Capettes skool gegaan. Tot op die ouderdom van 14 het die grootste deel van sy onderrig bestaan uit die bemeestering van Latyn, terwyl sy moedertaal natuurlik Frans was. Hy kon reeds op die ouderdom van twaalf Latyn vlot lees, skryf en praat.

In 1523 het Calvyn se vader hom na die Universiteit van Parys gestuur om sy *Baccalauréat* (taalkunde, dialektiek en retoriek) in die Fakulteit Lettere te voltooi. Calvyn het die beste akademiese opleiding ontvang wat aan die begin van die 16de eeu beskikbaar was. Op 14-jarige ouderdom het hy sy studies onder leiding van die briljante Latinis, Mathurin Cordier (1480-1564), voortgesit. Gevolglik het Calvyn ontwikkel tot een van die mees kompetente en belese Latiniste van 16de eeu.

Onder invloed van die Humanisme en die groeiende besef dat mense in hulle eie en in 'n verstaanbare taal publikasies wil lees, het Calvyn sy teologiese bydraes nie net in Latyn gepubliseer nie, maar ook in Frans. Sy beheersing van Frans en die vermoë om helder en presies te formuleer, plaas hom in die geselskap van Pascal en Rabelais (Dankbaar 1957:13-14). Daarvan is die verskillende uitgawes van Calvyn se *Institusie* in Latyn en Frans sprekende voorbeelde.

In 1533 of 1534 het Calvyn oorgegaan na die Kerkhervorming (sien Dreyer 2010:9-10) en net 'n jaar later skryf hy (in Frans) 'n inleiding⁷⁰ tot Pierre Robert d'Oliviet se Franse vertaling van die Bybel wat in 1535 in Neuchâtel verskyn het. Olivétanus was 'n neef van Calvyn en soos Calvyn van Noyon afkomstig (Neuser 2001: 2). Calvyn se inleiding was bedoel om die Franse

⁷⁰ Opera Calvini IX, Col. 799-822: Calvin, J., 1535 [1870], L. Praefatio., in *Ioannis Calvini opera quae supersunt omnia Volumen IX*, ed. G. Baum, E. Cunitz and E. Reuss, Brunsvigae, C.A. Schwetsschke et Filium.

Bybellesers, met gebrekkige kennis van Latyn en die Bybel, te help om die Bybel sistematies te lees en op 'n bepaalde manier te verstaan (Neuser 2001: 3-4). Hy begin met 'n baie spesifieke groet aan die lesers: "Aan almal wat Jesus Christus en sy evangelie liefhet, groete."⁷¹

Nadat Calvyn uit Parys moes vlug uit vrees vir vervolging, vestig hy in Genève waar Frans die algemene spreektaal was. Calvyn het vir die Franssprekende Genève 'n kerkorde in Frans opgestel (*Ordonnances Ecclésiastiques*), ten spyte daarvan dat amptelike kerklike dokumente normaalweg in Latyn opgestel is. Die Franse kerkorde is op 20 November 1541 deur die stadsraad aanvaar. In 1542 het Calvyn begin om die Franse Psalmbundel van Straatsburg (*La Forme des Prières et Chants Ecclésiastiques*) in Genève in die erediens te gebruik. Die twaalf Psalms van Clement Marot is gereeld gesing, en nadat Marot en Louis Bourgeois in Genève gevestig het, is die Franse Psalmbundel verder uitgebrei. In 1542 het Calvyn ook die Franse kategismus vir Genève voltooi (*Catéchisme de l'Eglise de Genève*), wat deur Bucer se Duitse *Kurze Schriftliche Erklärung* van 1534 en Luther se *Große Katechismus* geïnspireer is. Hoewel Calvyn nie Bucer en Luther se tekste in Duits kon lees nie, het hy wel die Latynse tekste voorhande gehad. Latyn het steeds gedien as akademiese taal en het dit moontlik gemaak dat die verskillende leiers van die Kerkhervorming mekaar se werk kon lees.

Ter wille van die gewone burgers en lidmate van die kerk, is die belydenisskrifte, kategismusse en kerkordes in die mense se moedertaal opgestel. Luther het in verskeie van sy preke na sy kategismus verwys, en daarop gewys dat die bedoeling is dat die ouers hulle kinders van kleinsaf daarin moet onderrig – vanselfsprekend in hulle moedertaal.

Aan die einde van 1543 het Calvyn 'n brief⁷² aan keiser Karel V gerig onder die opskrif *De necessitate reformandae ecclesiae* ('Aangaande die

⁷¹ Opera Calvini IX, Col. 791: "A tous amateurs de Iesus Christ et de son evangile, salut".

⁷² Calvin, J., 1543 [1867], 'De necessitate reformandae ecclesiae', in G. Baum, E. Cunitz & E. Reuss (eds.), *Ioannis Calvini opera quae supersunt omnia*, Vol.VI, Col. 457-534, C.A. Schwetsschke et Filium, Brunsvigae.

noodsaak van kerkhervorming'). Calvyn wou met hierdie brief die keiser daarvan oortuig dat die hervormingsbeweging nie die gevolg van menslike willekeurigheid, politieke opstandigheid of moedswilligheid is nie, maar op weldeurdagte teologiese gronde bou. Dit het vir die Kerkhervormers om gehoorsaamheid aan God, die opbou van die kerk en God se eer gegaan. In sy brief aan die keiser maak Calvyn dit duidelik dat kerkhervorming om twee sake gaan, naamlik (1) die regte manier om God te aanbid (die inhoud van die erediens) en (2) die gesonde leer. Ware aanbidding vind plaas waar God deur sy Woord en Gees werkzaam is. Prediking en kategeese in plaaslike tale en dialekte was die logiese uitvloeisel van die *sola Scriptura* beginsel, en noodsaaklik omdat dit geloof en gehoorsaamheid aan God bevorder.

Die gebruik van 'n verstaanbare taal in die erediens, belydenisskrifte, kategeeseboeke en kerkordes was 'n belangrike stimulus vir die voortgang van die Kerkhervorming. Die reformatoriese beginsels van *sola Scriptura* en *sola fidei* het meegebring dat prediking die sentrale plek in die erediens ingeneem het, en dit het Bybelvertaling noodsaaklik gemaak. Taal was nie net vanuit 'n kulturele of nasionalistiese perspektief belangrik nie, maar vir kerke in die reformatoriese tradisie was die gebruik van verstaanbare tale en dialekte wesenlik deel van die *sola Scriptura* en *sola fidei* beginsels.

3.3. Nederduits in reformatoriese kerkordes

Soos reeds gemeld is die Protestantse kategeeseboeke, liedboeke, belydenisskrifte en kerkordes in die algemene spreektaal opgestel. Een voorbeeld van 'n kerkorde wat tydens die Kerkhervorming in Nederduits geskryf is, is die *Dreyerischen Kirchen Ordnung* wat dr. Johannes Dreyer in 1532 vir die Wesfaalse gebied opgestel het. Dr. Johannes Dreyer was 'n Augustynse monnik wat reeds in 1525 Luther gevolg het en na die Kerkhervorming oorgegaan het. Hy het in 1529 aan die Universiteit van Wittenberg sy doktorsale studies voltooi (sien Dreyer 2017b). Nadat hy na die Kerkhervorming oorgegaan het, het hy gereeld in Herford en Minden (Wesfale) in Nederduits gepreek (sien Dreyer, J 1528). Van die preke het in gedrukte formaat behoue gebly.

Die *Dreyerischen Kirchenordnung* is gepubliseer met die titel *Ordinantie Kerken ampte der erliken Stadt Herford*. Dit het op 7 April 1532 in Herford en Minden van krag geword en bied 'n goeie beeld van die wyse waarop

die vroeë Hervormers, ná die breuk met Rome, die kerk prakties georganiseer het. Dié kerkorde is in 1534 deur die uitgewer Johannes Kluck in Wittenberg gepubliseer (Dreyer, J 1534).

Dreyer se kerkorde is vanuit 'n taalkundige perspektief merkwaardig (Hölscher 1877:393). Johannes Bugenhagen (1485-1558) het die voorwoord vir Dreyer se kerkorde geskryf. Die voorwoord is gedateer '*Wittenberch 1533*' (Dreyer, J 1534:47). Bugenhagen is die bekende medewerker van Martin Luther, en het as predikant van Wittenberg ook vir Luther begrawe. Bugenhagen is in Lübeck gebore en Nederduits was sy moedertaal. Hy het ook die eerste Bybelvertaling in Nederduits gedoen, hoewel dit nie op dieselfde vlak as Luther se Hoogduitse vertaling gereken kan word nie. Dit is dus nie vreemd dat Bugenhagen in die voorwoord tot Dreyer se kerkorde pertinent melding maak van die feit dat die kerkorde in Nederduits geskryf is nie.

Bugenhagen het sy voorwoord aan die stadsraad en burgemeester van Herford gerig (Dreyer, J 1534:44), en verseker hulle dat hy die ordinansies van begin tot einde deurgelees het en dat hy onder die indruk gekom het dat hulle predikant (Johannes Dreyer) 'n geleerde en vroom man is, en hy bid dat God deur sy genade sal gee dat die "*Ordinantie einen guden vortgang gewinne, sid to den ehren und iwer Stadt to der salicheit unde beteringe, Amen.*" Hy sluit sy voorwoord af met 'n vermaning dat almal hulle teen valse profete, vals godsdiens, bose owerhede en moorddadige mense moet verset. Die kerk het *gude Propheten en Tuchtmeisterten* nodig (bl. 47).

'n Tweede voorbeeld waar 'Nederduits' in 'n kerkorde ter sprake kom, vind ons in die *Acta* van die Sinode van Emden (1571). Die algemene omgangstaal in die Hansestede aan die Noordsee van Europa het sedert die Middeleeue as Nederduits bekend gestaan (Becker-Cantario 1988:63–72). Nederduits is onder andere in die omgewing van die Noordsee stede Groningen, Emden en Lübeck gepraat.

Die Sinode van Emden (1571) het die Wesfaalse (Nederduitssprekende) gemeentes by die Nederlandse klassis ingedeel. Die Sinode van Emden het die Kerkhervorming in Nederland geformaliseer deur kerkordelike besluite wat geneem is. Dit is opmerklik dat moedertaal vir die Sinode van Emden 'n belangrike saak was. Die *Acta* bevat verskeie verwysings na Nederduits. In

Artikel 5 (Goeters 1971:16) kom Nederduits ter sprake met verwysing na die *Geneefse Kategismus* en die *Heidelbergse Kategismus*. Ter wille van die eenheid van die kerk is die Franssprekende gemeentes toegelaat om die *Geneefse* (Franse) *Kategismus* in die kategetiese onderrig te gebruik. In die gemeentes waar Nederduits as voertaal gebruik is, moes die *Heidelbergse Kategismus* gebruik word. Dit is opvallend dat die *Heidelbergse Kategismus* spesifiek aan Nederduits verbind word.

Nederduits het ook ter sprake gekom toe daar geantwoord is op die 'broeders uit Keulen' se vraag "*oor correcte oversettinghe des bibels in Nederduitsche spraecke*" (Goeters 1971:56). Die gevoel van die Sinode was dat 'n finale besluit oor die vertaling van die Bybel in Nederduits eers uitgestel moes word. Die besluit oor die uitstel van 'n Bybelvertaling in Nederduits moet verstaan word teen die agtergrond van die reeds bestaande Delftse (1477), Liesveldt (1526), Biestkens (1560) en Deux-Aes (1562) Bybelvertalings; asook Bugenhagen se Nederduitse Bybelvertaling wat in omloop was.

Hierdie enkele voorbeelde toon (1) hoe belangrik die gebruik van moedertaal vir die Kerkhervormers was; en (2) dat dit nie in die eerste plek om taal en kultuur gegaan het nie, maar om die kommunikasie van die evangelie. Die beginsel van *sola Scriptura*, en die belang van verstaanbare prediking en kategeese om die geloof te voed waardeur mens gered word (*sola fidei*), het Bybelvertaling en kerklike dokumente in verstaanbare tale noodsaaklik gemaak. Dit het oorgespoel na die onderwys, sodat moedertaal onderwys toenemend beskikbaar geword het wat weer bygedra het tot ekonomiese en wetenskaplike vooruitgang in Wes-Europa.

3.4. Nederduits aan die Kaap

Talle Nederduitssprekendes (vanuit Wesfale en kusgebiede aan die Noordsee) het vanaf 1652 na die Kaap van Goeie Hoop verhuis. Agt van die predikante wat aan die Kaap diens gedoen het in die tyd van die VOC-bewind (1652 tot 1795) is in Wesfale gebore. Hulle het aan Nederlandse universiteite studeer. Nadat die gemeentes aan die Kaap tot stand gekom het, het sommige van die Wesfaalse gemeentes kerknuus deurgestuur na die Kaap. In 1764 het die kerkraad van Gemeente Kaapstad onder leiding

van ds. Henricus Kronenburg met die Gemeente Gulik (tans Jülich, 'n dorp in Noordelike Wesfale) gekorrespondeer (sien Engelbrecht 1952:15).

Vanaf die Middeleeue is 'Nederlands', 'Vlaams' of 'Hollands' gereeld en afwisselend gebruik om na die Nederlandse taal te verwys. Indertyd het 'Nederlands' 'n sterk geografiese konnotasie gehad. Enigiets wat van Nederland afkomstig was (taal, godsdiens, gebruike, voorwerpe) is beskryf as 'Hollands' of 'Nederlands'. Die vraag is: Waarom het die afgevaardigdes tydens 1824 se AKV in Kaapstad besluit om die term 'Nederduits' te gebruik, as aanduiding van die taal wat die Kaapse kerk sou gebruik?

Allereers was 'Nederduits' 'n meer amptelike of formele verwysing na die taal wat in Nederland gepraat is. Vanaf die 16de eeu het dit gebruiklik geword om na 'Nederduits' te verwys as die taal wat in Nederland gepraat word (Vismans 2013:262). Akademici, howe en staatsinstellings het in amptelike stukke die term 'Nederduits' verkies. Enkele voorbeelde van die gebruik van 'Nederduits' in formele/amptelike publikasies word hier genoem:

- In 1793 het daar 'n woordeboek onder die titel *Dictionnaire Francois-Hollandois / Woordenboek Nederduytisch-Fransch* verskyn. Opvallend genoeg, word in die Franse titel na 'Hollandois' verwys, maar in die Nederduitse titel word uitdruklik na 'Nederduits' verwys.
- Petrus Weiland het in opdrag van die Nederlandse owerheid, tydens die bewind van die Bataafse Republiek, in 1805 'n boek uitgegee met die titel *Nederduitsche Spraakkunst* (Weiland 1805). Hy het dit in 1810 opgevolg met 'n uitgawe van die *Nederduitsch Taalkundig Woordenboek*.
- Op Sondag 9 Januarie 1814 is die *Evangelische Gezangen* in Gemeente Kaapstad in gebruik geneem, na besluit van die kerkraad. Dit volg op die ingebruikneming daarvan in 1813 in Nederland. Die voorblad van die *Evangelische Gezangen* (sien afdruk in NHKA Gedenkalbum 1986, bl. 13) word dit uitdruklik gestel dat die gebruik van die Gesange op las van al die Nederlandse sinodes geskied en bedoel is vir gebruik "*in de Nederduitsche Hervormde Gemeenten.*" In dié geval word 'Nederduitsche' as byvoeglike naamwoord gebruik, as aanduiding van die taal (Nederduits) wat in die erediens en liedere gebruik word.

- In 1824, die jaar waarin die eerste AKV in Kaapstad sitting geneem het, het ds. Abraham Faure begin om *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* uit te gee.
- In 1846 verskyn die *Nieuw Fransch-Nederduitsch en Nederduitsch-Fransch Woordenboek*, opgestel deur SJM Moock (Moock 1846).

Tweedens het 'Nederduits' binne én buite die VOC se struktuur en administrasie as amptelike taal gegeld. Al die amptenare, soldate en skeepslui, asook slawe en vryburgers, moes dit gebruik of aanleer, hoewel baie van hulle van Duitsland, Frankryk of die Skandinawiese lande afkomstig was. Met die koms van slawe na die Kaap, is die kommandeurs (soos Jan van Riebeeck) deur die VOC verplig om toe te sien dat niemand Portugees met slawe praat nie. Portugees was die *lingua franca* op die handelsroetes na die Ooste. Daar mag slegs in 'ons Moedertaal' (Liebenberg 2017:5) gekommunikeer word.

In die resolusies van die Politieke Raad word dikwels na '*Nederduitsch*' of '*Duijtsch*' verwys wanneer taal ter sprake kom. Volgens die *Daghregister* van Jan van Riebeeck, is daar op 17 April 1658 begin met skoolonderrig vir slawekinders wat aan die VOC behoort het. Die slawe se onderwyser was die sieketrooster Pieter van der Stael, wat goed opgelei was en volgens die *Daghregister* gekwalifiseer was om die leerlinge die regte '*Hollants Nederduyts*' te leer. Van der Stael was met Jan van Riebeeck se suster getroud. Hulle was van Culemborg afkomstig en Nederduits was hulle moedertaal. Daar is ook verwysings na slawe wat Nederduits ten volle bemeester het, soos Maria van Bengale wat op 6 Julie 1658 met Jan Zacharias van Amsterdam in die huwelik getree het. Van Maria word vermeld dat sy nie alleen Nederduits volkome verstaan nie, maar dit ook vlot praat.

Coertzen (1988:119) verwys ook na die gebruik van Nederduits as taal. Met die koms van die Franse Hugenote na Suid-Afrika in 1688, het hulle grond ontvang, en die plase het oorwegend Franse name gehad. Die gebruik van Frans as taal het stelselmatig verdwyn. Van die Franse Hugenote het egter van die begin af hul plase Nederduitse name gegee, byvoorbeeld Hercules de Pres wat sy plaas '*Zoete Inval*' genoem het.

Derdens moet ons die AKV van 1824 se gebruik van die term 'Nederduits' teen die agtergrond van die verengelsingsbeleid van die Britse goewerneur verstaan. In 1822 het die goewerneur 'n proklamasie uitgevaardig met die doel om Engels as gebruikstaal in te voer. Die verengelsing van die staatsdiens, onderwys en howe was teen 1824 reeds ver gevorder. Die Engelssprekende predikante wat vanuit Skotland na die Kaapkolonie beroep is, was deel van goewerneur Charles Somerset se strategie om die Kaap te verengels. Die Skotse predikante moes wel eers 'n tyd in Nederland deurbbring om 'n basiese kennis van Nederduits op te doen (Dreyer A, 1924:94).

Nadat Somerset die proklamasie uitgevaardig het, het die Kaapse burgery besef dat hul Nederlandse kerk, skole, taal en kultuur onder druk is. Dit het vanselfsprekend 'n stortvloed korrespondensie tot gevolg gehad waarin gereeld na 'Nederduits' verwys word, en hoe belangrik dit is om die gebruik van die Nederduitse taal in skole en die kerk te behou.

Scholtz (1939) het dié taalstryd in groot besonderhede beskryf, en aangetoon dat daar groot weerstand teen die verengelsingsbeleid was. Die weerstand teen Engels as kerktaal kan met 'n enkele voorbeeld geïllustreer word. Scholtz (1939:89-90) beskryf dit soos volg:

Op die vierde sinodale vergadering, wat op 4 November 1834 geopen is, het die Skotse predikante die eerste stap gewaag om die Engelse taal vaste voet in die Hollandse Kerk te laat kry. Die inisiatief is geneem deur ds. James Edgar, predikant van Somerset (Hottentots-Holland), wat as beskrywingspunt onder die hoof 'Kerkbestuur' die vraag gestel het: *Keurt de Synode het goed dat er in onze Kerken, door onze leeraars in het Engelsch gepredikt worde?* Gevoelens het hoog geloop oor die punt.

De Zuid-Afrikaan van 7 November noem die vraag "of de Godsdienstoefening van de Nederduitsch Hervormde Kerken in de Engelsche Taal zal gehouden worden" een van die belangrikste onderwerpe wat op die Sinode sal behandel word, en verseker dat die gevoel van die gemeentelede daarteen algemeen is. Uit die toon van die artikel blyk dit duidelik dat die redakteur die voorstel in direkte

verband met die verengelsingsbeleid van die regering bring. Hy skryf soos volg:

Het is de pligt van ieder Gouvernement om elke Gemeente in de uitoefening van hare Godsdienst-pligten te beschermen, zonder zich te bemoeien met de manier, waarmede zoodanige Godsdienstige pligten worden uitgevoerd... en waarom zouden wy dan niet toegelaten worden, om onze Godsdienst oefeningen in de algemeene taal, door al de Leden onzer gemeenten verstaan wordende, de Hollandsche taal namelyk, te houden? Waarom zouden wy moeten uitgezonderd worden van dat algemeene grondbeginsel van verdraagzaamheid op het stuk van Godsdienst? Waarom zouden wy niet toegelaten worden, om onzen God en onzen Zaligmaker in onze eigene taal te aanbidden? Wy hebben even zoo veel regt op de bescherming van Zyner Majesteits Gouvernement als eenige anderen zyner onderdanen... door de taal van uwe Godsdienst te veranderen, gy den eersten stap doet om uw Geloof en uwe Godsdienst te verzaken!

Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat die konsekwente handhawing en voortgaande gebruik van 'Nederduitsch' in die naam van die kerk, teen die Britse verengelsingsbeleid gemik was. Die AKV was nie geneë om Engels as kerklike taal in te voer nie, hoewel daar nooit 'n vyandigheid teen Engels *per se* was nie. Inteendeel: Afrikaners in die Kaap was oor die algemeen bereid om Engels te aanvaar, maar nie ten koste van Nederduits as voertaal in die kerk nie, en op voorwaarde dat Nederduits ook in sommige skole behoue bly.

Die gebruik van die term 'Nederduits' het voortgeduur tot aan die einde van 19de eeu (Den Besten 2012:102). Geleidelik het 'Nederduits' in onbruik verval. Een rede hiervoor was die Nederlandse reaksie teen die imperialisme en politieke invloed van Duitsland. In die 19de eeu het 'n golf van nasionalisme oor Duitsland gespoel. Nadat Duitsland se leër Oostenryk in 1866 verslaan het, het ongeveer 300 Duitse hertogdomme, bisdomme en ander politieke entiteite onder leiding van Otto von Bismarck begin met 'n verenigingsproses. Daar het politieke, kultureel en taalkundig toenemende polarisasie tussen Nederland en Duitsland plaasgevind, met die gevolg dat die gebruik van 'Nederlands' of 'Hollands' teenoor 'Nederduits' veld gewen het.

Teen hierdie agtergrond is dit te verstane dat die eerste AKV in 1824 besluit het om 'Nederduitsch' voor die naam van die kerk te plaas. Daarmee is duidelik te kenne gegee dat Nederduits in die eredienste, prediking, kategese en bediening gebruik sou word, ten spyte van die Britse goewerneur se pogings om die Kaap en die kerk te verengels. Daarmee is 'n belangrike beginsel van die Kerkhervorming bevestig, dat die evangelie in mense se moedertaal verkondig moet word. Dit was tegelykertyd deel van die Kaapse burgery se groeiende nasionalisme en verset teen Britse oorheersing, wat twaalf jaar na die eerste Algemene Kerkvergadering sou uitloop op die Groot Trek.

3.5. Nederduits in die '*Algemeen Reglement*' van 1824

Die term 'Nederduitsch' in die *Algemeen Reglement* van 1824 kom op twee plekke na vore, in die titel van die *Algemeen Reglement* asook in Artikel 31 waar daar oor die onderwys en kategese gehandel word⁷³.

Die Kaapse 1824 *Algemeen Reglement* volg in baie opsigte die Nederlandse 1816 *Algemeen Reglement*. In die Nederlandse reglement verskyn 'Nederduitsch' nie in die titel nie. Die titel van die 1816 *Algemeen Reglement* lui soos volg: *Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden* (1816). Daarteenoor is die titel van die 1824 Kaapse reglement *Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuidelike-Afrika*. In Nederland was taal nie 'n kwessie of strydpunt nie, in die Kaap wél. Opvallend genoeg word daar in die titel ook 'n geografiese aanduiding gegee. Dit is egter onwaarskynlik dat die bedoeling was dat die taal- en geografiese aanduidings deel van die 'naam' van die kerk moes wees. Daar is normaalweg na die kerk verwys as 'Hervormde Kerk' en in Engels as '*Reformed Church*'. Die 'Nederduitsch' is in Engels as '*Dutch*' vertaal, wat

⁷³ *Acta* van al die sinodale vergaderings van die NG Kerk vanaf 1824 tot hede is digitaal beskikbaar op die webblad van die Kaapse kerkargief (<https://www.kerkargief.co.za/acta/>). Sien ook Dreyer, A., 1936, *Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* Deel III 1804-1836, Nasionale Pers Beperk, Kaapstad.

duidelik op taal dui. Die Kaapse kerk het bekend gestaan as die '*Dutch Reformed Church*'.

Nederduits was ook ter sprake toe die eerste Algemene Kerkvergadering oor die onderwys gehandel het. Die gebruik van Nederduits tydens kategetiese is belangrik, gesien die verengelsingbeleid wat die Britse goewerneur deurgevoer het en die Britse owerheid se standpunt dat die jongmense sou gou as moontlik moes verengels (Dreyer A, 1924:94). Artikel 31 van die *Algemeen Reglement* lui soos volg:

Met Godsdienstig Onderwijs een der hoofdplichten van Herders en Leeraars zynde, zoo zyn deze gehouden om zich met alle zorg toe te leggen op de vermeerdering van hunne Gemeente met kundige en waardige leden, en alles daartoe aan te wenden, dat, het zy door henzelve, het zy door andere, onder hun opzigt gestelde, onderwyzers tot noodige onderwys worden medegedeeld op bekwamen leeftyd, of naar gelang van ieders toestand en ouderdom, zoo in de Engelsche als Nederduitsche taal, zullende de Heidelbergsche Catechismus en het Korte Begrip worden aangemerkt als de fundamenteele boeken van onderwys; waarby het aan de keuzen der leeraren staan zal, zoodanige andere boeken door de ondergeschikte onderwyzers te doen gebruiken, als zy tot bevordering van het onderwys in den Hervormden Godsdienst noodig zullen oordeelen, en die, des needs, door de Algemeene Kerkvergadering zullen worden goedgekeurd.

3.6. Slot

Dit is opmerklik dat die eerste Algemene Kerkvergadering van 1824 die term 'Nederduits' in die titel van die *Algemeen Reglement* ingesluit het. Dit is 'n vraag of die Algemene Kerkvergadering se bedoeling was om dit deel van 'n 'kerknaam' te maak. Dit is redelik seker dat dit intensioneel gedoen is, as weerstand teen die verengelsingbeleid van die Britse goewerneur in die opskrif van die *Algemeen Reglement* ingesluit is.

'Nederduits' is natuurlik nie 'Afrikaans' nie, maar met die 100-jarige herdenking van Afrikaans as amptelike taal in Suid-Afrika in gedagte, is dit tog belangrik om kennis te neem dat daar reeds tydens die eerste Algemene Kerkvergadering bepaalde sentimente ten opsigte van die

gebruik van taal in die skole en kerk teenwoordig was, en verset teen die verengelsing van die kerk.

Dit sou ook nie anders kon wees nie – die gebruik van verstaanbare taal in die kerk en die onderwys is immers, wat die reformatoriese tradisie betref, 'n belangrike beginsel.

3.7. Bronnelys

Becker-Cantario, B., 1988, 'Low German as a literary language in Schleswig-Holstein in the seventeenth century: A poem by Anna Ovena Hoyers', in *Languages and Cultures* Vol. 36, red. M.A. Jazayery & W. Winter, bl 63-72, De Gruyter Mouton, New York.

Calvin, J., 1543 [1867], 'De necessitate reformandae ecclesiae', in G. Baum, E. Cunitz & E. Reuss (eds.), *Ioannis Calvini opera quae supersunt omnia*, Vol.VI, Col. 457-534, C.A. Schwetsschke et Filium, Brunsvigae.

Dankbaar, W.F., 1957, *Calvijn – Zijn weg en werk*, Nijkerk: GF Callenbach N.V.

Den Besten, H., 2012, *Roots of Afrikaans. Selected writings of Hans den Besten*, redaksioneel versorg deur Ton van der Wouden, in Creole Language Library 44, Amsterdam, John Benjamin Publishing Co.

Dreyer, A., 1924, *Eeuwfeest-album van de Nederduits Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika*, Z.A. Bijbelvereniging, Kaapstad.

Dreyer, J., 1528, *Eine korte onderwysynge yn dem hylgen worde Goddes*, Johannes Klück, Wittenberg.

Dreyer, J., 1534, 'Ordinantie Kerken ampte der erliken Stadt Hervorde', redaksioneel versorg en uitgegee deur L. Hölscher (1888) in *Reformationsgeschichte der Stadt Herford. Im Anfang die Herforder Kirchenordnung von 1532*, pp. 44-108, Bertelsmann, Gütersloh.

Dreyer, W.A., 2010, From Noyon to Geneva, in *John Calvin 1509-2009. A South African Perspective*, p. 1-22, edited by Dreyer, W.A., Gerber, J.J. &

Smit, C.J., American Theological Library Association, Chicago. (Skriflig 44 Suppl.3)

Dreyer W.A., 2017a, 'Die ontstaan en belang van Calvyn se eerste drie publikasies', in 'Nadenke oor 500 jaar se Reformatoriese teologie', *HTS Theological Studies/ Teologiese Studies, Supplementum 11*, 73(5), <https://doi.org/10.4102/hts.v73i5.4564>

Dreyer, W., 2017b, 'Johannes Dreyer (1500-1544) – Die Hervormer van Herford', *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 73(1), a3211. <https://doi.org/10.4102/hts.v73i1.3211>

Engelbrecht, S.P., 1952, *Die Kaapse predikante van die sewentiende en agtiende eeu*, H.A.U.M. – J.H. de Bussy, Kaapstad – Pretoria.

Goeters, G.F.J., 1971, *Die Akten der Synode der Niederländischen Kirchen zu Emden vom 4. – 13. Oktober 1571*, Neukirchener Verlag, Neukirchen-Vluyn.

Moock, S.J.M., 1846, *Nieuw Fransch-Nederduitsch en Nederduitsch Fransch Woordenboek*. C.A. Thieme, Arnhem.

Moyer, A.E., 2010, in *Vernacular Languages and Dialects - Renaissance and Reformation - Oxford Bibliographies*, gesien 10 Oktober 2024.

Neuser, W.H., 2001, The first outline of Calvin's theology – the preface to the New Testament in the Olivétan Bible of 1535, *Koers* 66 (1 & 2), p. 1-22.

NHKA, 1986, *Gedenkalbum 1886-1986 Deel 1*, onder redaksie van A.D. Pont, S.J. Botha en J.M.G. Storm, NHW-Pers, Pretoria.

Scholtz, J du P., 1939, *Die Afrikaner en sy taal 1806-1875*, Nasionale Pers, Kaapstad.

Vismans, R., 2013, 'What is in a name? Changing labels for the Dutch language', in *The Low Countries* Jaargang 21 (2013), bl 262-267. Besigtig op 1 Junie 2024 by DBNL (Digitale Bibliotheek voor de Nederlandse Letteren).

Weiland, P., 1805, *Nederduitsche Spraakkunst*, Johannes Allart, Amsterdam.

4. SELFSTANDIGE TEOLOGIESE OPLEIDING IN SUID-AFRIKA

Christo Pretorius⁷⁴

4.1. Inleiding

In die voorwoord van *'The History of Theological Education'* dui González aan dat teologiese opleiding in Noord-Amerika 'n krisis beleef (González 2015: 6). Dit is 'n multidimensionele krisis, maar veral as gevolg van vanweë finansiële uitdagings is talle kursusse en vakdissiplines onder druk en word dit selfs gestaak. Dit het ook personeelvermindering en nie-kompeterende salarisse tot gevolg.

Naas die finansiële uitdagings beskryf hy ook die impak van die 'ekkesiologiese element'. Kerke kritiseer die opleiding wat seminaria aanbied omdat hulle nie afgeronde predikante met voldoende pastorale vaardighede lewer nie. Grondliggend hieraan is, na sy oordeel, 'n vorm van anti-intellektualisme. Reaksie op die uitdagings en kritiek wissel van ontkenning tot die verdediging van die relevansie van 'n bepaalde teologiese opleiding. Somtyds word kurrikula aangepas of uitgebrei na gelang van kerke se behoeftes.

Die 'ekkesiologiese element' het ook te doen met demografiese en sosiaal-maatskaplike verandering soos verstedeliking, immigrasie en die multi-kulturele samestelling van gemeenskappe. In laasgenoemde geval dui González aan dat persone wat lidmate van die Presbiteriaanse, Anglikaanse, Metodistiese of Lutherse Kerke is, en hulle lidmaatskap van die kerke na hulle herkoms uit Skotland, Engeland of Skandinawië teruglei, toenemend die minderheid word in gemeentes en breër terreine.

Verwant aan die demografiese- en sosiaal-maatskaplike verandering is 'godsdienstige ongeletterdheid'. Onkunde oor die Christelike geloof neem hand aan hand toe en dit het 'n impak op geakkrediteerde teologiese instellings. Nie net die afname van studente nie, maar die verskeidenheid in

⁷⁴ Dr. Christo Pretorius is dosent in Historiese Teologie verbonde aan die Hervormde Teologiese Kollege, Pretoria.

opvoedingspeil en kulturele agtergrond stel nuwe eise aan teologiese opleiding.

Om hierdie eise en werklikhede aan te spreek meen González “*the study of the history of theological education – particularly of theological education in the wider sense – is one of the best tools we can use for guidance into the future*” (González 2015:9).

Edward Farley sluit in sy werk *Theologia - The Fragmentation and Unity of Theological Education* (Farley 1983) hierby aan. Hy poog om die problematiek van kontemporêre teologiese opleiding te identifiseer *by means of historical genetics and its presuppositions* (1983: ix). Farley fokus in sy werk in meer besonderheid op die literatuur en voorkoms van wat bekend was as die Ensiklopedie van Teologie. Vir Farley is die problematiek eweneens multidimensioneel en is van oordeel om geldige kritiek en volhoubare oplossings te lewer ’n historiese ondersoek van teologiese opleiding onontbeerlik is.

Dit is vanuit hierdie vertrekpunte dat die eerste Algemene Kerkvergadering van 1824 besoek word en in besonder vra na die agtergrond en gang van selfstandige teologiese opleiding in Suid-Afrika.

4.2. Kweekskool Stellenbosch

In sy beskrywing van die opening van die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch, op Dinsdag 1 November 1859, lei Gerdener dit nie sonder rede terug na die selfstandigwording van die kerk in 1824 nie. Dit is eweneens die mening wat Kotzé huldig, in dieselfde bundel ter viering van die Kweekskool se eeufees. Nadat hy die onontbeerlikheid van die opleiding van Evangeliedienaars beklemtoon en dit as deel van die kerk se roepingsbesef en visie eien, stel Kotzé:

Namate die bande met die stamland dan ook losser geword en hier ’n gees van selfstandige verantwoordelikheid toegeneem het, kon verwag word dat die oprigting van ’n eie Teologiese Seminarium al meer ’n dwingende noodsaaklikheid sou gesien word (Kotzé 1959: 22).

Beide Gerdener en Kotzé meld dat by die eerste Algemene Kerkvergadering 'n ontwerp vir die oprigting van 'n Kweekskool aangebied is. Tydens die sewende sitting (7 November 1824) word deur die

Hoog-Eerw. Praeses eene Commissie voorsloeg tot het maken van een plan voor de oprichting eener Theologische Kweekschool, zullende bestaan uit de Eerw. Heeren Von Manger, Faure, Murray, Thom en Smith, welk voorslag eenparig werd aangenomen (Acta Synodi 1824:12).

Tydens die elfde sitting op 15 November word:

...in overweging genomen het ontwerp van een Seminarium, onder de Bijlagen, en las de Eerw. Heer Von Manger daarop voor het concept plan door Heeren gecommiteerden tot die zaak geformeerd, als behelzende hun rapport desaangaande; waarop de Hoog-Eerw. Praeses de vraag voorstelde, of de Synode dit plan als nu in overweging wilde nemen, en is het eenparig gevoelen op dit sujet geweest, dat, hoe zeer ook een Seminarium van dien aard wenschelijk was, men echter onraadzaam oordeelde tot de discussie van de onderscheidend punten onmiddellijk over te gaan, zonder alvorens de toestemming van Zijne Excellentie den Gouverneur tot de oprichting van zulk een Instituut verkregen te hebben; en werd besloten, per missive, aan opgemelden Heer Gouverneur ons te dien einde te wenden, zijnde dus gezegde plan gehouden in advies, tot tijd en wijlen Hoogst-deszelfs goedvinden daaromtrent zal zijn bekend geworden (Acta Synodi 1824: 16).

Die konsepplan, of *Ontwerp van een reglement voor het Theologisch Seminarium*, is as aanhangsel in die notule van die 1824 vergadering opgeneem en bevat 43 artikels wat nie net die bestuur van die Seminarium en toelatingsvereistes reël nie maar ook 'n leerplan voorstel. Die rol en beheer van die owerheid in kerklike sake blyk uit die toestemming wat die Goewerneur moet gee, soos geformuleer in Artikel 4 wat bepaal het dat “*onder approbatie van Zijne Excellentie, stelt de Synode Curatoren aan, beroept Professoren, en ontwerpt de noodige wetten voor het Seminarium*” (NG Kerk 1824: 23).

Volgens Artikel 5 van die *Ontwerp* mag nie meer as vier en nie minder as drie professore uit Europa aangestel word nie. Die voorsitter (JE Berrangé) stel egter voor dat Artikel 5 uitgebrei word met:

...waardoor niet wordt uitgesloten het geval, dat zoo wanneer hier iemand gevonden werd, geschikt voor een of ander van die vakken, men van hem gebruik zoude maken; en als men nu achter "beroepen" slechts liet volgen: ten ware er hier gevonden werd, die daartoe bevoegd en bekwaam geoordeeld werd.

Die leerplan het hierby aangesluit en volgens Kotzé was dr. Abraham Faure die opsteller daarvan.

Abraham Faure het as negentienjarige sy studies in die buiteland voltooi. In Gosport, in die suide van Engeland, het hy aan 'n inrigting van die Londense Sendinggenootskap gestudeer en ontvang daarna onderrig in Utrecht onder leiding van professore Royaards, Van Oordt en Heringa (Gerdener 1959:9).

Nie sonder rede word Faure die vader van die Kweekskool genoem nie. Sy pleidooi in die tweede uitgawe van die *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* vir 'n eie kweekskool word onder ander gemotiveer deur die verwydering met die moederland en struikelblokke om uit Skotland predikante te beroep. Ook vir Faure was dit die ideaal om uit eie bodem predikante te vorm, wat nie net die aanleg het nie, maar ook die begeerte vir die bediening het en verklaar hy:

Een godsdienstige kweekschool op goede gronden gevestigd is door Christenen en van alle tijden en op alle plaatsen beschouwd geworden als het krachtigste middel der voortplanting van den godsdienst niet alleen, maar als een sieraad voor dat land alwaar zij bestaat en 'n hechte steun voor's volk wezenlijk geluk (Gerdener 1959:10).

Die ideale en besluite wat deur Faure en lede van die eerste Algemene Kerkvergadering gekoester is, was nie sonder teenstand nie. Nie net het sommige, waaronder dr. SP Heyns, steeds die buiteland as bron vir die opleiding van predikante beskou en daarom betoog vir 'n fonds om jongmense in staat te stel om die studies in Europa te voltooi nie, maar daar

was ook diegene wat die oprigting van 'n Kweekskool om ander redes afgekeur het. Hiervan was dr. ANE Changuion, professor aan die Suid-Afrikaanse Kollege, die woordvoerder.

Tydens die Algemene Kerkvergadering van 1852 betoog Changuion, ouderling van Gemeente Kaapstad, dat die vestiging van 'n Kweekskool nie net die standaard van opleiding sou verlaag nie, maar ook sou bydra tot kerkskeuring. Changuion se vrees was dat verligte stemme deur 'n ortodokse standpunt uitgesluit word en betoog hy in sy briewe in die *Zuid-Afrikaan* dat 'n kweekskool “*bekrompene theologanten, halverligte mense en half beschaafde lede van die samelewing*” sou voortbring (Gerdener 1959:10). NJ Hofmeyr, wat in 1858 saam met Andrew Murray as eerste professore van die Teologiese Seminarie aangestel word, het deeglik op Changuion se argumente reageer.

Changuion se voorbehoud kan ook in die lig van die kurrikulum, struktuur, koers en die historiese gang van teologiese opleiding toegelig word. 'n Ondersoek hiervan laat blyk dat die organisering en struktuur van 'n leerplan nie lukraak plaasvind nie, maar berus op 'n bepaalde verstaan van teologie. In die Ensiklopedie van Teologie moet gevra word:

- Wat is teologie?
- Uit watter vakdissiplines bestaan dit?
- Wat is die verband tussen teorie en praktyk?
- Hoe het dit histories ontwikkel en gestalte gekry?

4.3. Organisering en struktuur van 'n leerplan

Wat moet toekomstige leraars *weet* en *wees*? Die verslag van professore tydens die sinode van 1862 gedien het, het die vraag aangespreek. Die professore was van mening

...dat het voor onze Gereformeerde Kerk gebiedend is hare lidmate in het algemeen, en hare aanstaande studente in het besonder duidelik te doen gevoelen dat het bezit van ware godsvrucht wel de eerste vereiste is van ieder die naar de evangeliebediening staat.

'n Halfeeue later, 1909, stel prof. JI Marais:

Wij willen godgeleerden vormen – niet theologen, die alles omtrent God in hul leerboek hebben opgenomen, maar theodidakten, die door God selfen worden geleerd (Kotzé 1959: 22).

In die 1862 verslag en prof. Marais se stellings word iets bekend van die spanning tussen die godsdienstige behoeftes van die Piëtisme en die wetenskaplike eise van die Verligting. Nie net geestelike toerusting nie, maar ook akademiese vorming was die koördinate van waaruit die leerplan aan die kweekskool georganiseer is.

Die 1824 *Ontwerp* vir die Kweekskool het in vooruitsig gestel dat die professor in Lettere en Wysbegeerte onderrig gee in redeneerkunde; Romeinse, Griekse en Joodse oudheid; algemene- en kerklike geskiedenis; welsprekendheid; asook Grieks, Latyn en Oosterse tale.

Die tweede dosent sou onder andere verantwoordelik wees vir Wiskunde, Natuurkunde, Sterrekunde, Skeikunde, Plantkunde en Dierkunde.

Die derde dosent sou verantwoordelik wees vir Godgeleerdheid en moes onderrig gee in Bybelse uitlegkunde, dogmatiek, Christelike sedeleer asook prediking en pastoraat. Op die koop toe moes onderrig in sekere vakke in Latyn aangebied word en van die ses jaar studie sou die laaste vier jaar aan teologie gewy word.

Die kurrikulum verwoord die ontwikkeling van onderwys en opvoeding en die belangrikheid van voorbereidende studies, wat later ondervang is deur die oprigting van die Athenaeum in 1829 in Kaapstad (Kotzé 1959:22). Die oprigting van die Athenaeum lei daartoe dat 'n tweede ontwerp tydens die Algemene Kerkvergadering van 1829 dien wat alleen teologiese opleiding bevat. Die volgende vakke is in die tweede ontwerp opgeneem: Joodse oudhede, kerklike geskiedenis, Godgeleerdheid, Bybelse uitleg, prediking, pastoraat en Christelike sedeleer. Hierdie kurrikulum is in 1864 uitgebrei met Wysbegeerte, en twintig jaar later is Bybelkunde, Sendinggeskiedenis en Kerkreg bygevoeg.

'n Eeu later, in 1959, word die leerplan saamgestel uit wat Kotzé aandui as die bibliologiese groep, die ekklesiologiese groep, die dogmatologiese groep en die diakonologiese groep. Dit herinner aan die klassieke vierdeling

in die geskiedenis van teologiese opleiding en die vraag na wat teologie is, uit watter vakke word dit saamgestel en met watter doel.

Die oorsprong van die vierdeling van teologiese opleiding, die samestelling van kurrikula en die ideaal van hoogleraars uit Europa is te vind in die reformatoriese- sowel as die postreformatoriese eras, en in besonder die ensiklopediese beweging wat van die 1760's tot die Eerste Wêreldoorlog strek.

4.4. Historiese agtergronde van die teologiese ensiklopedie

Dertien jaar voor die eerste Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk in Suid-Afrika, in 1811, publiseer FD Schleiermacher 'n boek wat in die Engelse wêreld bekend geword het as *Brief Outline of Theological Study* (Farley 1983:73). Die publikasie sou aanleiding gee tot 'n reeks publikasies, debatte en gesprekke oor die struktuur en organisering van teologiese studie en vroeë grondliggend daaraan, of soos Farley dit stel, die problematiek van die teologiese ensiklopedie. Dit is ook die kulminasie van vroeë en problematiek wat Schleiermacher se werk voorafgaan en aanleiding gee nie net tot die basiese patroon van Bybelse studies, Kerkgeskiedenis, Dogmatiek en Praktiese Teologie nie, maar ook vroeë na die plek van teologie in die wetenskappe en die verhouding tussen teorie en praktyk.

Schleiermacher se werk is, volgens Farley, in 'n sekere sin 'n skarnier. Dit lê in die verlenging van voorgangers van Lutherse teoloë wat deur die Piëtisme beïnvloed is en lei 'n nuwe waardering van teologie as wetenskap in.

As verlenging van die Lutherse teoloë dien die werk van NH Grundlingh. In sy 1742 publikasie *Die Geschichte der Übrigen Wissenschaften für nämlich der Gottesgelehrtheit* stel hy dat *Gottesgelehrtheit* (Godgeleerdheid) twee soorte inhoud bevat: Geloofsleer (*Glaubenslehren*) en Geloofslewe (*Lebensregeln*).

'n Tweede Lutherse teoloog wat bydra tot die struktuur en doel van teologiese studie was Johann Lorenz von Mosheim. Volgens Farley (1983:76) beskou hy die indeling van Godgeleerdheid aan die hand van geloofsleer en geloofslewe as iets wat God in die Skrif openbaar en dit

vereis kennis van hermeneutiek, polemie, kategetiek en homiletiek. Teologiese opleiding dien die verstaan van die Skrif, die verdediging van Skriftuurlike waarhede, die onderrig daarvan en die verkondiging daarvan.

Mosheim het Kerkgeskiedenis hierby gevoeg, omdat hy van mening was dat openbaring steeds voortgaan in Christelike godsdien en die geskiedenis. Hieraan gee die kerk uitdrukking deur haar aktiwiteite, wat sy glo en bely. Die studie van die Skrif, die verdediging, die onderrig en verkondiging daarvan as kern van teologiese studie, is die erfenis van die Reformasie.

Verder terug in die geskiedenis, was dit Martin Luther se omgaan met die Skrif aan die Universiteit van Wittenberg wat bydra tot die Reformasie. Die Universiteit van Wittenberg is in 1502 gevestig. Dit is bekend dat Luther van April 1515 - September 1516 lesings oor die Brief aan die Romeine lewer en direk daarna oor die brief aan die Galasiërs. Dit het gelei tot die gebeure op 31 Oktober 1517.

Minder as 'n jaar later, in 1518, sluit Philippus Melanchthon by die Universiteit van Wittenberg aan en sou tot met sy dood op 19 April 1560 daar dien (González 2015:105). Vier dae na sy aankoms, op 28 Augustus 1518, lewer Melanchthon sy eerste openbare lesing: *'De corrigendis adolescentiae studiis'* (Aangaande die korrigerende van die jeug se studie). Hierin kritiseer Melanchthon die vertroebeling van die bronne deur die Skolastieke metode en lei die studie terug na die gesag van die Skrif en Jesus Christus. Hy dring daarop aan dat die hart van die kurrikulum moet wees die studie van Hebreeus, Grieks en Latyn. Kennis van brontale was vanselfsprekend, gesien die ontwikkeling sedert die begin van die Renaissance en Humanisme. Daarbenewens was Melanchthon familie van Johannes Reuchlin, een van die beroemdste geleerdes in Europa en kenner van klassieke tale. Reuchlin is selfs deur die Dominikane van kettery en Judaïsering aangekla vanweë sy aandrang dat Hebreeus bestudeer moet word.

Melanchthon betoog ook dat die teologiese kurrikulum retorika, logika en grammatika moet insluit, omdat dit nie net bydrae tot die ontwikkeling van kognitiewe vaardighede nie, maar ook karakter bou. Vir die doel het Melanchthon 'n *Handleiding vir Logika* gepubliseer. Behalwe teologiese

werke skryf hy 'n reeks inleidings oor geskiedenis, fisika en die aard en wese van die mens. Dit was nie vanweë akademiese nuuskierigheid dat Melanchthon die studies en publikasies voorberei nie, maar dit moes dien as basis vir 'n onderwys en opvoeding program wat van elementêre skoolvlak tot universiteit dien.

Melanchthon se voorstel tot die hervorming van die universiteitswese word beskou as die basis vir Luther se 1524 brief aan die raadslede van die Duitse stede, waarin hy voorstel dat die owerheid openbare skole moet vestig. Onderrig sou voortaan nie op Aristoteliëse kategorieë en Skolastiek denke gefundeer wees nie, maar die Bybel moes as uitgangspunt dien.

Onderrig op skole moes as voorbereiding dien vir studie aan universiteite. Melanchthon het in 1528 veranderinge aan die teologiese kurrikulum voorgestel, wat die Universiteit van Wittenberg in 1533 implementeer. Hierdie kurrikulum was deel van 'n omvattende visie ten opsigte van onderrig en onderwys. In die ordinansies vir die skole van Mecklenburg verklaar Melanchthon in 1552:

God self het die Tien gebooe op klip tablette geskryf en opdrag gegee dat die boeke van die profete en die apostels gelees en geleer word... Omdat die leer uit hierdie boeke geleer word, is dit hoogs noodsaaklik dat mense sal kan lees. En wie ook al ander leer, moet self kundig wees, moet die totale inhoud van die leer en ken en moet weet waar en hoe die Heilige skrif die geloof ondersteun en verduidelik. Sodat daar sekerheid kan wees oor die interpretasie van die Heilige Skrif, moet daar baie wees wat die taal van die profete en apostels verstaan en wat deur middel van hulle insig kennis en getuienis kan lewer (González 2015:108, vertaling CP).

Vir Melanchthon was dit noodsaaklik dat teruggekeer word na die bronne, sodat Christus beter geken word. Die studie van die Bybel moes egter nie net kennis vermeerder nie, maar moes bydra tot 'n toegewyde lewe.

Vanuit hierdie agtergrond, kry twee werke van Luther veral aandag – sy *Groot Kategismus* en *Klein Kategismus* wat in 1529 geskryf is. Die twee kategismusse volg dieselfde patroon: Die Tien Gebooe, die Apostoliese Geloofsbelijdenis of Twaalf Artikels, die Ons Vader-Gebed, Doop en

Nagmaal. Die *Klein Kategismus* was gerig op kinders en Luther het verwag dat dit nie net in die kerk, maar tuis deur die ouers onderrig sal word. Die ouers moes by die kerk in die *Groot Kategismus* onderrig word.

Melanchthon se hervorming van die teologiese opleiding en onderrig het ook gestalte gevind in die inrigting van visitasie. In 1527 het 'n reeks visitasies plaasgevind wat moes nagaan of kerke en skole hulle taak volbring. Nie net administratiewe aangeleenthede het aandag geniet nie, maar die besoeke moes bepaal of die suiwer leer verkondig word. Die visitasie kommissies is saamgestel uit pastors, hoogleraars en persone met administratiewe vaardighede.

Melanchthon was deel van die besoek aan Thuringia en die gebreke wat hy daar vind, lei tot 'n dokument in 1528 uit die hand van Luther, maar waarvan Melanchthon waarskynlik die bron was: *Unterricht der Visitatoren an die Pfarrherrn im Kurfürstentum zu Sachsen*. Die eerste deel van die dokument was 'n samevatting van die Christelike leer soos wat dit in gemeentes en skole onderrig moes word. Die tweede gedeelte bevat 'n leerplan en die aandrang dat teologiese opleiding verdiep moet word.

Die gebruik om gewoon deur priesterwyding of ordening tot die amp toegelaat te word, word vervang deur studie in die teologie. Nie net moes pastors en predikante genoegsame kennis beskik om ander te onderrig nie, maar ook vaardig wees om Rooms Katolieke opponente se leer te weerlê (González 2015: 111).

Dit was op grond van Melanchthon se werk dat ander meewerk aan die formulering van 'n teologiese kurrikulum, soos Andreas Hyperius (1511-1564). Sy werk *De theologo, seu de ratione studii theologici* stel voor dat die kurrikulum verdeel word in die studie van die Bybel en interpretasie van die Bybel, die leerstellige of 'positiewe' teologie en praktiese studies. Laasgenoemde moes aandag skenk aan kerklike administrasie en regering, verkondiging, aanbidding en rituele.

Gelykluidend met Melanchthon het Bullinger in Zürich die teologiese kurrikulum ter hand geneem. Ook hy was daarvan oortuig dat die kurrikulum klassieke literatuur sowel as Bybelse en klassieke tale moet

insluit. Die studie moes egter ook aangevul word deur toewyding en aanbidding.

Dit was egter die akademie van Genève, onder leiding van Calvyn, wat verreikende gevolge vir teologiese opleiding en kurrikulum gehad het, asook sy 1542 kategismus. Dit het nie net die Sondag-middag onderrig van ouers en kinders ten doel gehad nie – ook die prediking of 'n vraag wat in die prediking aan die orde gekom het, is bespreek. So is die prediking verbind aan die onderrig van die gelowiges.

Calvyn was reeds vroeg besorg oor die teologiese opleiding en in sy 1541 *Ordonnances Ecclésiastique* skep hy naas die amp van dienaar van die Woord, ouderling en diaken ook die amp van dokter en verklaar dat hulle taak die onderrig van die ware leer is, sodat die evangelie nie deur onkunde of bose opinies besoedel word nie. Calvyn was daarvan oortuig dat lesings in die teologie “waardeur die dokter die Ou en Nuwe Testament behandel, is daardie daad wat die naaste is aan die bediening en regering van die kerk” (sien González 2015:113).

4.5. Slotsom

As taak van die eerste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1824 was die daarstel van *...der algemeene bepalingen van het bestuur der Hervormde Kerken in deze volksplanting*. Dit het ingesluit 'n oorhoofse verantwoordelikheid vir godsdiensoonderrig, teologiese opleiding en as verlenging daarvan visitasie.

Vanuit 'n reformatoriese perspektief kan gevra word wat teologiese opleiding behels, watter voorveronderstellings dien, hoe dit gestruktureer en georganiseer moet word, en hoe dien teologiese opleiding die kerk van Jesus Christus.

Hierdie oorwegings klink nie net vanuit die verlede nie, maar is relevant binne die konteks van die hede, veral in die lig van die aanvulling en uitbreiding van teologiese studie buite die raamwerk van die Universiteitswese soos dit gestalte vind in die Hervormde Teologiese Kollege, Hugenote Kollege, Mukhanyo Teologiese Opleiding en ander inisiatiewe, waaronder kuberruimtes.

Vrae soos wat die verhouding tussen kerk, fakulteit en universiteit behoort te wees; wat die verband tussen geloofsleer en teologie as wetenskap is en die belang van teologiese opleiding en onderrig vir die welwese van die kerk is steeds aan die orde. Hierdie vrae moet rekening hou met die agtergrond van die ontwikkeling van teologiese opleiding vanuit 'n ekumeniese en reformatoriese perspektief.

4.6. Bronnelys

Acta Synodi 1824, *Handelinge van die Algemene Sinode*.
<https://www.Kerkargief.co.za/acta/>.

Farley, E., 1983, *Theologia: The Fragmentation and Unity of Theological Education*. Fortress Press, Philadelphia.

González, J.L., 2015, *The History of Theological Education*. Abingdon, Nashville.

Van der Merwe, A.J., 1959, *Eeufeesuitgawe van die Kweekskool, Stellenbosch, 1859-1959*. NG Kerk, Kaapstad.

Van der Watt, P B 1980. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1824-1905*. NG Kerk: Pretoria.

5. DIE BELANG VAN DIE SINODE VAN EMDEN

Antionette Janse van Rensburg⁷⁵

5.1. Inleidend

Die Sinode van Emden het van 4 tot 13 Oktober 1571 in die Grote Kerk van Emden plaasgevind, ongeveer 80 jaar voor Jan van Riebeeck aan die Kaap van Goeie Hoop geland het. Die Sinode van Emden verteenwoordig 'n keerpunt in die geskiedenis van Nederlandse Kerkhervorming.

Te midde van intense vervolging en politieke onrus het hierdie sinodale vergadering die grondslag gelê vir die ontwikkeling van gereformeerde kerkreg en het 'n presbiteriaal-sinodale model van kerkbestuur geartikuleer. Die Sinode van Emden was van besondere belang vir die reformatoriese kerke in die Nederlande en, op 'n indirekte wyse, vir die gereformeerde kerke in Suid-Afrika.

Hierdie bydrae fokus op belangrike besluite wat tydens die Sinode van Emden geneem is, en tot vandag 'n beduidende invloed uitoefen op die kerkordes en kerklike praktyk van die reformatoriese Kerke in Suid-Afrika.

5.2. Historiese konteks van die Sinode van Emden

Die Kerkhervorming het vinnig deur Noord-Europa versprei. Die vervolging van Protestante, veral na die oorlog tussen Spanje en Nederland in 1566 uitgebreek het, het die getal vlugteling uit Frankryk, Nederland, Switserland, Duitsland, Engeland en Pole drasties laat toeneem. Na beraming het sowat 100 000 vlugteling hulle aan die Noordsee, en veral Emden, gevestig (Dreyer 2020:2). Emden was ver verwyderd van die Rooms-Katolieke Kerk se mag en invloed in die suide van Europa, en veilig vir die afgevaardigdes (Van Wyk 2022:20). Emden, met 'n toeganklike

⁷⁵ Dr. Antionette Janse van Rensburg is dosent in Historiese Teologie, Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van Pretoria.

hawe, was relatief maklik bereikbaar en het sodoende as toevlugsoord gedien.

Emden het 'n belangrike sentrum vir die Kerkhervorming geword, en die eerste volwaardige sinode in Nederland het daar plaasgevind. Gegewe die omvang van die vlugtelingkrisis, is daar tydens die sinode besondere aandag aan armsorg en barmhartigheid gegee.

Die Sinode van Emden het op 'n organiese wyse voortgebou op die Konvent van Wesel van 1568, wat oorspronklik in Emden sou plaasvind. Weens oorlogsomstandighede en pes wat in Emden uitbreek het, het die vergadering in Wesel plaasgevind (Pont 1971:148). Die Konvent van Wesel was egter nie 'n volwaardige sinode nie.

Die Sinode van Emden is die eerste sinode van die reformatoriese kerke in Nederland wat bindende besluite geneem het en die Nederlandse gemeentes kerkordelik gestruktureer het. Die Konvent van Wesel het nie oor sodanige bevoegdheid beskik nie, aangesien dit slegs 'n konvent en nie 'n amptelike sinode was nie.

Die sinode het bestaan uit 22 predikante en 5 ouderlinge, en het 53 formele besluite geneem.

5.3. Betekenis van die Sinode van Emden

Volgens Pont lê die primêre betekenis van die Sinode van Emden in die totstandkoming van 'n kerklike struktuur wat duidelik die invloed van Calvyn weerspieël (Pont 1981:110). Die Kerkhervorming in Nederland is sterk beïnvloed deur die Franssprekende Suide, en in besonder deur die teologie van Johannes Calvyn. Die eenheid en geloofsband tussen die Nederlandse en Franse kerke is tydens die Sinode van Emden formeel gevestig.

Een van die kenmerke van die Kerkhervorming was die vermoë om plaaslike gemeentes te verenig deur vergaderings van die ampte en kerkordes. Die vergadering het die weg gebaan vir 'n reeks daaropvolgende kerkordes en ordelike reëlins vir die doeltreffende regering van die reformatoriese kerke in Nederland. Die Sinode van Emden is die beginpunt van kerkregering wat stewig gegrond is op Calvinistiese kerkregtelike

beginsels. Hieruit het die presbiteriaal-sinodale stelsel ontstaan, wat sy samevatting en sistematisering in die Dordtse Kerkorde van 1619 gevind het (Pont 1971:150).

Die kerkorde wat die Sinode van Emden opgestel het, bestaan uit 53 artikels. Die eerste artikels is van besondere belang omdat dit die wese van gereformeerde kerkregering aanspreek. Artikel 1 artikuleer dit soos volg (sien Coertzen 2018:3):

Geen kerk mag oor 'n ander kerk heers nie; geen bedienaar van die Woord oor 'n ander bedienaar nie; geen ouderling oor 'n ander ouderlings nie; ook geen diaken oor 'n ander nie. En almal sal op hul hoede wees vir enige verlange om te heers.

Artikel 1 verwoord 'n fundamentele beginsel van die Reformasie: Jesus Christus is die enigste Hoof en Heer van die Kerk. Hierdie sogenaamde anti-hiërargiese beginsel (Kersten 1980:41) is gerig nie slegs teen die pous se gesag nie, maar waarskynlik ook teen biskoplike regeringsvorme in Engeland en Duitsland. Dit sluit aan by Artikel 31 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis en beklemtoon dat geen ampsdraer heerskappy oor 'n ander mag voer nie (Pont 1981:97-98). Hierdie uitgangspunt lê ten grondslag van die presbiteriaal-sinodale kerkregering, gegrond in die oortuiging dat Christus self die Kerk regeer (vgl. Ef. 1:22-23).

Hierdie model van kerkregering is tot vandag toe kenmerkend van gereformeerde kerke. Dit is ontwikkel op grond van Johannes Calvyn se *Ordonnances Ecclésiastiques* (sien Opitz 2006: 229-278) wat hy in 1541 in Genève opgestel en in 1561 hersien het. Hierdie beginsels het deur die 16de eeu in die Calvinistiese kerke van Nederland wortel geskiet en is kulmineer in die Dordtse Kerkorde van 1619 (Pont 1981:185). In hierdie stelsel staan een saak sentraal: Jesus Christus regeer sy kerk direk deur Woord en Gees, en indirek deur die ampte en hul vergaderings. Kerklike besluite word dus geneem in afhanklikheid van Christus en behoort uitdrukking te gee aan Christus se soewereine heerskappy oor die kerk. Orde in die kerk is meer as strukturele netheid - dit is 'n middel tot gemeenskap en die eenheid onder gelowiges onder en Hoof en Heer, Jesus Christus (Smit 1986:36).

Kersten (1980:53) wys daarop dat Artikel 1 saam met Artikel 53 gelees moet word. Volgens Van Wyk (2022:22) bring hierdie artikels 'n dialektiese spanning tussen hiërargie en independentisme na vore. In die Calvinistiese kerkregering neem ampsdraers gesamentlik in kerklike vergaderings besluite, onder leiding van die Heilige Gees en gegrond op die Skrif. Die vergaderings van die ampte bestaan uit die kerkraadsvergadering, die klassis en die sinode. Dit beteken dat geen ampsdraer die bevoegdheid het om onafhanklik van ander ampsdraers besluite te neem, of alleen beheer oor 'n gemeente uit te oefen nie.

Die Sinode van Emden bevestig verder drie ampte, te wete predikante, ouderlinge en diakens (Kersten 1980:41-42; Van Wyk 2022:23). Die predikant was verantwoordelik vir die verkondiging van die evangelie en bediening van die sakramente, die ouderling vir opsig en tug en die diaken vir diens en barmhartigheid (Dreyer 2020:5).

5.4. 1571 en 1824

Wat het 1571 met 1824 te doen? Vanuit 'n kerkregtelike perspektief was die Sinode van Emden van deurslaggewende belang vir die gereformeerde kerke in Suid-Afrika. Die beginsels wat Sinode van Emden geformuleer het, leef voort in die kerkordes van Suid-Afrikaanse gereformeerde kerke (Dreyer 2020:2).

Alhoewel die Sinode van Emden van 1571 en die eerste Algemene Kerkvergadering van 1824 in uiteenlopende historiese kontekste plaasgevind het, en teologies sowel as kerkordelik van mekaar verskil, is beide van onmiskenbare historiese betekenis as eerste kerklike vergaderings.

Die Sinode van Emden het plaasgevind in 'n tyd van krisis, politieke onrus en geloofsvervolging. Die nood van die tyd het gemeentes gedwing om gesamentlik te vergader om die kerk te struktureer en te orden. Dit is opmerklik dat die 16de eeuse Kerkhervorming en die selfstandigwording van die reformatoriese kerke, hand aan hand geloop het met die opstel van kerkordes.

In teenstelling daarmee het die Algemene Kerkvergadering van 1824 in 'n relatief 'vry' omgewing plaasgevind, en het die gereformeerde godsdiens vanweë die owerheid beskerming geniet. Tog was dit ook pioniersomstandighede, en moes die kerk aan die Kaap georden word. In die opsig deel Emden 1571 en Kaapstad 1824 die reformatoriese beginsel, dat alles in die kerk van Christus ordelik moet verloop. Beide vergaderings het gestreef na kerklike orde binne hul onderskeie kontekste van spanning en onsekerheid.

Die kerkregtelike beginsels en kerkordes van die Sinode van Emden en die eerste Algemene Kerkvergadering van 1824 verskil van mekaar, omdat die Algemene Kerkvergadering grootliks deur die Verligtingsdenke beïnvloed is. Daarom is die 1824 *Algemeen Reglement* wesenlik anders as die Emdense en Dordtse kerkordes. Tog is daar ook belangrike ooreenkomste:

- Beide vergaderings het gepoog om die kerk te organiseer en struktuur te gee aan kerklike bediening. In die reformatoriese tradisie is kerklike orde 'n belangrike beginsel.
- Beide vergaderings het plaasgevind in 'n tyd van politieke spanning en kerklike onsekerheid. Emden het plaasgevind teen die agtergrond van Protestantse vervolging; die Algemene Kerkvergadering van 1824 het plaasgevind te midde van die nagevolge van die Napoleontiese oorloë en die uitbreiding van die Britse koloniale mag.
- Beide vergaderings was daarvan oortuig dat die Woordverkondiging sentraal staan, en dat die verkondiging in die mense se moedertaal moes plaasvind.
- Beide vergaderings is saamgestel uit predikante en ouderlinge, wat deur gemeentes afgevaardig is.

Hoewel daar meer as twee eeue en verskillende vastelande tussen die twee gebeure lê, toon beide die Sinode van Emden en die Algemene Kerkvergadering van 1824 hoe kerklike orde en eenheid kan voortbestaan in tye van onsekerheid en verandering.

Die Sinode van Emden was 'n belangrike stap in die proses om die kerk te orden op grond van sekere beginsels en die veranderende konteks. Op soortgelyke wyse was die 1824 Algemene Kerkvergadering 'n eerste tree in die ontwikkeling van 'n bepaalde wyse van kerkwees in Suid-Afrika, een

waarin die struktuur van die kerk ten diens vir die gemeentes te wees. Die doel van die 1824 Algemene Kerkvergadering was om 'n kerkorde op te stel waardeur die Kaapse kerk selfstandig en onafhanklik kon funksioneer.

Volgens Dreyer (2024) moes hierdie vergadering besluite neem wat bepalend sou wees vir die voortgang van reformatoriese kerke in Suid-Afrika. Soos Van der Merwe (2024) dit stel: “Hoe die kerk werk moet altyd in diens van die roeping van die kerk wees”. Dit is 'n belangrike beginsel: Kerkordes behoort rekening te hou met veranderende omstandighede, diensbaar wees aan die gemeentelike praktyk en 'n lewende geloofsgemeenskap bevorder (Koffeman 2009:413).

5.5. Gevolgtrekking

Die betekenis van die Sinode van Emden lê daarin dat dit die verspreide en verstrooide gemeentes, na konsensus oor bepaalde beginsels, onder 'n kerklike orde verenig het (Pont 1971:149). Deur die formulering van kerkordelike beginsels en die daargestelling van kerklike orde, het die Sinode van Emden 'n blywende bydrae gelewer wat, soos van Wyk (2022:25) uitwys, in verskeie opsigte steeds geldigheid behou. Die invloed van die Sinode van Emden het 'n blywende ankerpunt geword vir die gereformeerde tradisie en het 'n betekenisvolle impak gehad op die ontwikkeling van kerkreg, ook in die Suid-Afrikaanse konteks.

5.6. Bronnelys

Coertzen, P., 2018, 'Freedom of religion: From the Church Order of Dordt (1619) to South Africa (2018)', *In die Skriflig* 52(2), a2353. <https://doi.org/10.4102/ids.v52i2.2353>

Dreyer, W.A., 2020, 'Die Sinode van Emden: Bakermat van die Nederduitse Kerke in Suid-Afrika', *In die Skriflig* 54(1), a2630. <https://doi.org/10.4102/ids.v54i1.2630>

Dreyer, W.A., 2024, 'Gelowig, gehoorsaam en dapper', viewed 25 June 2025, from <https://nhka.org/gelowig-gehoorsaam-en-dapper/>

Kleyn, G., 1888, *Algemeene Kerk en plaatselijke gemeente*, Morks, Dordrecht.

Kersten, G.H., 1980, *Kerkelijk Handboekje*, De Banier, Utrecht.

Koffeman, L.J., 2009. The Vulnerability Of The Church – Ecclesiological Observations. *Scriptura* 102 (2009): 404-415.

Opitz, P. 2006. In Faulenbach & Busch (eds). *Die Genfer Ordonnances Ecclésiastiques 1541/1561. Kritische Edition, Reformierte Bekenntnisschriften*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchner, pp. 229-278.

Pont, A.D., 1971, 'Die Kerkorde van Emden 1571', viewed 17 June 2025, from https://www.researchgate.net/publication/329054091_Die_Kerkorde_van_Emden_1571/fulltext/5bf37ba14585150b2bc39a21/Die-Kerkorde-van-Emden-1571.pdf.

Pont, A.D., 1981, *Die historiese agtergrond van ons kerklike reg*. Deel 1, HAUM, Pretoria.

Van der Merwe, J., 2024, 'Wat vier die NG Kerk werklik met die herdenking van die eerste Algemene Sinode in 1824?' viewed 26 June 2025, from <https://Kerkbode.christians.co.za/2024/07/09/johan-van-der-merwe-wat-vier-die-ng-Kerk-werklik-met-die-herdenking-van-die-eerste-algemene-sinode-in-1824/>

Van Wyk, B.J., 2022, *Kerk en Teologie 2 Hervormde Kerkreg*, Hervormde Teologiese Kollege, Pretoria

Smit, C.J. 1986. Kanttekeninge by Karl Barth se Kerkregbeskouing. *In die Skriflig*/In Luce Verbi, 20(78):38-40.

6. DIE LOEDOLFF-SAAK VAN 1862: RIGTINGWYSERS VIR DIE HERORGANISASIE VAN DIE NG KERKVERBAND

Johan van der Merwe⁷⁶

6.1. Inleidend

In die jaar waarin die 200 jarige bestaan van die sinodale kerkverband van die NG Kerk gevier word, is die verband opnuut onder druk. Verskeie voorbeelde ondersteun dié stelling. Sedert die besluit van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverbintenisse in 2015, was daar in verskeie gemeentes die oproep om uit algemene sinodale verband te tree. Omdat dit kerkregtelik nie moontlik is nie, is 'n beroep op streeksinodes gedoen om in die lig van Artikel 37 van die kerkorde van die NG Kerk uit algemene sinodale verband te tree.

Voorstelle wat tydens die 2021 sitting van die Oostelike Sinode op die tafel was, dien as goeie voorbeeld: In 'n beskrywingspunt van die NG Kerk Burgersfort is voorgestel dat die Oostelike Sinode uit algemene sinodale verband tree. Dit het soos volg gelui: “Die Sinode besluit om uit die verband met die Algemene Sinode te tree” (Oostelike Sinode Notule 2021:14). Alhoewel die besluit nie goedgekeur is nie, was daar soveel verdeeldheid daaroor in die vergadering dat daar met geslote stembriewe oor die voorstel gestem moes word. 'n Verdere voorstel wat goedgekeur is, wat bogenoemde bevestig het, soos volg gelui:

Die Sinode besluit dat indien die meerderheid gemeentes van Oostelike Sinode nie hul weg oopsien om uit die Algemene Sinode te tree nie, gemeentes wat nie langer deel van die Algemene Sinode kan wees nie, met leiding bedien sal word oor wyses waarop hulle wel uit verband met die Algemene Sinode kan tree (Oostelike Sinode Notule 2021:14).

⁷⁶ Prof. Johan van der Merwe is dosent in Historiese Teologie, verbonde aan die Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van Pretoria. Hierdie bydrae is reeds voorheen in die *Stellenbosch Theological Journal* Volume 10, Uitgawe 4 (November 2024) gepubliseer, en word met toestemming van die outeur hier geplaas.

Dit was nie net in die Oostelike Sinode waar kerkverband onder druk was nie. Die Vrystaatse Sinode het soos volg aan die Algemene Sinode berig (NG Kerk 2023:143):

Die NG Kerk in die Vrystaat (NG Kerk VS) het tydens haar 54ste sinodesitting in Maart 2022 in Bloemfontein, 'n aantal beskrywingspunte van gemeentes en twee ringe ontvang asook 'n verslag van ons Sinodale Taakspan Aktuele- en Leersake (STALS), met versoeke dat die Sinode kragtens Artikel 37 van ons Kerkorde uit algemene sinodale verband sal tree.

Die NG Kerk in Namibië het selfs 'n stap verder gegaan. Die Namibiese Sinode het tydens haar vergadering in 2022 besluit om die Algemene Sinode van die NG Kerk op te roep tot

hartgrondige bekering (2022 Sinode besluit verwys vir omskrywing). Indien hartgrondige bekering nie sou plaasvind nie, is dit die voorneme van die Namibiese Sinode om kragtens Art. 37 van die NG kerkorde uit die huidige verband met die NG Kerk se Algemene Sinode te tree. Die Taakspan Matteus 18, in oorleg met die Namibiese moderamen, oordeel dat genoegsame bekering nie by die Algemene Sinode plaasgevind het nie. Die Namibiese moderamen oordeel dus dat die Namibiese besluit van 2022 van krag is (NG Kerk in Namibië: 2023).

Die ontstaan van die Koinonia Sinode op 4 Mei 2023 is 'n verdere aanduiding dat kerkverband en met name die Algemene Sinode soos wat dit tans funksioneer vir baie lidmate nie aanvaarbaar is nie. Die Koinonia Sinode het ontstaan uit 56 gemeentes van die NG Kerk wat hulle nie verder met die besluite van die Algemene Sinode van die NG Kerk kon assosieer nie (Koinonia Sinode 2024). Die sinode het dit duidelik gemaak dat hulle hul “distanseer van samewerking met gemeentes en meerdere vergaderings wat die algemene sinode se dwaling ondersteun” (Eybers:2024).

Alhoewel sommige van hierdie gebeure amptelik as onkerkordelik bestempel is, kan die beroering binne die verband nie ontken word nie. Dit laat onwillekeurig die vraag ontstaan of die NG Kerk nie nodig het om haar verband nuut te herorganiseer soos dit by verskeie geleenthede in die

verlede gebeur het nie. Tweehonderd jaar gelede het die gemeentes van die NG Kerk hulleself sinodaal georganiseer. In 1862 is die verband wat so ontstaan het, verbreek deur die hofuitspraak in die bekende Loedolff-saak en moes gemeentes hulleself weer herorganiseer. In 1962 het die Kerk, na 'n lang soeke na meer formele eenheid, daarin geslaag om haarself weer in 'n Algemene Sinode te organiseer. Twee honderd jaar na die eerste vergadering van 1824 kan 'n herorganisasie van die verband moontlik help om die impasse waarin gemeentes hulle bevind aan te spreek. Hierdie bydrae poog om rigtingpeilers vir so herorganisasie te gee deur te fokus op die gebeure rondom die Loedolff-saak van 1862.

Eerstens sal daar verwys word na wat met kerkverband bedoel word. Voorts sal aandag gegee word aan die ontstaan van die eerste Algemene Sinode in 1824 voordat die Loedolff-saak en die gevolge daarvan aan die orde sal kom. Die bydrae word afgesluit met 'n aantal rigtingpeilers uit die gevolge van die Loedolff-saak wat moontlik ingedagte gehou kan word met 'n hernude organisasie van die NG Kerk. Die outeur wil dit duidelik stel dat dit nie ten doel het om die ontstaan, mandaat of bindende gesag van die besluite van die Algemene Sinode te bespreek nie. Dit val buite die fokus van hierdie bydrae.

6.2. Kerkverband in die NG Kerk

Om oor die organisasie of herorganisasie van die kerkverband van die NG Kerk na te dink, is dit belangrik om eers te vra na wat met kerkverband bedoel word. Kerkverband kan soos volg omskryf word:

Kerkverband is 'n hegte en kerkregtelik bindende vorm van kerkeenheid. Wanneer daar 'n kerkverband ontstaan, is dit 'n eenheidsband tussen kerke (plaaslike gemeentes) wat tot stand kom deurdat besluit word om in verskeie vorms van verband met mekaar te tree (Coertzen 2024).

Coertzen beklemtoon verder dat die verskillende vorms van verband tot stand kom op die prinsipiële veronderstelling dat die onderskeie gemeentes saamstem oor Skrif, belydenis en kerkorde en hulleself deur hierdie drie gebonde ag aan mekaar (Coertzen 2024). Wat duidelik uit hierdie definiëring van kerkverband na vore kom is die feit dat die besluit tot vorming van kerkverband by plaaslike gemeentes lê. Dit is gemeentes

wat besluit om hulleself in 'n bepaalde vorm van eenheid te groepeer of te organiseer wat gebaseer is op Skrif en belydenis.

Hierdie standpunt word deur Kleynhans ondersteun wanneer hy skryf dat belydenisgrondslag die basis van kerkverband vorm (Kleynhans 1985:1) Dit beteken dat die grense vir kerkverband eerder teologies op grond van Skrif en belydenis⁷⁷ as geografies of polities bepaal behoort te word. Alhoewel geografiese en politiese grense belangrik is in die administratiewe funksionering van kerkverband, mag dit nooit bepalend wees vir die grense van die verband nie.

Hierdie standpunt word bevestig deur die verslag van die Taakspan vir Kerkverband wat in 2019 voor die Algemene Sinode gedien het. In die verslag word gemeld dat kerkverband tot stand kom wanneer “gemeentes en kerke onderling hulle verband met en verbondenheid aan mekaar nastreef en uiteleef” (NG Kerk 2019:230). So gee hulle in verhouding en deur samewerking met mekaar prakties en konkreet uitdrukking aan die diepste oortuigings aangaande wie en wat die Kerk as liggaam van Christus is en bedoel is om te wees. Van die belangrike vertrekpunte wat in die verslag vir kerkverband geïdentifiseer word, is die volgende:

Gemeentes is volledig kerk, maar nie die hele kerk nie. Gemeentes tree met mekaar in verband op grond van hul gesamentlike roeping en belydenis. Gemeentes vergader saam in rings-, sinodale en algemene sinodale verband om mekaar tot diens te wees in hulle roeping as kerk. Alles wat in rings-, sinodale en algemene sinodale verband gedoen word, staan in diens van gemeentewerk... Gemeentes kom in die kerkverband saam as ringe en sinodes. Die onderskeie sinodes kom tans saam as die Algemene Sinode (NG Kerk 2019:231).

Die verslag beskryf kerkverband verder soos volg:

⁷⁷ Dit val buite die fokus van hierdie artikel om die belangrikheid van Skrif en belydenis in die vorming van kerkverband in diepte te bespreek. Dié tema is 'n onderwerp vir verdere navorsing en moontlike verdere artikels.

Onderlinge eenheid en verhoudinge tussen geloofsgemeenskappe (gemeentes) kom in 'n verskeidenheid van patrone van wedersydse samewerking en begeleiding wat verbande genoem word, tot uitdrukking. Kerkverbandspatrone is ten diepste veronderstel om praktiese kanale te wees waardeur die geestelike energie van die lewende liggaam van geloofsgemeenskappe tot diens in die Koninkryk, aan die wêreld en vir mekaar vloei (NG Kerk 2019:231).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat kerkverband binne die raamwerk van die ekklesiologiese identiteit⁷⁸ van die kerk verstaan moet word. Dit beteken dat kerkverband van gemeentes uitgaan omdat dit gemeentes is wat saamkom om verband tot stand te bring. Dit is dus 'n proses wat van binne na buite gebeur: van gemeente na meerdere vergaderings en nie anders om nie.⁷⁹

Hierdie verstaan van die ontstaan van kerkverband word ondersteun deur die vorming van verband 200 jaar gelede in 1824 maar ook in die gebeure wat uitgespeel het na die Loedolff-saak van 1862.

6.3. Die organisasie van 'n plaaslike kerkverband in 1824

Die verband met die moederkerk in Nederland het die gemeentes in die Kaap nie bevredig nie. Van der Watt meld verskeie redes daarvoor:

Die groot afstand wat die lande geskei het, swak kommunikasie, die feit dat gemeentes aan die Kaap nooit op meerdere vergaderings in Nederland sitting geneem het nie, en daarby die feitelike situasie dat gemeentes aan die Kaap los van mekaar bestaan het, het stemme weldra laat opgaan om 'n beter organisatoriese posisie vir die Kaapse gemeentes te skep (Van der Watt 1976:32).

⁷⁸ Alhoewel die verstaan van die ekklesiologiese identiteit van die NG Kerk kern belangrik is, val die bespreking daarvan buite die fokus van hierdie artikel.

⁷⁹ In die Gereformeerde tradisie word die verskillende vergaderings nie hiërargies georden nie. Dit is daarom nie 'n proses van onder na bo nie, maar wel van die kern waar gemeentes is, na buite waar meerdere vergaderings wat meerdere verteenwoordiging behels, saamkom.

As gevolg van die stadige tempo waarteen gemeentes gestig is, het die eerste gedagtes om 'n selfstandige kerkverband aan die Kaap te vorm, eers teen 1689 begin posvat. Die behoefte aan 'n eie kerkverband word bevestig deur 'n brief van ds. Henricus Beck in 1707 namens die kerkraad van Stellenbosch aan die Klassis van Amsterdam waarin hy (soos aangehaal deur Kleynhans) skryf:

te wensens ware't, dat wij met sulke affaires UEW niet mogten voorkomen, of moeilijk vallen; maar dat wij bij wijze van vergaderinge in 't midden van ons behandelt, konde afgedaan, en het sentiment van èen Kerkenraad door een groter vergaderinge bekrachtigt worden (Kleynhans 1973:285).

In 1743 is die deur geopen vir die organisasie van 'n eie kerkverband aan die Kaap toe Baron GW van Imhoff, Goewerneur-Generaal van Batavia, die Kaap besoek het en opdrag gegee het dat twee nuwe gemeentes gestig moes word. Dit het gelei tot die stigting van die gemeentes Tulbagh in 1743 en Swartland in 1745. Probleme wat die owerheid ondervind het met die vasstelling van gemeente grense het daartoe gelei dat die Politieke Raad op 30 Julie 1745 opdrag gegee het dat die vyf verskillende kerkrade in 'n gekombineerde vergadering moes saamkom om die probleme op te los (Van der Watt 1976:35). Dit het aanleiding gegee tot die eerste *Gekombineerde Kerkckvergadering* wat in Januarie 1746 vergader het. Hierdie eerste kerklike verband wat tussen die gemeentes in die Kaap ontstaan het, is egter in 1759 deur die Kaapse regering afgeskaf. Van der Watt oordeel tereg oor hierdie gebeure wanneer hy skryf dat die afskaffing van die gekombineerde kerkvergadering 'n gevoelige verlies vir die NG Kerk was omdat dit die "normale kerkregtelike ontwikkeling van die kerk ontwrig en vertraag het" (Van der Watt 1976:38).

Die droom van 'n eie kerkverband aan Kaap sou moes wag vir die kerkorde van Kommissaris-Generaal J.A. de Mist wat in 1804 gepubliseer is. In die *Provisionele Kerken-orde voor de Bataafsche volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop* het de Mist voorsiening gemaak vir die konstituering van 'n sinode (Van der Watt 1976:39). Die Kaapstadse kerkraad is verantwoordelik gemaak vir die saamroep van die vergadering (Kleynhans 1973:297). As gevolg van politieke woelinge aan die Kaap het bykans 20 jaar verloop voordat die vergadering byeen sou kom (Van der Watt 1976:40).

Op 19 Junie 1824 het drie predikante, di. J.H. von Manger, J.C. Berrangé en A. Faure van Gemeente Kaapstad, die leemte van 'n verband tussen die gemeentes in 'n brief aan Lord Charles Somerset uitgewys. Kleynhans haal soos volg aan:

Toen deze Volksplanting met de Nederlanden vereenigd was warden de Leeraars der Koloniale Kerk beschouwd als behorende tot de Classis van Amsterdam en in kas van appèl werd het aan de decisie van gem. Classis overgelaten. Zedert hare Vereeniging met Groot Brittanniën worden de Leraars de Koloniale Kerk, eenigermate aan zichzelve overgelaten, en in kerkelycke zaken, hetzy die leer of pligt betroffen, kon de Kerkenraad zich by geen hooger kerkelycke gerigt vervoegen (Kleynhans 1973:298).

Hulle het voorts 'n beroep op die Goewerneur gedoen om ingevolge Artikels 46 en 47 van die vigerende kerkorde 'n sinode byeen te roep (Kleynhans 1973:298). Op 23 Junie 1824 het die leraars 'n brief ontvang waarin hulle meegedeel is dat Somerset ingestem het tot hulle versoek⁸⁰(Handelingen 1824:5). Die toestemming wat so verleen is het die weg gebaan vir die Kaapstadse kerkraad om die ander gemeentes vir 'n eerste vergadering op te roep.

Op 6 September 1824, "*ingevolge art. 46 van de Kerkorde van de Mist word die Predikanten en gedeligueerde Kerkeradsleden, uit de gevestigde Hervormde Kerken Gemeenten binne deze Colonie*" opgeroep om op 2 November 1824 'n kerklike vergadering by te woon (Kleynhans 1973:299).

Die historiese belang van hierdie gebeurtenis word bevestig met die bekendmaking van die amptelike opening in die *Kaapstadsche Courant* en 'n uitnodiging aan die publiek om die amptelike opening by te woon. Die vergadering sou na die opening agter geslote deure met sy werksaamhede voortgaan (Kleynhans 1973:300).

⁸⁰ Dit is soos volg verwoord: "His Excellency's entire approbation of proposed measure."

Van die 14 gemeentes was 12 teenwoordig.⁸¹ Van der Watt oordeel korrek wanneer hy sê dat die konstituering van “*het Synode der Nederduitsche Gereformeerde Kerk*” ’n gewigtige keerpunt in die geskiedenis van die NG Kerk was (Van der Watt 1976:42). Hy gaan voort: “Dit was die eerste skrede op die weg wat onvermydelik moes uitloop op die vrymaking van die kerk van alle staatsoorheersing, maar boonop die resultaat van ’n lang stryd om organisatoriese eenheid” (Van der Watt 1976:42).

Die sinode van 1824 was nie ’n eenmalige vergadering nie. Die vergadering het besluit om tweejaarliks te vergader (Brown 2002:87). Brown maak die volgende stelling oor die vergadering: “Die eerste sinode van 1824 het die basis en riglyn van ’n belangrike instelling in die NG Kerk geword wat steeds primêre besluitnemingsbevoegdheid het. Die sinodes het sedertdien ook die mondstuk vir die Kerk geword. Sinodale uitsprake is hierna noodwendig met groter gesag beklee as dié van kerkrade” (Brown 2002:87).

Alhoewel Brown korrek is in sy oordeel, is die vraag of dit nie juis die rede vir die huidige storm rondom kerkverband in die NG Kerk is nie. Alhoewel verband uit gemeentes ontstaan het, het die kerkverband van die NG Kerk so ontwikkel dat gemeentes nie meer direk inspraak in die besluitneming prosesse van die Algemene Sinode⁸² het nie, omdat die vergadering nie uit afgevaardigdes van gemeentes bestaan nie.

6.4. Die Kerkverband gedwing om te herorganiseer

6.4.1. Die aanloop tot die Loedolff-saak

Die kerkverband wat in 1824 tot stand gekom het, was van korte duur. In 1862 is die kerk deur ’n hofuitspraak gedwing om haar kerkverband te herorganiseer. Dit was die gevolg van die bekende Loedolff – saak van 1862.

⁸¹ Gemeentes teenwoordig was: Kaapstad, Stellenbosch, Paarl, Tulbagh, Zwartland, Graaff-Reinet, Swellendam, Caledon, George, Uitenhage, Somerset-Wes en Worcester. Afwesig: Cradock en Beaufort-Wes (Van der Watt 1976:41).

⁸² Die Algemene Sinode van die NG KERK word uit sinodes saamgestel en nie uit gemeentes nie.

Om die belangrikheid van hierdie hofsak en die betekenis daarvan in die regte konteks te plaas is dit nodig om terug te blaai in die geskiedenis na twee belangrike sake, naamlik: *Ordinansie No. 7* wat in 1843 aanvaar is en die ontstaan van die Ring van die Transgariep in 1850. Die belang van *Ordinansie 7* is geleë in die feit dat dit die kerkorde van De Mist herroep het. Van der Watt is korrek wanneer hy skryf dat hierdie ordinansie “die verhouding van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tot die staat vasgelê het” en ook dat dit die “grondslag gevorm het waarop die kerkregtelike ontwikkeling van die kerk berus het” (Van der Watt 1973:37).

Een van die groot winspunte van die nuwe ordinansie was die feit dat die Kommissaris-Politiek afgeskaf is. Dit het die praeses van die sinode van 1847 laat melding maak van “*de vrijheid welke dit ons Kerkgenootschap van Staatswege, sedert onze laatste bijeenkomst hebbe bekommen*” (Handelingen 1847:251). Volkome vryheid van die owerheid was dit egter nie. Ten spyte van die feit dat die kerk toegelaat is om haar eie inwendige sake te reël, het die owerheid algemene toesig bly behou. Belangrik vir die fokus van hierdie bydrae is die feit dat die Goewerneur oor die grense tussen gemeentes geraadpleeg moes word (Van der Watt 1968:38). Dit sou deurslaggewend wees vir die Loedolff-saak van 1862.

Die tweede belangrike gebeurtenis, was die ontstaan van die Ring van die Transgariep. Met die verhuising van meer lidmate na die binneland en die stigting van gemeentes in die Vrystaat, Natal en Transvaal, het formele kontak met die Kaapse Kerk 'n dringender behoefte geword. Die Sinodale Kommissie van die Kaapse Sinode het daarom in 1850 besluit om die gemeentes aan die oorkant van die Grootrivier te versoek om die Ring van die Transgariep te vorm. Nadat die onderskeie kerkrade die versoek goedgekeur het, het die Ring met ses gemeentes tot stand gekom: Pietermaritzburg, Winburg, Fauresmith, Smithfield, Bloemfontein en Harrismith (Van der Watt 1973:62).

Dit is egter hierdie uitbreiding van die NG Kerk buite die grense van die Kaapkolonie, wat die NG Kerk met *Ordinansie 7* voor die burgerlike hof sou laat beland. Van der Watt skryf dat twyfel oor die uitbreiding buite die koloniale grense veroorsaak is deur die willekeurige gebruik van die woorde “*Zuid- Afrika en deze Volksplanting*” (Van der Watt 1973:83).

Die afgevaardigdes van buite die koloniale grense het in 1852 vir die eerste keer sitting geneem tydens die sinode. Onmiddellik was die reaksie uit die sinode van so aard, dat daar besluit is om eers 'n regsmenting in te win. Die probleem was die bewoording van seksie 2 van *Ordinansie 7* wat verwys het na "*binnen de Kolonie*". Die Prokureur-Generaal, William Porter, wat instrumenteel was in die formulering van *Ordinansie 7* het ten gunste van inlywing geadviseer. Hy skryf onder meer: "*The Ordinance appears to me to contemplate the Church as a Spiritual Body, unconfined by territorial, or, to speak more accurately by colonial limits. It designates that Spiritual body as the Dutch Reformed church in South Africa.*" Volgens Porter het aardrykskundige of koloniale grense nie vir die kerk bestaan nie, juis omdat dit 'n *spiritual body* was.

Tydens die vergadering van die Sinode van 1857, is die vraag na sittingsreg van gemeentes buite die grense weer gevra, maar het dit tot 'n vraag beperk gebly. Die tafel is egter gedek vir 'n hewige stryd in die kerk wat tydens die sinode van 1862 op 'n spits gedryf sou word.

Die persoon wat in die geskiedenis bekend geword het as die een wat die samestelling van die kerkverband soos wat dit sedert 1824 ontwikkel het tot 'n einde gebring het, was Hugo Hendrik Loedolff (Van der Watt 1973:90). Loedolff het reeds tydens die sinode van 1857 die vraag gevra of gemeentes uit die Vrystaat sittingsreg op die sinode het (Handelingen 1857:64). Op dag 21 van die vergadering het hy op 'n punt van orde gevra

of ingevolge Ordonn. No.-7 1843. Sect. 4.7 en de preamble, de Vergadering wettiglijk te zamen is gesteld en vergaderd, en vooral daar de Oranje Vrijstaat een onafhankelijk is verklaard in 1854, en dus na de gegeven opinie van den Procureur-Generaal in 1852 (Handelingen 1857:64).

Die saak het oorgestaan tot die volgende dag, Maandag 9 November 1857 waartydens die vergadering die saak breedvoerig bespreek het. Die saak is vir eers tot 'n einde gebring deur 'n voorstel van die actuarius wat soos volg geleidelik het en aanvaar is: "*De Synode acht niet noodig verder te treden in deze bedenking van den Oudeling van Zwartland*" (Handelingen 1857:65). Loedolff was egter nie tevrede nie en sou in aanloop tot die sinode van 1862

die kerk dikwels in die publieke arena aanval.⁸³ Van der Watt is van mening dat die stryd om die samestelling van die sinode oor veel meer as blote kerkregtelike sake gehandel het. Hy skryf: “By nadere ondersoek word dit duidelik dat die stryd teen die samestelling van die Sinode, soos dit sedert 1852 was, opgekom het uit liberale geledere. Bewys hiervoor vind ons in die feit dat dit sonder uitsondering die vrysinnige element in die Kaapse sinode was, wat teen die ortodokse predikante en ouderlinge van die Transgariep opgetree het” (Van der Watt 1973:94). Hierdie stelling van prof. Van der Watt is belangrik wanneer in ag geneem word waarom gemeentes in die NG Kerk tans nuwe verbande wil vorm.

6.4.2. HH Loedolff vs. die Ned. Geref. Kerk

Met die aanvang van die sinode van 1862 het Loedolff die saak op die spits gedryf⁸⁴. Op die eerste sittingsdag het hy beswaar gemaak teen die sittingsreg van die afgevaardigdes van die gemeente Pietermaritzburg (Handelinge 1862:5). Met die verkiesing van die moderatuur het Loedolff beswaar gemaak teen die stemreg van die afgevaardigdes buite die grense van die Kaapkolonie. Beide sy besware, wat van die hand gewys is, was gebaseer op die feit dat geen ander persone as slegs diensdoende predikante en ouderlinge uit “*deze Kolonie*” sitting en stemreg in die sinode gehad het nie (Van der Watt 1977:110) en dat die sinode van 1852 geen reg gehad het om die regulasies te verander deur die woorde ‘*deze Volksplanting*’ met ‘*Zuid Afrika*’ te vervang nie.

Met die afwysing van hierdie besware van Loedolff het hy hom uit protes teen die sinode se besluit tot die burgerlike hof gewend. Op 18 November 1862 het die aansoek om ’n interdik teen die sittingsreg van ds. A.A. Louw van Fauresmith op die Kaapse sinode voor die Hooggeregshof gedien (Van der Watt 1973:102). Hierdie aansoek is deur die hof van die hand gewys. Dit sou Loedolff egter nie keer nie en op 26 November 1862 het die tweede

⁸³ Vir detail in die verband sien Van der Watt, PB 1973 Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1862-1962 p 93.

⁸⁴ Vir ’n gedetailleerde bespreking van die Loedolffsaak: Sien van der Watt 1973 P104 -119.

fase van die hofsak 'n aanvang geneem. Die aansoek wat deur adv. C Brand voor die hof gebring is, word deur Van der Watt soos volg aangehaal:

Om al hetwelk genoemde klaers, die leden zijn der Nederduitsch Gereformeerde Kerk van deze Kolonie, verzoeken dat het besluit der Synode, gedateerd 18 October 1852, ter inlijving van de Transvaal gemeenten, en de wijziging gemaakt in Art 11, 12 en 13 dier wetten en bepalingen, als van nul en geener waarden wordt verklaard; en dat genoemde Andries Adriaan Louw verklaard word niet geregtigd om zitting te nemen, te beraadslagen en te stemmen op de bijeenkomsten van genoemde Synoden, of aan hare handelingen deel te nemen (Van der Watt 1973:104).

Brand se hele betoog was gegrond op die feit dat die woorde “Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid Afrika” in Ordinasie 7 niks anders beteken het as die Ned. Geref. Kerk in die Kaapkolonie nie (Van der Watt 1973:104). Die regters het dieselfde dag hulle uitspraak gelewer. Van der Watt haal die beslissing soos volg aan:

That the said Andries Adriaan Louw be declared not entitled to sit, deliberate, and vote at the meetings of the said Synod, or to take any part in their proceedings. No costs (Van der Watt 1973:109).⁸⁵

6.4.3. Gevolge van die Loedolff-saak

Die kerkregtelike gevolge van die hofuitspraak word deur Van der Watt soos volg beskryf: “Dit was op kerkregtelike gebied dat die gevolge van hierdie uitspraak ingrypend sou deurwerk met die verbreking van die kerkverband tussen gemeentes van die Ned. Geref. Kerk binne en buite die Kaapkolonie” (Van der Watt 1973:129). Hierdie gebeure sou aanleiding gee tot die konstituering van drie nuwe sinodes, naamlik: Oranje Vrystaat 1864, Natal 1865 en Transvaal 1866.

⁸⁵ Vir 'n meer volledige opsomming van die uitspraak, sien: *The Porter Speeches*, p 87

Twee belangrike sake staan uit in die kerkregtelike gevolge van die Loedolff-saak:

Die eerste belangrike saak is die feit dat die staat politieke grense op die kerkverband afgedwing het en die kerkverband tot die Kaapkolonie begrens het. Dit het die gemeentes van die NG Kerk gedwing om te herorganiseer. Adv. Watermeyer wat namens die kerk in die hof verskyn het, het volgens Van der Watt tereg die denkbeeld bestry dat die kerk se grense verbind is aan of afhanklik was van die staat se grense (Vd Watt 1973:106). Dit was ook in lyn met die uitspraak van Porter toe hy die Kerk 'n *spiritual body* genoem het. As in ag geneem word dat Kerkverband tot stand kom wanneer gemeentes op grond van gemeenskaplike belydenis met mekaar in verband tree, is die logiese afleiding dat die verband wat so tot stand kom haar eie grense bepaal en dat hierdie grense teologies van aard is.

Hierdie is 'n belangrike beginsel wat ook in die huidige debat oor grense binne die verband van die NG Kerk in gedagte gehou moet word. Die gebeure rondom die Loedolff-saak daag die Kerk uit om eerstens vanuit 'n ekklesiologiese vertrekpunt na kerkverband te kyk. In die Loedolffsaak is die kerk *de jure* beskou as 'n blote vereniging net soos enige ander menslike genootskap (Van der Watt 1973:120). Dit het beteken dat die betrekking tussen die kerk en sy lidmate dieselfde beskou is as die betrekking tussen twee kontrakterende partye, en kerklike en geestelike sake is volgens hierdie ooreenkoms gereël.

Die kerk van Christus is egter veel meer as 'n blote vereniging. Die kerk moet gesien word in verband met, of as deel van die geheel van God se handeling met die mens in die wêreld. Dit is God wat handel en die kerk in die wêreld konstitueer (Heyns 1981:352). Hoe die verstaan van die kerk die kerkreg en kerkorde van 'n kerk beïnvloed, word deur Koffeman soos volg beklemtoon: "*Kerkrecht is altijd verankerd in een theologische visie op de kerk die in een bepaalde gemeenschap, meer of minder expliciet, bepalend is of althans bepalend was ten tijde van het aanvaarde van die kerkorde*" (Koffeman 2009:11). Hy is verder tereg van mening dat ekklesiologie en kerkreg aan mekaar verbind is, en beklemtoon dan: "*Kerkordes maken keuzes -en moeten die maken - met betrekking tot fundamentele*

ecclesiologiese vraen” (Koffeman 2009:12) wat spesifiek dan ook die grense van die kerk insluit.

Wanneer daar binne die NG Kerk besluite geneem word oor kerkverband en grense van die verband, moet die vertrekpunt in die eerste plek ekklesiologies en nie juridies van aard wees nie. Dit is God wat sy kinders in gemeentes versamel en dit is gemeentes wat onder leiding van die Gees saamkom om kerkverband te vorm. Dit beteken dat die gesag van die Skrif en belydenis die grondslag moet wees vir die vorming van nuwe verbande

Tweedens bevestig die gebeure wat na die Loedolffsaak buite die grense van die Kaapkolonie afgespeel het die Gereformeerde standpunt dat dit gemeentes is wat hulleself organiseer om verband te vorm, en dat die verband wat so gevorm word, haar eie grense bepaal.

Nadat die Hooggeregshof op 26 November 1862 ten gunste van Loedolff beslis het, en die uitspraak aan die Kaapse sinode voorgehou is, moes die afgevaardigdes van buite die kolonie die vergadering verlaat (Handelingen 1862:105). Van der Watt interpreteer die gebeure soos volg: “Dit was ’n hartroerende gebeurtenis toe die oomblik aanbreek het, waarin die werklikheid en gevolge van die uitspraak gestalte gekry het en die moderator namens die vergadering die lede wat deur die uitspraak geraak was, versoek het om die sinode te verlaat” (Van der Watt 1973:109). In die afskeidswoorde van die vertrekkende leraars is onder meer melding gemaak van die groot wond wat die sinode toegedien is en die smart en teleurstelling wat lede belewe by hul vertrek uit die vergadering (Van der Watt 1973:110).

Minder as ’n jaar later, het die gemeentes in die Vrystaat hulleself begin organiseer om ’n nuwe verband te vorm. ’n Kerkvergadering is op 11 September 1863 in Bloemfontein saamgeroep waar die toekomstige posisie van die kerk in die Vrystaat bespreek is. ’n Volgende kerklike konferensie het op 9 November 1864 te Smithfield saamgekom en op 15 November is *“in naam des drieënige God de Synode van den Oranjevrijstaat wettig geconstitueerd”* (Van der Watt 1973:130). Van der Watt is van mening dat alhoewel die eerste sinodale byeenkoms eers op 10 Mei 1865 in Bloemfontein saamgekom het, 15 November 1864 die datum is waarop die

Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat tot stand gekom het (Van der Watt 1973:130).

Tydens die sitting van die Ring van Natal in 1863 te Utrecht, is besluit om in 'n eie sinodale verband te organiseer. Op 7 Junie 1865 het die eerste Sinode van die Natalse gemeentes in Pietermaritzburg gekonstitueer (Uittreksel Notule 1865:1).

Die koms van ds. F Lion Cachet na Utrecht het ook nuwe hoop aan die gemeentes in Transvaal gebring. Na oorleg met die kerkrade van ander gemeentes het die kerkrade van Utrecht en Lydenburg die ander gemeentes in Transvaal opgeroep tot 'n algemene vergadering te Utrecht op 3 Desember 1866. Op die vergadering is besluit dat: *“al de gemeenten der Nederduitsch Gereformeerde Kerk in de republiek nu hier verteenwoordigd, vereenigd worden, onder een Kerkbestuur als de Nederduitsch Gereformeerde Kerk in de Z.A. Republiek* (Handelingen 1866:7).

Die uitspraak in die Loedolffsaak het dus veroorsaak dat die gemeentes buite die Kaapkolonie hulleself in drie afsonderlike sinodale verbande georganiseer het. Vir die doel van hierdie bydrae is hierdie gebeure van uiterste belang. Dit is nie van buite of deur 'n meerdere vergadering op hulle afgedwing nie, maar het spontaan gebeur net soos wat dit met die ontstaan van die Kaapse Sinode in 1824 gebeur het. Die ontstaan van die sinodes van die Oranje Vrystaat, Natal en Transvaal bevestig die feit dat verband gevorm word wanneer gemeentes saamkom en dat die verband wat so ontstaan haar eie grense vorm.

6.5. Die Loedolff-saak: 'n Rigtingwyser 200 jaar later

Die gevolge van die Loedolffsaak was ingrypend. Tog bied dit bepaalde rigtingwysers aan die NG Kerk in die huidige nadenke oor Kerkverband:

Eerstens is die NG Kerk as gevolg van die hofsaak gedwing om te herorganiseer. Dat dit kon gebeur sonder dat daar van kerkskeuring sprake was, is belangrik. Die kerk het haarself in drie nuwe sinodes georganiseer, maar steeds NG Kerk gebly. Die feit dat nuwe verbande tot stand gekom het, is nooit as kerkskeuring beskou nie. Dit was nie nuwe kerke wat tot

stand gekom het nie, maar nuwe sinodes. Van der Watt (1973:132) beklemtoon:

Die gemeentes buite die Kaapkolonie het egter die weg opgegaan van 'n afsonderlike kerkverband vir die NG Kerk in die verskillende provinsies, wat in die verloop van jare 'n besondere stempel geplaas het op die kerklike lewe. In besonder is daar geen afsonderlike kerke gestig nie, maar in die praktyk het dit dikwels die skyn aangeneem asof die weg opgegaan word. Dit was so ongelukkig as wat dit onnodig was. Die hofbeslissing het nie die kerk nie, maar die kerkverband geraak.

Hierdie beginsel moet ook vandag in ag geneem word. Indien nuwe verbande as gevolg van herorganisasie van die kerkverband ontstaan beteken dit nie noodwendig kerkskeuring nie. Dit is presies wat die woord sê: "herorganisasie" wat net soos in die verlede met die verband en nie met die kerk self te doen het nie.

Tweedens was dit gemeentes buite die Kaapkolonie wat besluit het om saam te kom en nuwe verbande te vorm. Die inisiatief het van gemeentes uitgegaan en die gemeentes het die grense van die verband bepaal. Daarom is daar afsonderlike sinodes in die Vrystaat, Natal en Transvaal gevorm. Hierdie beginsel dat gemeentes saamkom om verband te vorm is in lyn met die Gereformeerde verstaan van kerkverband. Van der Watt is korrek wanneer hy skryf dat een sinode noord van die Garieprivier voldoende sou wees (Van der Watt 1977:119). Dat dit nie so gebeur het nie, was eerder te wyte aan politieke faktore. Eksterne faktore, het dus 'n baie groter rol gespeel as teologiese belydenis. Daarteen moet gewaak word in 'n moontlike herorganisasie van die sinodale verbande van die NG Kerk.

Derdens is die feit dat die grense van die nuwe verbande bloot met die politieke grense van die tyd saamgeval het, tekenend van die onderhandelbaarheid daarvan. Sinodale grense is in die verlede deur die konteks wat geografies of selfs polities kon wees, bepaal, wat beteken dat dit kan verander namate die konteks van die gemeentes verander. Gemeentes wat wil saamkom om nuwe verbande te vorm of om by ander verbande binne die NG Kerk aansluiting wil vind, moet gehelp moet word om dit so naatloos as moontlik te doen. So word die eenheid van die kerk gedien.

Laastens was teologie 'n belangrike rolspeeler agter die gebeure van 1862. Alhoewel die hofbeslissing op *Ordinansie 7* berus het, en die saak deur die hof beslis is, het teologiese verskille 'n belangrike rol gespeel in die aanloop tot die hofsaak. Van der Watt beklemtoon die feit dat die stryd agter die hofsaak 'n stryd tussen die voorstanders van leervryheid met die ortodokse rigting in die kerk was (Van der Watt 1973:95). Dit bevestig die feit dat teologiese verskille in die kerk ook kan bydra tot die ontstaan van nuwe verbande sonder dat dit as kerkskeuring getipeer hoef te word.

Indien van die standpunt uitgegaan word dat gemeentes verband vorm soos wat na die Loedolff-saak gebeur het, is die volgende resente voorbeeld uit die NG Kerk, 'n voorbeeld van hoe so proses kan verloop: In 2012 het die NG Gemeente Monumentpark-Wes versoek om deel te word van die Ring van Pretoria-Oos. Die gemeente was histories deel van die Ring van Lyttelton en die Oostelike Sinode van die NG Kerk. Aansluiting by die Ring van Pretoria-Oos het beteken dat die gemeente ook voortaan in die Noordelike Sinode van die NG Kerk sou tuis kom. Die proses wat gevolg is, word duidelik uit 'n brief van dr. G. Cloete aan die Algemene Sekretaris van die NG Kerk, dr. K. Gerber. In die brief skryf hy:

Die gemeente Monumentpark-Wes het versoek om by die Ring van Pretoria-Oos gegroepeer te word. Die twee betrokke ringe (Pretoria-Oos en Lyttelton) het reeds die versoek hanteer en goedgekeur. Die Sinodale Diensrade van die Noordelike- en Oostelike Sinodes het dit ook goedgekeur. Indien die gemeente by die Ring van Pretoria-Oos inskakel, bring dit onvermydelik 'n wysiging in sinodegrense mee. Volgens KO art 32 is die goedkeuring van 'n wysiging 'n funksie van die ASM. Hiermee dan die formele versoek vanaf die Sinodale Diensrade van die Noordelike- en Oostelike Sinodes dat die ASM die grens tussen die Noordelike- en Oostelike Sinodes so sal wysig dat Monumentpark-Wes by die Noordelike Sinode gegroepeer word (Cloete 2012).

Hierdie versoek is op 1 Maart 2012 tydens die vergadering van die Algemene Sinodale Moderamen goedgekeur en so het die gemeente nie net deel geword van 'n nuwe ring nie, maar ook aansluiting gevind by 'n nuwe sinode (Noordelike Sinode 2012). Indien die proses gevolg is, geanaliseer word, word die volgende duidelik:

- Die kerkraad het die besluit geneem om die gemeente se verband te wysig.
- Daarna is dit deur beide ringe, die Ring van Lyttelton en die Ring van Pretoria - Oos goedgekeur.
- Die Sinodale Diensrade van beide Oostelike en Noordelike sinodes het dit daarna goedgekeur waarna dit aan die Algemene Sinodale Moderamen voorgelê is vir goedkeuring.
- In die proses is ook besluit dat die gemeente se finansiële en ander verpligtinge teenoor Oostelike sinode oor 'n tydperk van drie jaar uitgefaseer sou word en in dieselfde tydperk by Noordelike sinode ingefaseer sou word (Van der Schyff 2011).

Die verloop van die proses was van gemeente (kerkraad) na ring na sinode na Algemene Sinode. Dit is 'n eenvoudige proses wat ook die ekklesiologiese verstaan van wat die kerk is, honoreer. Die herorganisasie wat so plaasgevind het, het volgens Artikel 32 van die Kerkorde van die NG Kerk verloop. Dit beteken dat gemeentes nog altyd volgens Artikel 32 kon versoek om by 'n ander verband in te skakel – wat in wese die herorganisasie van die kerkverband behels. Artikel 32 van die kerkorde van die NG Kerk lui soos volg:

Die sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen gewysig word op versoek en met goedkeuring van die betrokke sinode(s)/sinodale kommissie (Kerkorde 2019:10).

Wat nou deur baie gemeentes versoek word is dat dieselfde proses net op groter skaal plaasvind.

6.6. Slot

Tweehonderd jaar het verloop sedert die eerste *Algemene Synode* van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op 2 November 1824 in Kaapstad gekonstitueer het. Dit was 'n waterskeidingsoomblik in die geskiedenis van die NG Kerk in Suid-Afrika. Vir die eerste keer kon gemeentes in verband met mekaar tree. Die verband wat so ontstaan het, is in 1862 deur die Loedolf-saak verwoes en gemeentes moes noodgedwonge hergroepeer

om nuwe verbande te vorm. Dit het nie die kerk geskeur nie, maar bloot gelei tot nuwe sinodes in die Vrystaat, Natal en Transvaal.

Die NG Kerk is weer by 'n waterskeiding wat kerkverband betref. Die gevolge van die Loedolff-saak kan die kerk help om die proses want tans uitspeel so te bestuur dat dit eenheid binne die NG Kerk gediën word. Ten einde dit te bewerkstellig kan gemeentes volgens 'n eenvoudige bestaande prosesse (Kerkorde Artikel 32) toegelaat word om self te besluit met wie en waar hulle in verband wil tree. Die enigste vereiste behoort Skrif en belydenis te wees. Dit sal nie net die kerk se eie ekklesiologie honoreer nie, maar die pad oopmaak vir 'n kerk wat anders lyk, maar steeds een bly.

6.7. Bronnelys

Brown, W. 2002. 1824 *Die eerste sinode vestig 'n Kerkverband, In 350 jaar Gereformeerd*. Kaapstad: Lux Verbi.

Cloete, G. 2012. Brief gedateer 27 Februarie 2012 gerig aan die Algemene Sekretaris van die NG KERK: Persoonlike korrespondensie van die outeur.

Coertzen, P. 2024. Kerkverband. In Christelike Kernensiklopedie. <https://ecke.co.za/Kerkverband/> besoek op 15 April 2024.

Eybers, J. 2024. Rapport 18 Februarie 2024. Krisis-uur breek aan vir die NG Kerk <https://www.netwerk24.com> besoek op 12 April 2024

Extrakt van Notulen van de Algemene Kerkvergadering te Pietermaritzburg 1865.

https://www.Kerkargief.co.za/doks/KN_Notule_1865 besoek op 20 April 2024.

Handelingen van der Eerste vergadering van de Algemene Synode der Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika

https://www.Kerkargief.co.za/doks/acta/WK_Notule_1824.pdf besoek op 20 Februarie 2024

Handelingen van der sevendende vergadering van de Algemene Synode der Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika

https://www.Kerkargief.co.za/doks/acta/WK_Notule_1847.pdf besoek op 10 Maart 2024

Handelingen van der negende vergadering van de Algemene Synode der Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika

https://www.Kerkargief.co.za/doks/acta/WK_Notule_1857.pdf besoek op 10 Maart 2024

Handelingen van der tiende vergadering van de Algemene Synode der Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika

https://www.Kerkargief.co.za/doks/acta/WK_Notule_1862.pdf besoek op 15 Maart 2024

Handelingen der Kerkvergadering van de Nederduitsch Gereformeerde Kerk der Zuid -Afrikaanse Republiek,

https://www.Kerkargief.co.za/doks/acta/TVL_Notule_1866.pdf besoek op 10 Mei 2024

Heyns, J.A .1981. *Dogmatiek*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Kleynhans, E.P.J. 1973. *Die Kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1795-1962. 'n Kerkhistories-Kerkregtelike studie*. Ongepubliseerde proefskrif Universiteit van Stellenbosch.

Kleynhans, E.P.J. 1985. *Gereformeerde Kerkreg Deel 3*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal

Koffeman, L.J. 2009. *Het goed recht van de Kerk*. Kampen: KOK.

Koinonia sinode <https://koinoniasinode.org.za/> besoek op 10 April 2024

NG Kerk 2019. Agenda van die Algemene Sinode. Sl.sn.

NG Kerk 2023. Agenda van die Algemene Sinode. Sl.sn.

NG Kerk. 2019. Kerkorde.Sl.sn.

NG Kerk in Namibië. 2023. Brief van Moderamen. 8 November.Sl.sn.

Noordelike sinode van die NG Kerk. 2021. Nuusbrieff: Verskil . 30 Maart 2012.Sl.sn.

Oostelike sinode van die NG Kerk, 2021. Notule. Sl.sn.

Porter, W. 1886. *The Porter Speeches*. Cape Town: Trustees Estate Saul Solomon.

Van der Watt, P.B. 1973. *Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1862-1962*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Van der Watt, P.B. 1976. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Van der Watt, P.B. 1977. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1834-1866*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Van der Schyff, H.J. 2011. Brief: 6 Desember 2011. Persoonlike korrespondensie van outeur.

7. WAT IS HISTORIESE TEOLOGIE?

Wim Dreyer⁸⁶

7.1. Inleidend

Die Suid-Afrikaanse Werkgemeenskap vir Historiese Teologie (WHT) het op 6 November 2024 gekonstitueer. Die stigtingsvergadering het plaasgevind tydens die 200-jarige herdenking van die eerste Algemene Kerkvergadering wat in 1824 in Kaapstad sitting geneem het. Tydens die stigtingsvergadering is proff. WA Dreyer en J van der Merwe, asook dr. A Janse van Rensburg en C Pretorius as bestuur verkies. Die doel van die WHT is om navorsing en onderrig op die terrein van Historiese Teologie te bevorder.

In Suid-Afrika het die term 'Historiese Teologie' nog nie wyd inslag gevind nie, behalwe aan die Universiteit van Pretoria. Hierdie bydrae gee 'n kort oorsig van resente gebeure ten opsigte van Kerkgeskiedenis en Historiese Teologie, en poog om die inhoud en struktuur van Historiese Teologie nader te omskryf.

7.2. Historiese oorsig

Kerkgeskiedenis is sedert die vroegste jare van teologiese opleiding in Suid-Afrika as 'n belangrike vakgebied beskou, en het permanensie verkry met die vestiging van Kerkgeskiedenis en Kerkreg in selfstandige departemente aan verskeie teologiese fakulteite. Vir baie dekades was Kerkgeskiedenis en Kerkreg 'n vanselfsprekende deel van die teologiese kurrikulum. Die vakgebied het in die laaste vier dekades toenemend onder druk gekom, sodat geen Suid-Afrikaanse universiteit vandag meer oor 'n 'Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg' beskik nie.

Kerkgeskiedenis en Kerkreg is opgeneem in departemente met name soos 'Departement Ekklesiologie', 'Departement Kerklike Vakke', 'Departement

⁸⁶ Prof. Wim Dreyer is tans praeses van die Suid-Afrikaanse Werkgemeenskap vir Historiese Teologie.

Geskiedenis van die Christendom' of 'Departement Sistematiese en Historiese Teologie'.

Die druk waaronder Kerkgeskiedenis en Kerkreg as teologiese dissipline verkeer, het daartoe gelei dat die getal voltydse en 'professionele' kerkhistorici in Suid-Afrika verminder het, met verreikende gevolge vir kerkhistoriese navorsing. Navorsing oor die geskiedenis van die vroeë kerk, 16de eeuse Kerkhervorming en die geskiedenis van die gereformeerde kerke in Suid-Afrika het merkbaar afgeneem. Teenswoordig oorheers die postkoloniale diskoers akademiese konferensies, met die gevolg dat belangrike onderafdelings van kerkhistoriese navorsing verwaarloos word.

Daar is verskeie redes waarom Kerkgeskiedenis en Kerkreg onder druk gekom het:

- Eerstens is die kwaliteit van Afrikaanse kerkgeskiedskrywing onder verdenking geplaas (Van Jaarsveld s.j.; Denis 1997:84-93). Die grootste kritiek van historici op kerkgeskiedskrywing is die gebruik van bronne om 'n vooropgestelde uitkoms te bereik. Kerkhistorici is daarvan verdink dat bronne selektief aangewend word om 'n bepaalde ideologie of die belange van 'n kerk te bevorder. Daarnaas is kerkhistorici daarvan beskuldig dat te min aandag gegee word aan die algemene bronne en die breër sosio-politieke en ekonomiese konteks van Suid-Afrika. Kerkgeskiedenis is geskryf vanuit die perspektief van spesifieke Afrikaanse kerke, met min aandag aan ander kerke en groeperinge in Suid-Afrika. Met die opkoms van die postkoloniale diskoers is die Eurosentriese benadering tot Kerkgeskiedenis aan omvattende kritiek onderwerp.
- Tweedens is sommige Kerkhistorici daarvan beskuldig dat hulle apartheid teologies en histories regverdig het (sien Botha 1986; Dreyer 2013a; Hofmeyr, Lombaard & Maritz 2001; Van der Merwe & Oelofse 2011; Wolff 2006).
- Derdens het al die teologiese fakulteite en opleidingsinstansies in Suid-Afrika veelkerklik geword. Die vraag is doodeenvoudig: Watter kerk se geskiedenis moet deel wees van die kurrikulum?
- Vierdens was al die teologiese fakulteite in Suid-Afrika onder druk om te rasionaliseer, en departemente saam te voeg.

As illustrasie van hierdie tendens kan die gebeure aan die Fakulteit Teologie by die Universiteit van Pretoria as voorbeeld dien. In 2000, nadat Afdeling A (Hervormde Kerk) en Afdeling B (NG Kerk) tot een Fakulteit saamgesmelt het, het Kerkgeskiedenis en Kerkreg 'n paar maer jare beleef. Na die samesmelting van die Fakulteit het uit 'n totaal van 21 dosente slegs een kerkhistorikus oorgebly, te wete prof. J.W. Hofmeyr namens die NG Kerk (Oberholzer 2010:173).

Die rasionalisasie van poste het veral vir Kerkgeskiedenis en Kerkreg, en meer spesifiek vir die Hervormde Kerk, verreikende gevolge ingehou. Prof. S.J. Botha het op 31 Desember 1999 vervroegde emeritaat aanvaar (Oberholzer 2010:169). Die aanstelling van 'n Hervormde dosent in Kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria is telkens oor die hoof gesien, ten gunste van aanstellings in ander vakgebiede.

Die feit dat daar nie 'n voltydse Hervormde dosent in Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan die Universiteit van Pretoria aangestel is nie, was strydig met die sentiment en besluite van die Algemene Kerkvergadering. Die 65ste Algemene Kerkvergadering (1998) het besluit dat ses Hervormde dosente aan die Fakulteit Teologie moet aanbly, sodat al die tradisionele teologiese dissiplines die nodige aandag kry (sien Oberholzer 2010:167).

Tydens die 67ste AKV (2004) het 'n beskrywingspunt gedien dat die Hervormde Kerk uit eie fondse vir die kostes vir 'n dosent in Kerkgeskiedenis en Kerkreg begroot, maar tydens die bespreking het prof. J. Buitendag uit die voorsitterstoel, en as adjunk-dekaan van die Fakulteit Teologie, die AKV ingelig dat die Fakulteit nie die aanstelling van nog 'n dosent in Kerkgeskiedenis oorweeg nie. Dit het verband gehou met die toetrede van die Presbiteriaanse Kerk tot die Fakulteit, en die aanstelling van prof. G Duncan in die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg.

Vir meer as 'n dekade was daar geen voltydse Hervormde dosent in Kerkgeskiedenis en Kerkreg nie, en het dr. WA Dreyer, BJ van Wyk en JP Labuschagne deeltids en op beperkte wyse enkele lesings in Kerkgeskiedenis en Kerkreg behartig. Dr. WA Dreyer is eers in 2013 as voltydse dosent in Kerkgeskiedenis aangestel. Vir meer as 'n dekade het geen studente vanuit die Hervormde Kerk by UP vir doktorsale studie in

Kerkgeskiedenis of Kerkreg aangemeld nie. Daar is ook relatief min navorsing op die terrein van Kerkgeskiedenis gepubliseer.

Vanaf 2015 het rasionalisering en samesmelting van departemente van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria toenemend aandag gekry, veral onder leiding van prof Johan Buitendag as dekaan. Verskeie werkwinkels van die Fakulteit en die betrokke departemente het aandag gegee aan 'n nuwe, kontekstuele kurrikulum wat belyn moes word met die Universiteit van Pretoria se visie en missie ten opsigte van navorsing, onderrig en gemeenskapsbetrokkenheid. Met die Fakulteit Teologie se eeufees in 2017 het verskeie publikasies die lig gesien wat hiermee verband hou. Die naam van die Fakulteit is ook verander na 'Fakulteit Teologie en Religie'.

Ten opsigte van die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg is verskeie benaderings, name en wyse van herstrukturering oorweeg. Uiteindelik is besluit om 'n Departement Sistematiese en Historiese Teologie te vestig, in navolging van verskeie internasionaal bekende universiteite soos Oxford, Cambridge en Edinburgh (sien Dreyer & Pillay 2017). Dit het meegebring dat die voormalige Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg en Departement Dogmatiek en Christelike Etiek saamgesmelt het. In die proses om die nuwe departement te vestig, moes 'n nuwe kurrikulum ontwikkel word. Die nuwe kurrikulum en modules is van 2021 tot 2024 ingefaseer.

Die herstrukturering en samesmelting van die departement het vanselfsprekend 'n belangrike vraag op die tafel geplaas: Wat is 'Historiese Teologie' nou eintlik? In 'n poging om dié vraag te antwoord, is verskeie artikels in teologiese joernale gepubliseer (sien Dreyer 2015; Dreyer 2016; Dreyer 2017; Dreyer & Pillay 2017). Hieronder volg 'n verdere poging om hierdie vraag te beantwoord.

7.3. Uiteenlopende definisies

Daar bestaan min eenstemmigheid wat met 'Historiese Teologie' bedoel word. Enige teoloog wat sigself met die kerklike verlede besig hou, stuit voor die enorme verskeidenheid van benaderings tot geskiedskrywing. Die twee bande van Peter Meinhold se *Geschichte der kirchlichen*

Historiographie (1967) beslaan byna 1200 bladsye, waarin hy belangrike kerkhistorici en benaderings bespreek.

In die inleiding tot sy magistrale werk maak Meinhold (1967: 12) 'n belangrike opmerking: Dit gaan nie net om 'n belangstelling en kennis van die verlede nie, maar dit gaan ook om die toekoms. Die Christelike kerk kyk altyd terug, maar ook vorentoe. Die Heer het gekom en sal weer kom. God is die Alfa en die Omega. Dit maak kerklike geskiedskrywing anders as 'gewone' geskiedskrywing. Die kerklike verlede en toekoms is in die eerste plek 'n teologiese saak, en nie net suiwer histories van aard nie. Christene en die kerk leef in die dialektiese spanning tussen die koms en wederkoms van Christus; tussen vervulling en onvoltooidheid; tussen die alreeds en die nog nie; tussen tyd en ewigheid (Meinhold 1967:13). Daarom is kerklike geskiedskrywing onder andere eskatalogies van aard. Daarom (na my mening), is dit meer korrek om van 'Historiese Teologie' te praat as van 'Kerkgeskiedenis'. In die eerste en laaste instansie gaan dit om teologiese nadenke, nie net oor die kerklike verlede nie maar ook die hede en die toekoms. Vanuit dié perspektief moet die kerk se geskiedenis geskryf word.

Onder invloed van die Historisme van die 19de eeu en vroeë 20ste eeu het Kerkgeskiedenis, Kerkreg, Dogmengeskiedenis en die kerklike verlede besonder baie aandag gekry. Die verskillende benaderings tot die kerklike verlede is opvallend. Meinhold bespreek in Deel II van sy publikasie hierdie verskillende benaderings (Meinhold 1967 [Deel 2]: 199-451).

Meinhold beklemtoon die geweldige invloed wat Adolf von Harnack (1851-1930) gehad het, en die wyse waarop Harnack kennis van die ontstaan en ontwikkeling van die Christendom bevorder het. Harnack staan tereg bekend as die mees invloedryke kerkhistorikus van alle tye. Hy het in 1885 die eerste deel van sy *Lehrbuch der Dogmengeschichte* gepubliseer. Die volledige werk beslaan drie dele en is dikwels herdruk. 'n Verkorte weergawe van die *Lehrbuch* het in 1889 verskyn is ook telkens herdruk, veral om as handboek vir studente te gebruik.

Harnack het ook talle ander publikasies laat verskyn, onder andere oor die uitbreiding van die vroeë Kerk en die *Apostolicum*. Sy bydrae is dus nie beperk tot Dogmengeskiedenis nie, maar sluit ook Kerkgeskiedenis, Sendinggeskiedenis, Teologieseskiedenis en die studie van die kerklike

belydenis in. Hy het ook 'n belangrike bydrae gelewer om Patristiese tekste te redigeer en te publiseer. Hy het aangetoon hoe die vroeë kerklike literatuur by die Nuwe Testament aansluit, daarom het hy ook gereeld bydraes oor die Nuwe Testament gepubliseer. Tog word hy veral onthou vir sy bydrae op die terrein van Dogmengeskiedenis.

Harnack se *Lehrbuch der Dogmengeschichte* is 'n klassieke voorbeeld van Liberale Teologie en in terme van historiografie, monumentaal. Harnack formuleer die doel en funksie van Dogmengeskiedenis as die studie van die “ontstaan en die ontwikkeling van die Christelike leer” (Harnack 1931: 3). Uiteraard kan die ontwikkeling van die dogma nie los van die kerk se historiese konteks of teologiese strominge verstaan word nie.

Harnack se publikasies het die vraag na die historisiteit van die Christelike geloof geaktualiseer. In navolging van Harnack het Dogmengeskiedenis, naas Kerkgeskiedenis, 'n prominente plek in die teologiese ensiklopedie ingeneem. Daar was egter toenemend beswaar teen die begrip ‘dogma’. In die postmoderne era word enige dogmatiese uitsprake by voorbaat met suspisie bejeën. Dit is die rede waarom min universiteite nog 'n vak soos ‘Dogmatiek’ doseer. Dit sou Harnack nie verbaas het nie, omdat hy allermins 'n ‘dogmatikus’ was. Inteendeel – hy was van mening dat historiese kritiek die Christelike geloof van dogmatisme moet bevry, sodat die evangelie nuut en vars verkondig kan word tot opbou van die kerk. Dit was juis hierdie kritiek teen die tradisionele dogmas wat hom van die kerklike owerhede van sy tyd vervreem het.

Meinhold verwys ook na ander benaderings tot die kerklike verlede, wat nie hier in besonderhede bespreek word nie. Daar kan volstaan word deur na enkele belangrike teoloë te verwys, wat elkeen 'n bepaalde benadering tot Historiese Teologie verteenwoordig.

Christian Baur (1792-1860) was dosent aan die Universiteit van Tübingen, en staan bekend as die vader van die historiese kritiek (in Bybelwetenskap). Baur is deur GWF Hegel se sintetiese verstaan van die geskiedenis beïnvloed. Baur het gevolglik die ontwikkeling van die vroeë kerk en Christendom verstaan as die sintese tussen die Joodse en Hellenistiese denke. Baur het groot invloed uitgeoefen op die wyse waarop die geskiedenis van die kerk beskryf is.

Franz Overbeck (1837-1905) was 'n Russies-Duitse Protestantse teoloog, en persoonlike vriend van Friedrich Nietzsche. Hy was van mening dat die kerklike verlede gewoon as deel van profane geskiedenis bestudeer moet word. Daarmee het hy die belang van die breër konteks en samelewing vir die verstaan van die kerklike verlede aangetoon.

Rudolph Sohm (1841-1917) was 'n regsgeleerde en Lutherse teoloog met 'n besondere belangstelling in Kerkreg. Hy het daarop gewys dat die vroegste kerk nie oor kerkordes beskik het nie. Sohm het beklemtoon dat die Jesus-beweging verval het in die legalisme van die Rooms-Katolieke Kerk. Die doel van sy historiese kritiek op die kerklike verlede was kerklike vernuwing en aktualisering.

Kenneth Scott Latourette (1884-1968) se groot belangstelling was die uitbreiding van die Christendom, veral in China, waar hy as sendeling gewerk het. As dosent verbonde aan Yale Universiteit, het hy hom beywer vir die versameling en bewaring van argiefstukke wat verband hou met sending. Kerkgeskiedenis se belangrikste funksie is om die verspreiding van die evangelie oor die hele wêreld te beskryf, dus geskiedenis van die kerk se sendingwerk (sien Latourette 1964, *A History of Christianity*). Dit vloei voort vanuit 'n bepaalde kerkbegrip: Die kerk is wesenlik missionaal en geroep om die evangelie wêreldwyd te verkondig.

Emmanuel Hirsch (1888-1972) was 'n kenner van die Duitse Idealisme, die filosofie van Kierkegaard en Luther. Aan die einde van sy lewe publiseer hy vyf volumes oor die nuwere evangeliese teologie in samehang in die Europese konteks. Ten spyte van Hirsch se sterk verbintenis met Adolf Hitler en die Nazi-regime, was hy tog invloedryk deur die klem te plaas op die geskiedenis van teologie.

Geoffrey Bromiley (1915-2009), verbonde aan die Fuller Theological Seminary, het in sy *Historical Theology* (1978) ook op teologie en teoloë in die verskillende eras in kerk se geskiedenis. Hy bespreek die teologie van invloedryke teoloë onder die opskrifte van Patristiek, Middeleeuse Teologie, Reformatoriese Teologie en Moderne Teologie. Bromiley (in navolging van Karl Barth) beskou teologie as 'n funksie en die taak van die kerk. Daarom is die teoloë wat aandag verdien nie in die eerste plek akademies nie, maar wel diegene wat hulle teologiese arbeid tot opbou van die kerk aangewend

het. Die taak van Historiese Teologie is om die kerk in leer en lewe te ondersteun. Volgens hierdie definisie staan kerklike teologie en teoloë in die sentrum van historiese navorsing. Bromiley stel dit onomwonde dat sy benadering tot die kerklike verlede 'n bepaalde keuse impliseer, omdat daar in Historiese Teologie soveel uiteenlopende benaderings moontlik is. Hy stel dit soos volg (Bromiley 1978):

An ideal Historical Theology – or even an introduction to it – lies beyond the limits of human possibility.... Writing a Historical Theology involves a venture and rests on a series of choices of aim, method, matter and approach, choices which are in some sense arbitrary and all of which are open to dispute (1978: xxi-xxix).

'n Tydgenoot van Bromiley is Wolfhart Pannenberg (1918-2014), gebore in Szczecin (Pole) waar hy buitekerklik grootgeword het. As sestienjarige het hy tot geloof gekom en teologie in Duitsland studeer. In Basel het hy onder Karl Barth studeer. Pannenberg was daarvan oortuig dat alle teologie binne 'n bepaalde historiese konteks beoefen moet word. Die wysgerige antropologie, wat toenemend invloedryk geword het, het hom daartoe gebring om die wesenlike historiesiteit van die mens te beklemtoon. Daarom is alle teologie nie net kontekstueel nie, maar ook wesenlik histories van aard. God openbaar Sigself in die geskiedenis in en deur Jesus Christus. Daarom kan ons net in historiese terme oor God praat (sien Van Huyssteen 1970:77). Een van die sentrale temas in teologie is en bly die verband tussen geloof en historiesiteit.

Nog 'n tydgenoot van Bromiley en Pannenberg, is Gerhard Ebeling (1912 – 2001), gebore in Berlyn. Hy was dosent aan die universiteite van Tübingen en Zürich. Ebeling was van mening dat Historiese Teologie diensbaar moet wees aan eksegeese, prediking, liturgie en die kerklike orde (1947:22-28). Historiese Teologie is daarom allereers 'n geskiedenis van Bybelse hermeneutiek en eksegeese. Volgens Ebeling het Historiese Teologie die verantwoordelikheid om die eksegetiese metodes van teoloë te ondersoek. In hierdie benadering word teoloë soos Origenes, Augustinus, Chrysostomos, Aquinas, Luther, Calvin, Barth (ensovoorts) aan die woord gestel, om te bepaal hoe hulle eksegetiese en hermeneutiese arbeid die kerk beïnvloed het. Sy oortuiging dat teologie ten dienste van die kerk moet wees, blyk uit die feit dat hy vir baie jare die redakteur van die tydskrif

Theologie und Kirche was. Dit is duidelik dat Ebeling se benadering tot die kerklike verlede op Teologiesgeskiedenis fokus, met individuele teoloë en hermeneutiese beginsels wat in die sentrum staan.

Die bekende Britse teoloog, Alister McGrath (gebore 1953), was vir etlike jare verbonde aan die Universiteit van Oxford, verantwoordelik vir Historiese Teologie. In sy *Historical Theology: An Introduction to the History of Christian Thought* (McGrath 2013) wys hy daarop dat die belangstelling in die kerklike verlede op 'n besondere wyse deur die Kerkhervorming van die 16de eeu bevorder is (McGrath 2013: 9). Dit is verstaanbaar, gesien die intense teologiese debat oor die legitimiteit van die reformatoriese kerke as historiese voortsetting van die Christelike kerk. Dit het belangstelling in die geskiedenis van die kerk en die ontwikkeling van die Christelike leer gevestig en bevorder. McGrath definieer Historiese Teologie soos volg:

Historical theology is the branch of theological inquiry which aims to explore the historical development of Christian doctrines and identify the factors which were influential in their formulation and adoption. Historical theology therefore has direct and close links with the disciplines of church history and systematic theology, despite differing from them both. (2013:8)

In sy *Introduction to Historical Theology* (2013) beskryf McGrath die historiese ontwikkeling van die onderskeie kerklike dogmas, asook die rol wat teoloë in dogmavorming gespeel het. Ook McGrath, as geordende predikant van die Anglikaanse Kerk, handhaaf die nou band tussen kerk, geskiedenis en teologie. Volgens McGrath is Historiese Teologie 'n krities belangrike onderdeel van die teologiese kurrikulum, omdat dit vormend (Duits: *Bildung*) inwerk op voornemende predikante. Hy beskou dit ook as 'n waardevolle hulpmiddel vir die ander teologiese dissiplines, veral Sistematiese Teologie. Dit is nogmaals opvallend dat die kerk en teoloë wat ter wille van die kerk teologie beoefen, in die sentrum staan, terwyl sy benadering tot Historiese Teologie groot ooreenkomste vertoon met die Duitse *Dogmengeschichte*.

Met bogenoemde in gedagte, kan gewaag word om ten opsigte van Historiese Teologie enkele beginsels te formuleer:

Historiese Teologie is nie blote geskiedskrywing nie. Die meta-teoretiese vraagstelling ten opsigte van die subjek, objek en metode van geskiedskrywing is belangrik, maar steeds van sekondêre belang. Dieselfde geld vir die filosofiese vrae ten opsigte van geskiedskrywing (sien Dreyer 1974). Tog hoort historiese- en filosofiese vraagstelling in 'n inleiding tot Historiese Teologie, aangesien die vraag na historisiteit, die mens as historiese wese en wat geskiedenis eintlik is, ook belangrike teologiese temas is.

Historiese Teologie is anders as gewone geskiedskrywing, omdat dit teologiese nadenke impliseer. Vanselfsprekend is noukeurige historiese navorsing, gegrond op primêre bronne, uiters belangrik. Dit gaan egter nie in die eerste plek om die historiese feite nie, maar hoe dit in verband met die Christelike geloof en die kerklike lewe gebring word. In Historiese Teologie is die kerk belangrik. Dit sluit die geskiedenis, leer en lewe van die kerk in. Dit vra ook na die wese van die kerk, en daarom is ekklesiologie 'n belangrike deel van Historiese Teologie.

Historiese Teologie is teologiese nadenke oor die kerklike verlede, hede en toekoms. Daarom staan dit in direkte verband met ander teologiese dissiplines. Historiese Teologie help om studente se historiese bewussyn en verwysingsraamwerk te ontwikkel, en daarom is dit van groot pedagogiese belang.

Historiese Teologie is kontekstuele teologie. Die kerk, teologiese opleiding en teologiese gesprek vind nie in 'n vakuum plaas nie. Die kerk se opdrag is om die evangelie in die wêreld uit te dra. Daarom is die wêreld belangrik. Dit is nie sonder rede dat Karl Barth aanbeveel het dat 'n predikant elke dag sy Bybel en die koerant moet lees nie.

7.4. Inhoud van Historiese Teologie

Op grond van die historiese oorsig en beginsels hierbo, kan die struktuur van Historiese Teologie nader omskryf word. Dit word nie in besonderhede bespreek nie, omdat elke onderafdelings van Historiese Teologie 'n eie en volledige bespreking regverdig. Historiese Teologie kan soos volg gestruktureer word:

- Inleiding tot Historiese Teologie
- Kerkgeskiedenis
- Teologiegeskiedenis
- Dogmengeskiedenis
- Sendinggeskiedenis
- Kerkreg
- Kerk en samelewing

7.5. Bronnelys

Botha, A.J., 1986, *Die evolusie van 'n volksteologie*, Universiteit van Wes-Kaapland, Kaapstad.

Bromiley, G.W., 1978, *Historical theology. An introduction*, T. & T. Clark Ltd., Edinburgh

Denis, P., 1997, 'From church history to religious history: Strengths and weaknesses of South African religious historiography', *Journal of Theology for Southern Africa* No. 99, 84–93.

Dreyer, P.S., 1974, *Inleiding tot die Filosofie van die Geskiedenis*, HAUM Uitgewers, Kaapstad-Pretoria.

Dreyer, W.A., 2013, 'Die Hervormde Kerk en apartheid', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 69(1), Art. #1944, 7 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v69i1.1944> .

Dreyer, W.A., 2015, 'Kerkgeskiedenis: 'n Herbesinning in aansluiting by Gerhard Ebeling', *Tydskrif vir Hervormde Teologie Jaargang 3/3*, bl. 59-75. [Jaargang 3, nommer 3.indd](#)

Dreyer, W.A., 2016, 'Historiese teologie in 'n veranderende konteks', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 72(3), a3208. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v72i3.3208>

Dreyer, W.A., 2017, 'Teaching Historical Theology at the University of Pretoria – Some introductory remarks', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 73(4), a4596. <https://doi.org/10.4102/hts.v73i4.4596>

Dreyer, W.A. & Pillay, J., 2017, 'Historical Theology: Content, methodology and relevance', in 'Theology at the University of Pretoria - 100 years: (1917-2017) Past, present and future', *Verbum et Ecclesia*, suppl. 2, 38(4), a1680. <https://doi.org/10.4102/ve.v38i4.1680>

Ebeling, G., 1947, *Kirchengeschichte als Geschichte der Auslegung der Heiligen Schrift*, Verlag von J.C.B. Mohr (Paul Siebeck), Tübingen.

Hofmeyr, J.W., Lombaard, C.J.S. & Maritz (eds.), 2001, *1948 plus 50 years: Theology, apartheid and the church – Past, present and future*, IMER Publishers, Pretoria.

Latourette, K.S., 1964, *A History of Christianity*, Eyre and Spottingswoode Limited, London.

McGrath, A.E., 2013, *Historical theology*, 2nd Edition, Blackwell Publishers, Oxford.

Meinhold, P., 1967, '*Geschichte der kirchlichen Historiographie*', Freiburg/München, Verlag Karl Aber.

Oberholzer, J.P., 2010, 'Terug by een ekumeniese fakulteit 1998–2009', in 'Honderd Jaar Kerk en Teologiese Opleiding: 'n Kroniek van die Hervormde

Kerk', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, suppl. 9, 66(3), Art. #110, 31 pages. DOI:104102/hts.v66i3.110

Van der Merwe, B. & Oelofse, M., 2011, 'Teologiese twis rondom sinodale koersveranderinge in die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1982–1990', *Historia* 56 (2), 154–168, at http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S0018-229X2011000200009&lng=en&nrm=iso

Van Huyssteen, J.W.V., 1970, *Teologie van die rede. Die funksie van die rasonale in die denke van Wolfhart Pannenberg*, J.H. Kok N.V., Kampen.

Van Jaarsveld, F.A., s.j., '*Van Apologetiek en Objektiviteit in ons Kerkgeskiedskrywing*', Elsie'srivier, Nasionale Handelsdrukkery Beperk.

Von Harnack, A., 1931, *'Dogmengeschichte'*, Siebente Auflage, Tübingen, J.C.B. Mohr (Paul Siebeck).

Wolff, E., 2006, 'Anatomie van 'n teologiese ideologie: Die Hervormde Kerk se steun aan die Apartheid ideologie', *Historia* 51(1), p. 141-162.